

Kopiereg © Gepubliseerde uitgawe AfriForum
Kopiereg © Ilze Nieuwoudt, AfriForum

Eerste uitgawe, 2023 AfriForum

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer of outeur gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skryf- of bandopname, mikroverfilming of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Geset in Bembo 11 oor 15pt
Omslagontwerp: Philip Robinson
Uitleg: Talia du Plessis
Teksredaksie: George F. de Bruin
Proeflees: Anine Vorster
Gedruk en gebind deur: BusinessPrint, Silverton, Pretoria
ISBN: 978-1-990915-19-2

Uitgegee deur:
AfriForum (deel van die Solidariteit Beweging),
Unionlaan 58, Kloofsig, Centurion
Posbus 11760, CENTURION, 0046

Bydraes deur:
Erika Spaeth
Bruno Krusche

Alle redelike pogings is aangewend om toestemming vir die gebruik van foto's en ander grafika te bekom. Kontak die outeur met enige navrae.

INHOUD

1 Hoofstuk 1: Verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare - 'n afbakening vir hierdie boek

- 1 'n Studie van twee kultuurgemeenskappe: Afrikaners en Hongare
- 1 Die begrippe *Afrikaner* en *Boer*
- 3 Die begrip *Hongaar*
- 5 1652: 'n Logiese begin
- 6 'n Studie van lande én kultuurgemeenskappe

9 Hoofstuk 2: Hoofmomente in die Hongaarse en Afrikanergeskiedenis

- 9 **Hoofmomente in die Hongaarse geskiedenis**
- 10 Die legende van die towertakbok en die ontstaan van Hongarye
- 13 Hoofmomente in die Hongaarse geskiedenis sedert 1526
- 21 **Hoofmomente in die Afrikanergeskiedenis, 1652–1994**

35 Hoofstuk 3: Vroegste verhoudinge

- 36 **Hongaarse stamouers in Suid-Afrika**
- 40 Die “Paardekraal-gelofte”

44 Hoofstuk 4: Verhoudinge in aanloop tot, tydens en kort ná die Anglo-Boereoorlog

- 45 'n Transvaals-Hongaarse dorp
- 49 **Uitlanders**
- 51 **Uiteenlopende standpunte oor die Anglo-Boereoorlog: Jan Publiek en die elite**
- 51 Die Oostenryk-Hongaarse elite en die Anglo-Boereoorlog
- 54 Die Hongaarse publiek tydens die Anglo-Boereoorlog
- 55 **NZASM-personeel: Deportasie veroorsaak woede in Oostenryk-Hongarye**
- 56 'n Perd van 'n ander kleur: Hongarye se verkoop van perde vir die Britse oorlogspoging en ander handelstransaksies
- 59 **Hongaarse mediadekking van die Anglo-Boereoorlog**
- 62 **Paul Kruger, Lajos Kossuth en István Széchenyi: 'n Vergelyking van drie vryheidsleiers**
- 65 **Hongare neem die wapen op tydens die Anglo-Boereoorlog**
- 68 Albert Theophilus Duka
- 69 Albert Wass
- 70 Tibor Péchy
- 71 **Na-oorlogse belangstelling in die Anglo-Boereoorlog**

- 73 **Persone van belang teen die vroeë 1900's**
73 Hongare wat in die vroeë 20ste eeu in Suid-Afrika gewoon het
76 Alwin Karl Haagner: Die ornitoloog en die Hongaarse witooievaars
- 78 Hoofstuk 5: Verhoudinge van 1910 tot ná die Tweede Wêreldoorlog**
78 **Hongare in Suid-Afrika, 1910–1951**
79 **Suid-Afrika, Hongarye en die Eerste Wêreldoorlog**
79 Die stryd in Oos-Afrika
80 Hongaarse geïnterneerdes in Natal
81 Jan Smuts se besoek aan Hongarye
85 **Die Hongaarse Vereniging van Johannesburg**
86 **Hongarye, Suid-Afrika en die Tweede Wêreldoorlog**
- 87 Hoofstuk 6: Verhoudinge sedert die 1950's**
87 **Hongarye: Steun aan Suid-Afrikaanse organisasies gedurende apartheid**
90 **Ontnugtering: Suid-Afrikaanse kommuniste in die kommunistiese Hongarye**
93 **1956: Die Hongaarse Revolusie**
94 Hongare vlug ook na Suid-Afrika
98 Teenkanting teen Suid-Afrika se steun aan Hongarye
100 **Suid-Afrika en Hongarye: Verhoudinge tydens en kort ná die einde van die Koue Oorlog en apartheid**
102 Handelsverhoudinge verbeter, maar eers in die geheim
103 Pik Botha se besoek agter die Ystergordyn
105 Pik en die Hongaarse kunstenaar
106 **Nelson Mandela-park in Boedapest**
107 **Hedendaagse verhoudinge**
107 Handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Hongarye
107 Verhoudinge ten opsigte van onderwys
107 Kulturele verhoudinge
108 Diplomatieke verhoudinge
108 Hongaarse diaspora in Suid-Afrika en die Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging
112 **Hongare en Afrikaners: Die verhaal van twee minderheidsgroepe**
114 Die Hongaarse minderheid in Roemenië
116 Die onderdrukking van Afrikaans in Suid-Afrika
- 120 Hoofstuk 7: Enkele bekende Suid-Afrikaanse Hongare**
- 129 Hoofstuk 8: Gevolgtrekking**

Afkortings en akronieme wat in hierdie boek gebruik word

ANC	African National Congress
ANV	Algemeen Nederlandsch Verbond
EU	Europese Unie
FRELIMO	Frente de Libertação de Moçambique
HASA	Hungarian Alliance of South Africa
HOB	Hongaarse Ornitologiese Buro
HSAV	Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging
IW	Instituut vir Waternavorsing
KPSA	Kommunisteparty van Suid-Afrika
MK	UmKhonto weSizwe
MPLA	Movimento Popular de Libertação de Angola
NAK	Nemzeti Agrárgazdasági Kamara
NAVO	Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie
NZASM	Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij
OVS	(Republiek van die) Oranje-Vrijstaat
PAC	Pan Africanist Congress
Saai	Suider-Afrika Agri-inisiatief
SAOU	Suid-Afrikaanse Ornitologiese Unie
SWAPO	South-West Africa People's Organization
TA	Transvaalse Artillerie
VK	Verenigde Koninkryk
VOC	Vereenigde Oost-Indische Compagnie
VSA	Verenigde State van Amerika
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

HOOFSTUK 1

Verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare – 'n afbakening vir hierdie boek

Die betrekkinge tussen Afrikaners en Hongare is 'n relatief onbekende onderwerp en 'n kwessie waaroor daar dikwels nie uit die staanspoor werklik bekende en toonaangewende gebeure of selfs rolspelers in herinnering geroep kan word nie. Sommige mag selfs beweer dat daar nog nooit enige noemenswaardige verhoudinge tussen dié twee kultuurgroepe was nie.

Hierdie ondersoek beoog om hierdie wanindruk te weerlê en te wys op die unieke gevalle waar Afrikaners en Hongare al in die verlede paaie gekruis het, bande gesmee het of selfs saam geveg het. Daar sal wel ook verwys word na gevalle waar dié gemeenskappe nie noodwendig eensgesind met mekaar was nie en botsings beleef het.

Laastens word daar ondersoek ingestel na die vriendskappe wat tans tussen dié gemeenskappe aangeknoop is en uitgebrei word.

'n Studie van twee kultuurgemeenskappe: Afrikaners en Hongare

Om die omvang van hierdie boek af te baken is daar besluit om op die verhoudinge tussen Afrikaners en etniese Hongare te fokus. Daar word egter soms ook na die verhoudinge tussen Suid-Afrika (sowel die land as die voorlopers daarvan) en Hongarye (sowel die land as die voorlopers daarvan) verwys.

Die begrippe *Afrikaner* en *Boer*

Die begrip *Afrikaner* het 'n komplekse geskiedenis, maar word tans algemeen aanvaar as 'n oorkoepelende benaming vir Afrikaanssprekende wit persone wat hulself as sodanig identifiseer.¹

Volgens die Afrikanerhistorikus Hermann Giliomee is daar sedert 1652 tot aan die begin van die 18de eeu verwys na wit mense aan die Kaap wat Nederlands of 'n vroeë vorm van Afrikaans gepraat het as *burger*, *Christen*, *Hollander* en *Boer*.² In haar studie oor Afrikaners in die politieke bedeling wat in 1994 in Suid-Afrika

ingestel is, skryf die politieke wetenskaplike Rebecca Davies dat dit problematies is om 'n enkele definisie vir die begrip in te stel of toe te pas. Sy bied drie moontlike definisies vir die begrip *Afrikaner* aan:³

1. enige persoon wat 'n moedertaalspreker van Afrikaans is
2. almal wat wit en 'n moedertaalspreker van Afrikaans is
3. iemand wat self as 'n Afrikaner en lid van 'n bepaalde groep identifiseer ooreenkomstig die kulturele homogeniteit van die groep (veral ten opsigte van die gebruik van Afrikaans as taal) en wat 'n selfbewussyn het dat dié groep 'n politieke minderheid in Suid-Afrika is.

In 1977 het prof. J.H. Coetzee van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys in 'n lesing getiteld “Die Afrikaner: Definisie en konsep” benadruk dat die soeke na 'n “tipiese Afrikaner” 'n wetenskaplike dwaling is:⁴

Die eenheid van 'n volk lê allereers begrepe in die selfidentifikasie van die lede daarvan met hulle bepaalde volk en deels in die algemene patroon van die volkskultuur waarin die gemeenskaplike taal 'n oorheersende rol speel. Maar binne die volk bestaan 'n diversiteit volgens woonplek, generasies, geloof, beroepe, klasse, ensovoorts. Die Afrikaner het ondanks die geloof dat dit 'n monolitiese eenheid is, deur die loop van sy geskiedenis sy trekkers en sy tuisblyers gehad; sy voorlopers en sy agterna-kommers; sy avonturiers en bestendiges; sy jukskeibrekers en sy konformiste; sy hensoppers en sy bittereinders; sy lafaards en sy helde; sy verligtes en verkramptes; sy Doppers en Filistyne; Afrikaners met Engelse harte en Afrikanerharte (selfs enkele met Hollandse en Duitse en Franse harte).

Die voorsitter van die Solidariteit Beweging, Flip Buys, het in 2013 die eerste premier van Israel David Ben-Gurion aangehaal, wat aangevoer het dat 'n volk nie homself hoef te definieer nie aangesien “elkeen [mos] weet [...] of hy deel is of nie”.⁵ Volgens Buys is hierdie “oop” – oftewel subjektiewe – metode vir die bepaling van groeplidmaatskap tans die aanvaarde gebruik. Dus kan mense self besluit of hulle lid van 'n bepaalde groep is.

Hoewel selfdefinisie beskou word as die ideale metode ten opsigte van groeplidmaatskap, is die identiteite van die historiese persone oor wie hier geskryf word nie noodwendig voor die hand liggend nie en daar moet op 'n subjektiewer grondslag oor die persoon se groeplidmaatskap besluit word. Hier moet dus noodgedwonge teruggeval word op die waarneembare eienskappe van persone se identiteite om hul lidmaatskap tot die Afrikanerkultuurgemeenskap te bepaal,

naamlik taal (Afrikaanssprekend) en afkoms (Europese afkoms).

In hierdie boek word daar in enkele gevalle ook na *Boere* verwys. Dit sluit nou aan by Giliomee se ontleding wat reeds hierbo gegee is, en die definisie daarvan stem grootliks ooreen met dié van *Afrikaner*.

Volgens Giliomee het burgers aan die Kaap in die 1770's en 1780's toenemend die term *Afrikanders* gebruik om na hulself te verwys. Sommige kenners meen ook dat die term *Afrikanders* in daardie stadium veral begin gebruik is om na stedelinge te verwys, terwyl die term *Boere* verwys het na mense van Europese afkoms wat op die platteland gewoon het.⁶ Die term *Boer* (lid van 'n spesifieke kultuurgemeenskap) het uit die woord *boer* (met betekenis 'landbouer') ontstaan en was veral in die tyd van die Boererepublieke 'n belangrike benaming vir 'n lid van dié betrokke kultuurgemeenskap. In sekere gevalle is die woord *Boer* ook neerhalend en as 'n skeldnaam gebruik, maar dit word tog steeds algemeen as 'n volksnaam gebruik en aanvaar.⁷

Die begrip *Hongaar*

In sy boek *National identity* omskryf die Britse historiese sosioloog Anthony D. Smith die volgende ses kenmerke waaroor 'n etniese gemeenskap moet beskik:⁸

1. 'n kollektiewe eienaam
2. 'n mite van 'n gemeenskaplike voorgeslag of afkoms
3. 'n gedeelde historiese geheue
4. minstens een element van gedeelde kultuur wat dit onderskei van ander kulture
5. verbintenis aan 'n spesifieke "tuisland"
6. samehorigheidsgevoel onder 'n beduidende deel van die bevolking

Die benaming *etniese Hongaar* moet dus voldoen aan die bogenoemde eienskappe. Hoewel geensins 'n volledige beskrywing van etniese Hongare nie, bied die onderstaande 'n oorsig in die definiëring van Hongare as 'n etniese groep wat in hierdie boek as vertrekpunt gebruik word:

1. Hongare (ook bekend as Magjare), beskik oor 'n gedeelde afkoms en het in die tiende eeu uit sentraal Asië beweeg en hulle in Europa gevestig.
2. Hongare beskik oor 'n ryke gedeelde geskiedenis (dié saak word veral in hoofstuk 2 aangeraak).
3. Een van die kenmerkendste eienskappe van die Hongaarse kultuur is waarskynlik die Hongaarse taal. Hongaars behoort tot die Oegriese vertakking van die Fins-Oegriese taalgroep in die Oeraliese taalfamilie

(sien die grafiese uiteensetting van die Indo-Europese taalfamilie hier onder) en is na raming sowat 3 000 jaar oud. Hoewel die taal deur die eeue drasties verander en gegroei het, het Hongaars soos wat dit vandag gepraat word teen ongeveer die 1770's (in die sogenaamde Moderne Hongaarse Era) vorm aangeneem.⁹

4. Die groep se verbintenis aan 'n eie geografiese gebied, in die vorm van Hongarye, is ook algemeen bekend. Hoewel die gebied se grense deur die jare talle veranderinge ondergaan het, en nie alle etniese Hongare in Hongarye woon nie (en 'n beduidende getal Hongare tans as minderhede in omliggende state woon), is die verbintenis met Hongarye steeds belangrik.
5. Laastens is die samehörigheid onder lede van die groep ook van belang. In die Hongaarse geskiedenis is daar verskeie voorbeelde van mense wat samehörigheid openbaar het.



'n Grafiese uiteensetting van die Indo-Europese taalfamilie. Let op die Oeraliese taalfamilie waarvan Hongaars deel is.

1652: 'n Logiese begin

Hongare beskik oor 'n komplekse en ryke geskiedenis wat oor etlike eeue strek. Daarenteen is Afrikaners as 'n kultuurgemeenskap nog betreklik jonk, en hoewel die groep se herkoms in Europa nie ontken mag word nie, is 1652 as die logiese vertrekpunt van hierdie boek vasgestel. Die skrywer poog derhalwe om verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare sedert Afrikaners se volksplanting aan die Kaap in 1652 tot 2023 te dokumenteer.



'n Uitsig oor die Hongaarse stede Pest en Boeda, soos wat dit in die vroeë 1600's gelyk het



Die VOC se vestiging van 'n verversingstasie aan die Kaap het die begin van Afrikanervolksplanting aan die suidpunt van Afrika ingelui. Dié tekening van die Kaap – met Tafelberg op die agtergrond – dateer vermoedelik uit die 17de of vroeë 18de eeu.

'n Studie van lande én kultuurgemeenskappe

Soos reeds genoem, is die doel van hierdie boek hoofsaaklik om die verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare as kultuurgemeenskappe te ondersoek. In sekere gevalle is dit wel noodsaaklik om ook die verhoudinge na te gaan wat tussen die onderskeie regerings bestaan het.

Weens die dinamiese aard van die politiek is grense verskuifbaar en in die studie van twee huidige soewereine republieke bied die historiese afbakening van streke wat in die afgelope meer as 300 jaar telkens drastiese politieke omwentelings beleef het bepaalde uitdagings. Dit is veral waar vir Hongarye, wat selfs net sedert die tyd van die Oostenryk-Hongaarse Ryk (1867–1918) verskeie aanpassings van sy grense beleef het.

Hongarye het byvoorbeeld na afloop van die Eerste Wêreldoorlog met die ondertekening van die Verdrag van Trianon (een van verskeie vredesverdrae by Versailles wat dié oorlog formeel tot 'n einde gebring het) 'n totale gedaanteverandering ondergaan. Dié verdrag, wat in 1920 onderteken is, het daartoe gelei dat Hongarye 71% van sy grondgebied en 64% van sy bevolking moes afstaan,¹⁰ soos wat daar in die figuur op bl. 7 aangedui word.

Dit word vandag steeds as 'n “oop wond” in die Hongaarse geskiedenis beskou en die gevolge daarvan is steeds tasbaar, met meer as 2 miljoen etniese Hongare wat teen 2020 nog buite die landsgrense van die hedendaagse Hongarye in die huidige buurlande gewoon het.¹¹ Sommige bronne reken die aantal etniese Hongare in die buurlande kan tot soveel as 2,5 miljoen in getal wees.¹² Volgens die tydskrif *Hungarian Conservative* het daar teen 2022 sowat 1,2 miljoen etniese Hongare in Roemenië gebly, terwyl 'n bykomende 500 000 in Slowakye, 250 000 in Serwië en 150 000 in Oekraïne woon.¹³ (Sien “Hongare en Afrikaners: Die verhaal van twee minderheids-groepe” op bl. 112 vir meer inligting oor die huidige buitelandse Hongaarse gemeenskappe.)

Dit is dus te verstane dat 'n studie oor die verhoudinge tussen Hongarye/Hongare en Suid-Afrika/Afrikaners nie bloot op huidige geografiese maatstawwe gegrond kan word nie. Eenvoudig gestel: Nie alle Hongare woon in Hongarye nie. Net so woon nie alle Afrikaners in Suid-Afrika nie.

In gevalle waar dit duidelik is dat die bande tussen die onderskeie regerings gesmee is, eerder as tussen Afrikaners en Hongare spesifiek, word dit in hierdie boek uitgelig. Dié benadering is veral van waarde wanneer daar gekyk word na Britse heerskappy in die nuwe Britse kolonies van Transvaal en die Oranjerivierkolonie na afloop van die Anglo-Boereoorlog. Weer eens is dit noodsaaklik om te noem,



Die verlies aan Hongaarse grondgebied ná die Verdrag van Trianon in 1920

aangesien Afrikaners maar ’n betreklik kort tydperk werklik die meerderheid in die Suid-Afrikaanse regering gevorm het en verhoudinge wat dus bestaan het nie noodwendig (in die geval van die onderskeie regerings) betrekking het op verhoudinge tussen die Hongaarse en Afrikanergemeenskappe nie.

Die geskiedenis van Hongarye word, soos dié van Afrikaners, gekenmerk deur ’n stryd om vryheid. Historici bestempel selfs die afgelope vier eeue van Hongaarse geskiedenis as niks meer as 400 jaar van stryd om onafhanklikheid nie.¹⁴ Die Suid-Afrikaanse historikus Leopold Scholtz sluit nou daarby aan wanneer hy skryf oor die Afrikaners se verlede:¹⁵ “’n Sentrale tema regdeur die Afrikaners se geskiedenis [...] is die kwessie van oorlewing.”

In 1949 het D.F. Malan al oor Afrikaners se strewe om oorlewing gesê:¹⁶

Die Afrikaners behoort tot ’n klein nasie in wie die jeugdige bewussyn van sy mag pas wakker geword het. Hy kyk gretig na die toekoms. As hy van die toneel sou verdwyn, wie sal voortgaan om sy lewenswyse en sy kultuur voort te sit? Kan dit dan moeilik wees om te verstaan dat vir die Afrikaners die kwessie van oorlewing ’n onweerstaanbare noodsaaklikheid geword het, ’n ware obsessie?

Meer as 70 jaar later kom Afrikaners voor dieselfde kwessie te staan – ons oorlewing het ’n noodsaaklikheid geword.

Die oorlewing van nóg 'n gemeenskap, weliswaar nie so klein in getal soos die Afrikaners nie, op 'n ander kontinent en met 'n ander taal is egter nie so ver verwyderd van dié van Afrikaners aan die suidpunt van Afrika nie.

In 1959 word Géza Ottlik, een van Hongarye se grootste skrywers, se boek *Iskola a határon* die eerste keer gepubliseer. Dit is later ook in Engels vertaal as *School at the frontier*. Ten spyte daarvan dat Ottlik se grootste werk verskyn het kort ná die bloedige Hongaarse revolusie van 1956 en in 'n tydperk van “algehele duisternis en hopeloosheid in Hongarye”,¹⁷ bevat dit verwysings na Hongare se diepe wil om te oorleef. Ottlik skryf soos volg oor die Hongare se herdenking van hul nederlaag tydens die Slag van Mohács, wat in 1526 teen die Ottomane plaasgevind het:¹⁸

We had grown used [...] to celebrating the lost battles we had survived. Perhaps we had also grown used to seeing defeat as being of some richer, denser stuff than victory.

Kan ons hieruit aflei dat die Hongare ook deur hul nederlae geleer het om die goeie uit die verlede te neem en daarop voort te bou soos wat die Afrikanerleier Paul Kruger Afrikaners in 1904 op die hart gedruk het om te doen?

Balázs Orbán, 'n Hongaarse politieke wetenskaplike en politieke direkteur vir die eerste minister, meen Ottlik se woorde dui op Hongare se “diepgaande veerkragtigheid” en uithouvermoë.¹⁹

Afrikaners het, soos Hongare, deur die loop van die geskiedenis intieme kennis van nederlae opgedoen. Daar is telkens raakpunte in die geskiedenis te bespeur waar dié twee skynbaar uiteenlopende gemeenskappe gedeelde ervarings van onderdrukking en 'n stryd om oorlewing gehad het. Daar is gevalle waar die een lesse uit die ander se stryd geleer het en waar die een die ander in sy donkerste uur bygestaan het.

Hierdie boek is 'n poging om die gedeelde ervarings van en raakpunte tussen twee gemeenskappe, sowat 8 000 km verwyderd van mekaar, te ondersoek.

HOOFSTUK 2

Hoofmomente in die Hongaarse en Afrikanergeskiedenis

Hierdie boek is afgebaken om die periode vanaf die Afrikanervolksplanting in Suid-Afrika tot die hede te ondersoek.

In die artikel “International relations and the study of history” verduidelik Constantinos Koliopoulos, ’n dosent in internasionale politiek aan die Panteion-universiteit in Athene, dat internasionale verhoudinge en geskiedenis onlosmaaklik aaneengeskakel is.¹ Hoewel die twee velde besliste skeidslyne het, meen Koliopoulos dat ’n kennis van geskiedenis verskeie voordele in die studie van internasionale verhoudinge bied:

1. Geskiedenis bied bronne met bruikbare voorbeelde van internasionale verhoudinge.
2. Dit bied aan navorsers ’n geleentheid om teoretiese kennis van internasionale verhoudinge mee op te skerp.
3. Dit skep historiese bewussyn waardeur ’n begrip van die historiese konteks van ’n gemeenskap ontwikkel kan word en waardeur ’n ingeligte oordeel oor sake gevorm kan word.

In die lig van die bogenoemde – en veral met die fokus op die derde punt in Koliopoulos se uiteensetting – is die volgende belangrikste gebeure in die Hongaarse en Suid-Afrikaanse geskiedenis van belang vir die studie van verhoudinge tussen Suid-Afrika en Hongarye. Daar sal dan in die res van hierdie boek veral op verskeie historiese gebeure en die interaksies tussen die twee groepe in aanloop tot en tydens dié gebeure gefokus word.

Hoofmomente in die Hongaarse geskiedenis

Aangesien die fokus van hierdie boek die tydperk vanaf volksplanting in Suid-Afrika is, word daar in dié oorsig van die Hongaarse geskiedenis veral ook op dié tydperk en enkele belangrike gebeure kort voor 1652 gefokus. ’n Voëlvlug oor die geskiedenis van Hongarye sal egter onvolledig wees indien daar nie ook na dié gemeenskap se ontstaan en vroeë bestaan verwys word nie.

Die legende van die towertakbok en die ontstaan van Hongarye

Die legende oor die ontstaan van die Hongaarse nasie, die *csodaszarvas* (Afrikaans: *towertakbok* of *die legende van die wondertakbok*), is vir die eerste keer in die 12de eeu n.C. opgeteken. Dit is een van die oudste legendes in die Hongaarse geskiedenis.² In dié verhaal het koning Nimrod se twee seuns, Hunor en Magor, saam met 200 soldate gaan jag toe hulle 'n wit takbok teëkom. Dit het gelyk asof die bok se silwerwit pels van maanlig gemaak is, en sy horings van 'n duisend sprankelende sterre. Die jagters het die magiese bok sewe dae lank oor berge en dale gevolg soos wat die dier hulle weswaarts gelei het. Op die sewende dag het die bok in 'n poel gespring en vir ewig verdwyn. Die bok het Hunor, Magor en die 200 soldate na die allermooiste landskap gelei. Hier het hulle die twee pragtige dogters van koning Dul gesien. Hunor en Magor het dadelik op hulle verlief geraak en met hulle getrou. Die 200 soldate het met 200 meisies van dié nuwe land getrou en hulle hier gevestig. Die nageslag van Hunor het as die Hunne bekendgestaan, terwyl Magor die stamvader van die Magjare – oftewel die Hongare – geword het.³



'n 19de eeuse skets deur die Hongaarse kunstenaar Mór Than wat die mitiese Hunor en Magor uitbeeld

Dié volkslegende is deur generasies heen oorvertel en het ’n belangrike rol gespeel in die vestiging van ’n Hongaarse ontstaansverhaal (hoewel dit nie histories akkuraat is nie). Meer akkurate tydgenootlike inligting oor die Hongare se vestiging in die hedendaagse Hongarye toon dat die sewe stamme van die Magjare hulle teen 895 n.C. in die gebied gevestig het.⁴ Dié vestiging in die gebied wes van die Karpatiese Gebergte het gekom ná eeue se geleidelike migrasie uit die ooste oor ’n afstand van tussen 5 000 km en 8 000 km.⁵



Die migrasie van die Hongare vanaf die Oeralgebergte tot wes van die Kaparte in die hedendaagse Hongarye

Die vestiging van Hongarye as ’n staat is egter te danke aan sint Stefan wat in 1000 n.C. deur die Rooms-Katolieke pous as Hongarye se eerste koning gekroon is. Hongarye is hierdeur nie net gekersten nie, maar het sigself ook met Westerse kultuur vereenselwig. Sint Stefan het uiteindelik daarin geslaag om een van die mees standvastige en modernste state in die Hoë Middeleeue (tussen 1000 en 1300 n.C.) op die been te bring.⁶ Die Hongaarse koninkryk het vir die vyf daaropvolgende eeue standvastig gebly. Gebeure soos die Mongoolse inval van 1241 onder leiding van Batu Khan het groei belemmer, maar teen die 1300’s het die sogenaamde goue era van vrede en vooruitgang vir Hongarye aangebreek. Hongarye het byvoorbeeld in daardie stadium ’n derde van Europa se goud verskaf.⁷

In die jare wat daarop gevolg het, het Hongarye sy grensgebied uitgebrei en die eerste universiteit in Hongarye, Pécs-universiteit, is in 1367 op die been gebring. Teen die einde van die 14de eeu het die koning van Hongarye oor 'n bevolking van nagenoeg drie miljoen mense geheers in 'n gebied wat van Transsilvanië in die ooste tot by die Adriatiese See in die weste gestrek het. In sy grondgebied was daar 49 stede, meer as 500 dorpe en 21 000 klein gehuggies.⁸

Die Ottomaanse Ryk het Hongarye sedert die vroeë 1400's keer op keer geteister in 'n poging om hul ryk uit te brei, maar in 1456 stuit Hongarye se militêre leier János Hunyadi die Turke se uitbreiding by Nándorfehérvár (die teenswoordige Belgrado in Serwië). Dié slag het 'n legendariese plek in die Hongare se geskiedenis ingeneem en hou ook nou verband met die gebruik om kerkklokke om 12:00 te laat lui. Die verhaal verloop so: Volgens oorlewering het pous Kalikstus III beloof om Konstantinopel (die huidige Istanbul) vir die Christene terug te wen, maar hy kon nie daarin slaag nie. Intussen het die Turke hul stormloop voortgesit en in Julie 1456 by Nándorfehérvár teen die Hongare onder leiding van Hunyadi te staan gekom. Kalikstus het, as 'n oproep tot gebed vir die Hongaarse krygers betrokke by dié slag, opdrag gegee dat die kerkklokke daaglik om 12:00 gelui moet word (benewens die klokkespel wat daaglik om 06:00 en 18:00 gebeier het). Omdat nuus van die Hongare se oorwinning talle Europese streke egter bereik het voordat Kalikstus se opdrag hulle bereik het, is dié opdrag in werking gestel as 'n viering van die Hongare se oorwinning.⁹ Die Ottomaanse inval van Hongarye is ná die oorwinning by die Slag van Nándorfehérvár (ook bekend as die Slag van Belgrado) met nagenoeg sewentig jaar uitgestel.¹⁰ Intussen word die kerkklokke in Europa steeds om 12:00 gelui.



'n Kunswerk deur Anton Bogner uit 1840 beeld die Slag van Belgrado (1456) uit.

In die 15de eeu (1458–1490) is Hongarye regeer deur Matthias Corvinus Hunyadi – later bekend as Matthias die Regverdige – wat die Italiaanse Renaissance na Hongarye gebring het. Matthias is waarskynlik die gewildste koning in die Hongaarse geskiedenis en danksy sy hervormings het Hongarye onder sy heerskappy ongekende ekonomiese voorspoed beleef.¹¹ Ná sy dood het Hongarye egter agteruitgegaan en die land is uiteindelik in 1526 deur die Turke ingeval.

Hoofmomente in die Hongaarse geskiedenis sedert 1526

1526: Die Ottomaanse weermag verslaan Hongaarse troepe tydens die Slag van Mohács (Mohács is 'n dorp nagenoeg 200 km suid van Boedapest). Dit word beskou as een van die bitterste gebeure in die Hongaarse geskiedenis en lei tot 'n 150 jaar lange tydperk van Turkse oorheersing oor die grootste deel van Hongarye.¹²



Die Slag van Mohács word beskou as een van die bitterste gebeure in die Hongaarse geskiedenis. Hierdie litografiedruk deur die litograaf Rezsó Grimm van 1857 is gebaseer op die Hongaarse kunstenaar Mór Than se kunswerk van dié slag.

1541: Buda (aan die westekant van die Donau) word deur die Ottomane ingeneem.¹³

1552: In September 1552 val nagenoeg 40 000 Ottomane die fort by Eger (in die noorde van die teenswoordige Hongarye) aan. Die ligging van die fort is gesien as 'n belangrike toegangspunt vir die Ottomane na die res van Europa. Die verdediging daarvan was dus van kritieke belang.¹⁴ Gevegte duur 39 dae lank, terwyl sowat 2 000 krygers, dorpenaars en 'n paar dosyn vroue, onder leiding

van hul aanvoerder, István Dobó, die fort met ywer verdedig.¹⁵ Op 17 Oktober gee die Ottomaanse aanvoeders opdrag dat hul weermag onttrek word. Hulle kan uiteindelik nie daarin slaag om Eger in te neem nie. Na raming word sowat 8 000 Ottomane tydens die beleg gedood, terwyl net nagenoeg 300 Hongare in die aanval sterf.¹⁶ Eger slaag daarin om Ottomaanse oorheersing tot 1596 vry te spring.¹⁷ Die Beleg van Eger het 'n belangrike simbool van Hongaarse verzet en patriotisme geword, en word vandag steeds as sodanig beskou.¹⁸



István Dobó, die Hongaarse aanvoerder tydens die Beleg van Eger



Graaf István Széchenyi, die man bekend as die grootste Hongaar

1699: Die Vrede van Karlowitz word tussen die Ottomaanse Ryk en die Heilige Alliansie (bestaande uit die Habsburgse monargie van Oostenryk, Pole, Venesië en Rusland) onderteken. Hierdeur word Transsilvanië en die grootste gedeelte van Hongarye onder Oostenryk se beheer geplaas.¹⁹

1703–1711: Hongare kom tydens die Hongaarse Vryheidsoorlog onder leiding van prins Francis Rákóczi II in opstand teen Habsburgse oorheersing.²⁰ Rákóczi

word steeds in Hongarye as nasionale held geag. Sy leuse was: “Cum Deo pro patria et libertate!” (Afrikaans: *Saam met God vir die land en vir vryheid!*).²¹ Rákóczi en sy Kuruc-soldate²² probeer om die politieke onderdrukking deur die Habsburgse Ryk teenoor die Hongaarse bevolking (soos uitermatige belastingheffing en skending van veral Protestante se regte) te bestry.²³ Teen 1711 gee Rákóczi en sy magte die stryd egter gewonne en Rákóczi gaan in ballingskap.²⁴


1830: Graaf István Széchenyi, ’n belangrike inisieerder van modernisering van Hongarye, stigter van die Hongaarse Akademie vir Wetenskap en die man later bekend as die grootste Hongaar, se boek *Hitel* (letterlik “krediet”), word bekend-gestel. In dié boek stel Széchenyi belangrike ekonomiese hervormingsmaatreëls vir die vooruitgang van Hongarye voor. Adellikes is veral ontstoke oor Széchenyi se idees en verbrand sy boek op stapels.²⁵

1848–1849: ’n Revolusie breek uit met jong intellektuele Hongare aan die voorpunt. Die groep dring in sy 12 eise onder meer aan op die hereniging van Hongarye en Transsilvanië, meer onafhanklikheid vir Hongarye en die vestiging van die Hongaarse parlement in die susterstede Pest en Boeda (die stede is later verenig tot Boedapest). Koning Ferdinand V (terselfdertyd ook keiser Ferdinand I van Oostenryk) stem tot hul eise in. Dit lei tot die vestiging van die eerste onafhanklike burgerlike konstitusionele monargie, met graaf Lajos Batthyány as eerste minister.²⁶ Die Aprilwette (soms ook bekend as die Maartwette) gee ’n sekere vlak van selfbestuur aan Hongarye, insluitende die bestuur van hul eie begroting en buitelandse beleid.²⁷ Die joernalis en politikus Lajos Kossuth tree ook in die Hongaarse vryheidstryd na vore as ’n belangrike leier vir die Hongare. (Lees in hoofstuk 4 op bl. 62 meer oor Kossuth.) Hongaarse selfbestuur is kortstondig en in Desember 1848 word Ferdinand gedwing om te abdikeer²⁸ en die nuwe keiser, Frans Josef I, verklaar die sogenaamde Aprilwette ongeldig. Dié besluit was egter ongrondwetlik en konflik tussen Hongarye en die keiser eskaleer.²⁹ Etniese minderhede in Hongarye word deur Oostenryk met beloftes van toekenning van sekere regte en onafhanklikheid oortuig om die wapen teen die Hongare op te neem.³⁰ Die Hongare behaal aanvanklik ’n mate van sukses in die oorlog,³¹ en Frans Josef I roep die hulp van die Russiese tsaar Nikolaas II in om die Hongare te oorweldig. Die Hongaarse magte kan nie teen die mag van Rusland weerstand bied nie en word oorweldig. Hulle gee uiteindelik in Augustus 1849 oor.³²



'n Kaart uit 1850 wat die twee stede van Pest en Boeda (in Duits bekend as Ofen) uitbeeld

1849–1859: Dit is die tydperk van neoabsolutisme waarin Oostenryk Hongarye in elke opsig oorheers. Die era word gekenmerk deur die onderdrukking van Hongare.³³ Dertien offisiere betrokke by die Hongaarse opstand (later bekend as die Dertien Martelaars van Arad), sowel as graaf Lajos Batthyány,³⁴ word tereggestel.³⁵ 'n Verdere 120 Hongare word tereggestel nadat hulle deur oorlogs-tribunale veroordeel is vir hul aandeel in die opstand, terwyl duisende ander tot dwangarbeid gevonniss word.



Hongarye se sogenaamde Dertien Martelaars van Arad, wat in 1849 tereggestel is

1867: Die Oostenryk-Hongaarse Kompromis van 1867 (Duits: *Ausgleich*) word tussen Oostenryk en Hongarye aangegaan. Dit is die amptelike ontstaan van die dubbele monargie³⁶ bekend as die Oostenryk-Hongaarse Ryk en die twee dele van die ryk is deur twee afsonderlike parlemente bestuur.³⁷ Frans Josef I word daardie jaar as koning van Hongarye gekroon. Hongaarse taalregte word in groot mate herstel. Hongarye ontvang hierdeur veel meer reg op selfbestuur en die monargie se mag op interne sake word grootliks beperk. Daarbenewens is dit 'n era van ekonomiese en opvoedkundige vooruitgang in Hongarye. (Intussen is die Kroatie in Hongarye ook in dieselfde tyd 'n vlak van selfbestuur in Hongarye toegeken.)³⁸

1914–1918: Oostenryk-Hongarye se troonopvolger, aartshertog Franz Ferdinand, word in Junie 1914 tydens 'n besoek aan Serwië in 'n sluipmoordaanval vermoor.³⁹ 'n Maand later val Oostenryk-Hongarye Serwië in, waarna Rusland aan die kant van Serwië en Duitsland aan die kant van Oostenryk-Hongarye by die konflik aansluit. Kort voor lank is die hele Europa in die bloedigste konflik verstrengel wat die wêreld tot nóg toe ervaar het. In 1916 sterf keiser Frans Josef I in die ouderdom van 86 jaar. Hy word opgevolg deur Karel I as keiser van Oostenryk, wat terselfdertyd ook koning Karel IV van Hongarye is. Die monargie begin



Hongaarse soldate in 1915 op die Józsefváros-stasie in Boedapest op pad na die front tydens die Eerste Wêreldoorlog

egter ernstige krake toon.⁴⁰ Die Groot Oorlog – later eers as die Eerste Wêreldoorlog bekend – lei uiteindelik tot die dood van nagenoeg 1,86 miljoen Oostenryk-Hongaarse burgers, van wie sowat 400 000 burgerlikes is.⁴¹ Hongarye alleen stuur 3,6 miljoen soldate na die oorlogsfront, van wie ongeveer 2,1 miljoen óf gewond óf gedood word.⁴² Die Oostenryk-Hongaarse Ryk kom teen die einde van die oorlog tot 'n val – en daarmee ook die Habsburg-monargie, wat altesaam vir meer as 640 jaar lank regeer het.⁴³

1918–1919: 'n Interne stryd woed in Hongarye direk na afloop van die Eerste Wêreldoorlog (tegnies gesproke tydens die wapenstilstandstydperk⁴⁴ voordat die amptelike vredesverdrae onderteken is). Eers word die onafhanklike selfstandige Republiek van Hongarye in 1918 uitgeroep, met graaf Mihály Károlyi as waarnemende president. Intussen verskyn Béla Kun met sy Hongaarse Kommunistiese Party op die toneel en teen 1919 kom gewapende botsings tussen die kommuniste en Károlyi se sosiaal-demokratiese regering dikwels voor.⁴⁵ Uiteindelik smelt die twee groepe saam en 'n proletariaatsdiktatuur⁴⁶ word uitgeroep. Die tydperk wat as die Rooi Terreur bekendstaan, begin in Hongarye.⁴⁷ Hierna volg weerwraak waartydens die Kommunistiese Party verbied word. Dié tydperk is bekend as die Wit Terreur.⁴⁸

1920: Die Verdrag van Trianon word na afloop van die Eerste Wêreldoorlog onderteken. Daardeur word Hongarye se grondgebied drasties verminder van 282 000 km² tot slegs 93 000 km². Dié verdrag lei daartoe dat nagenoeg 3,2 miljoen Hongare voortaan buite die grense van die nuwe Hongarye woon.⁴⁹

1938–1944: Hongarye word in 1940 by die Tweede Wêreldoorlog betrek met die ondertekening van 'n verdrag met Italië, Duitsland en Japan.⁵⁰ Danksy Hongarye se vriendskap met Italië en Duitsland word grondgebied, wat ingevolge die Verdrag van Trianon van Hongarye afgesny is, vanaf 1938 tot 1941 stuk vir stuk óf aan Hongarye hertoegeken óf deur Hongarye self geannekseer.⁵¹ In Junie 1941 verklaar Hongarye oorlog teen Rusland en enkele maande later, in Desember 1941, is Hongarye amptelik in 'n oorlog teen die Geallieerde Magte betrokke. In 1944 beset Duitsland Hongarye.⁵² Gedurende die oorlog word honderdduisende Hongaarse Jode na die konsentrasiekampe gedeporteer (die meeste word na Auschwitz-Birkenau in Pole gestuur). Uit die nagenoeg 825 000 Hongaarse Jode wat volgens die 1941-sensus in Hongarye gewoon het, is daar ná

die oorlog slegs sowat 255 000 oorlewendes.⁵³ In September 1944 val die sowjetmagte Hongarye binne en verdring die Nazi's.



Hongaarse Jode word in Junie 1944 van die Jodekwartier (oftewel ghetto) in Schey Fülöp-straat in Boedapest na die Szombathely-ghetto in die weste van die land geneem. Hulle is op 4 Julie daardie jaar daarvandaan weggevoer na die Nazi's se grootste konsentrasiekamp, Auschwitz-Birkenau, in die suide van Pole.

1945: Hongarye word 'n satellietstaat van die Sowjetunie en die inwerkingstelling van verskeie kommunistiese hervormings begin.⁵⁴

1947: Ingevolge die Verdrag van Parys⁵⁵ verloor Hongarye weer al die grondgebied wat dit sowel voor as tydens die oorlogsjare ingepalm het. Die samewerking tussen die Weste en die Sowjetunie kom ook tot 'n einde. Dit lui die begin van die Koue Oorlog in en Hongarye se demokratiese koalisieregering kom tot 'n einde.⁵⁶ Ekonomiese herstrukturering, grondhervorming en nasionalisering van myne, kragverskaffing en banke kenmerk dié tydperk.⁵⁷

1949: Die Kommunistiese Republiek van Hongarye kom tot stand.⁵⁸

1955: Die Warskouverdrag – 'n militêre en politieke alliansie as teenvoeter vir die Weste se Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) – word op die been gebring tussen die Sowjetunie en verskeie lande in Oos-Europa, insluitende Hongarye.⁵⁹



Die kantoor van die Hongaarse Departement van Binnelandse Sake in 1950, met die gesigte van Wladimir Lenin (links), die stigter en eerste leier van die Sowjetunie; Josef Stalin (regs), die toenmalige leier van die Sowjetunie; en Mátyás Rákosi (middel), die Hongaarse kommunistiese leier

1956: 'n Bloedige revolusie breek op 23 Oktober 1956 in Boedapest uit. Protesgangers eis vrye verkiesings, die onttrekking van sowjettroepe uit Hongarye en groter onafhanklikheid van die Sowjetunie. Die revolusie speel goue oor na die res van die land.⁶⁰ Nagenoeg 60 000 troepe word deur die Sowjetunie na Hongarye gestuur om die revolusie te onderdruk.⁶¹ Hul optrede lei tot 'n bloedbad. Sowat 2 700 mense sterf (van wie meer as die helfte jonger as 30 jaar), en nagenoeg 300 000 mense vlug na Oostenryk en Joego-Slawië.⁶² Hoewel die revolusie op kort termyn misluk, ontbloot dit tog die swakhede van die Oos-Europese kommunistiese bestel.⁶³ In die jare wat daarop volg, word sekere onderdrukkende beperkings op Hongarye tot 'n mate gelig en word 'n sogenaamde “ghoelasi-kommunisme” in werking gestel.⁶⁴ Dié vorm van kommunisme omvorm Hongarye se streng gesentraliseerde vorm van ekonomie en stel elemente van 'n vryemarkstelsel in.⁶⁵



'n Gedeelte van die Josef Stalin-standbeeld in Boedapest, wat tydens die Hongaarse Revolusie van 1956 beskadig is



Protesgangers het op 23 Oktober 1956 by die Bem József-standbeeld in Boedapest byeengekom. 'n Revolusie het hierna die res van Hongarye oorgespoel, maar is met alle mag deur die Sowjetunie onderdruk.

1989: 'n Vreedsame politieke oorsakeling vind plaas en lei op 23 Oktober 1989 tot die totstandkoming van die derde Republiek van Hongarye.⁶⁶

1990: Die eerste vrye veelpartyverkiesings sedert die Tweede Wêreldoorlog word gehou.⁶⁷ Hongarye kondig sy onttrekking uit die Warskouverdrag aan. (In 1991 word dié verdrag in geheel ontbind.)

1999: Hongarye word lid van NAVO.⁶⁸

2004: Hongarye word lid van die Europese Unie (EU).⁶⁹

Hoofmomente in die Afrikanergeskiedenis, 1652–1994

1652: Die Vereenigde Oost-Indische Compagnie (VOC), onder leiding van Jan van Riebeeck, vestig 'n verversingstasie vir handelskepe aan die Kaap. Hoewel Europese seevaarders soos Bartolomeus Dias en Vasco da Gama⁷⁰ meer as 150 jaar vantevore die eerste keer by die kus aan die suide van Afrika aangedoen het, is Van Riebeeck se koms die eerste keer dat Europeërs hulle aan die Kaap kom vestig. Die hoofdoel van die verversingstasie is om vars vleis, groente en water aan die VOC-skepe op hul roete tussen Europa en die Ooste te voorsien. Die verbouing van groente word deur die VOC-amptenare hanteer, maar vleis word deur middel van ruilhandel met die plaaslike veebesittende Khoekhoen bekom.⁷¹

Jan van Riebeeck, bevelvoerder verantwoordelik vir die vestiging van die VOC-verversingspos aan die Kaap; Van Riebeeck en sy geselskap het op 6 April 1652 in die Kaap aangekom.



Die kunstenaar Charles Bell se uitbeelding van Jan van Riebeeck se eerste ontmoeting met 'n Khoenkhoen-geselskap kort nadat die Nederlanders voet aan wal in die Kaap gesit het

1657: Die eerste nege Vryburgers verlaat die diens van die VOC en klein plase aan die oewer van die Liesbeek in die Rondebosch-omgewing word aan hulle toegeken. Vryburgers moet die voorsiening van veral tabak en groente aan die verversingspos verbeter. Tot in daardie stadium het die VOC gepoog om self alle groente te verbou om aan die plaaslike amptenare en bemanningslede op verbygaande skepe te voorsien, maar kon eenvoudig nie self aan die vraag voldoen nie.⁷² Om die Kaap meer selfonderhoudend te maak, is privaat produsente noodsaaklik.⁷³ Die Vryburgers kan gesien word as die eerste privatisering van landbou onder die Europese gemeenskap aan die Kaap.

1658: 'n Wesenlike arbeidstekort ontstaan aan die Kaap en daarom verkry

Van Riebeeck by die VOC se hoofdireksie, die Here XVII, toestemming om slawe in te voer. Die eerste slawe, afkomstig uit Angola en Guinee, kom in 1658 aan boord die *Amersfoort* en *Hasselt* na die Kaap.⁷⁴ Tot 1808, toe slawehandel beëindig word, word 'n totaal van nagenoeg 63 000 slawe uit Afrika, Madagaskar, Indië en Indonesië na die Kaap uitgevoer.⁷⁵ Slawerny aan die Kaap word vir meer as 170 jaar voortgesit totdat dit in 1834 afgeskaf word.⁷⁶

1688: Die Edik van Nantes, wat in 1598 deur die Franse koning Hendrik IV uitgevaardig is, het vir die eerste keer geloofsvryheid aan Franse Protestante gebied. Die herroeping van dié edik in 1685 deur koning Lodewyk XIV lei egter tot grootskaalse onderdrukking van Franse Protestante, wat derhalwe genoodsaak word om óf die Rooms-Katolieke geloof aan te neem, óf om te skuil, óf om te vlug.⁷⁷ Duisende Franse Hugenote vlug na onder meer Nederland. Om die vryburgerbevolking aan die Kaap te vergroot, stuur die Here XVII 'n aantal groepe Franse Hugenote na die Kaap. Die eerste groep kom in 1688 in die Kaap aan. Tussen 1688 en 1692 vestig nagenoeg 200 Hugenote hulle aan die Kaap. Die Hugenote verteenwoordig in daardie stadium sowat 23,5% van die vryburgerbevolking aan die Kaap en het 'n belangrike invloed op die kultuur en ekonomie van die Kaap.⁷⁸



Die Franse Hugenote-monument in Franschhoek, Wes-Kaap, gedenk die Hugenote wat vanaf 1688 na die Kaap gevlug het. Die monument is ryk aan simboliek.⁷⁹ Die vrouefiguur in die middel daarvan staan op 'n aardbol. Sy gooi 'n mantel van haar skouers af en hou 'n Bybel in haar regterhand, terwyl 'n gebreekte ketting in haar linkerhand hang. Dié elemente simboliseer vryheid en die Hugenote se bevryding van geloofsonderdrukking.

1707: 'n Seun van Stellenbosch, Hendrik Biebouw, verklaar dat hy 'n Afrikaner is. Dit is die eerste keer dat dié term deur 'n persoon van Europese afkoms aan die Kaap gebruik word om sy identiteit mee te beskryf. Kenners meen Biebouw het hiermee sy verbondenheid aan Afrika te kenne gegee.⁸⁰ Sy woorde (“Ik wil niet loopen, 'k ben een Africaander”) word steeds as 'n tipe leuse onder sekere hedendaagse Afrikaners beskou.⁸¹

1795: Die kortstondige Republiek van Swellendam kom in Junie 1795 tot stand en toon die Afrikaners se behoefte aan onafhanklikheid.⁸² Intussen val Frankryk Nederland in en verslaan die Oranjeparty. Dié onstuimige omstandighede kring ook uit na die Kaap, toe die Prins van Oranje uitwyk na Engeland en Brittanje versoek om die Kaap (sowel as ander Nederlandse basisse) tydelik teen Franse anneksasie te beveilig. 'n Britse vlootmag kom in Junie 1795 in die Kaap aan, maar die regering aan die Kaap weier om mag aan die Britte oor te gee. Konflikt breek in Augustus by Muizenberg aan die Kaap uit en die Britse oormag oortuig die Kaapse bestuur om die stryd gewonne te gee. 'n Verdrag van oorgawe word in September onderteken en daarmee beset Brittanje die Kaap vir die eerste keer. Die Vrede van Amiens word in 1802 tussen Brittanje, Frankryk, Spanje en die Bataafse Republiek (van Nederland) onderteken. Daarvolgens is beheer oor die Kaapkolonie aan die Nederlanders terugbesorg.⁸³



Ná die ondertekening van die Vrede van Amiens op 27 Maart 1802 is die Kaap weer in 1803 onder Nederlandse bewind geplaas, of – meer spesifiek – onder beheer van die Bataafse Republiek.

1652–1806: Tussen 1652 en 1806 vestig nagenoeg 15 000 Duitsers hulle in die Kaap. Teen 1867 is sowat 33,7% van alle Afrikaners van Duitse afkoms. Tog is daar twee eeue ná hul koms aan die Kaap nie veel tekens van bande met Duitsland oor nie. Die nageslag verhollands merendeels,⁸⁴ neem 'n nuwe identiteit in Afrika aan en word Afrikaners.

1806: Die Bataafse bestuur aan die Kaap kom tot 'n einde toe 'n Britse mag die Kaap by Blouberg aanval. Ná onderhandelinge word die verdrag van oorgawe op 18 Januarie 1806 onderteken – hiermee beset die Britte die Kaap vir die tweede keer.⁸⁵

1820: Nagenoeg 4 000 Britse Setlaars kom na Suid-Afrika en vestig hulle in onder meer Port Elizabeth (die huidige Gqeberha), Grahamstad (die huidige Makhanda) en die Albanie-distrik. Die totale burgerlike bevolking in die Kaapkolonie groei hiermee binne die bestek van 'n paar maande van nagenoeg 42 000 mense tot 46 000.⁸⁶

1834: Slawerny word afgeskaf aan die Kaap en alle slawe word vrygestel.⁸⁷




Die Britse kunstenaar Thomas Baines se uitbeelding van 'n groep Britse Setlaars wat in 1820 in Algoabaai aangeland het



'n Skildery uit 1786 deur Jan Brandes toon 'n rustige toneel op die Kaapse Vlakte. Op die voorgrond stap twee Khoenkhoen-mans, terwyl 'n vryburger en slawe met 'n ossewa en perde oor die vlakte trek. Hoewel slawehandel reeds in 1808 in die Kaap verbied is, is slawerny eers in 1834 afgeskaf.

1830's: Die Groot Trek vind plaas as 'n “georganiseerde beweging” waartydens duisende Afrikaners in die 1830's en 1840's uit die Kaapkolonie na die Suid-Afrikaanse binneland migreer “met die oogmerk om nooit weer terug te keer nie”.⁸⁸ Sowat 17 000 wit mense neem vanaf 1835 tot 1845 aan die Groot Trek deel.⁸⁹ Die eerste trekgeselskappe, naamlik die Tregardt- en Van Rensburg-trekke, verlaat die Kaap in 1835.⁹⁰



Verskeie ekonomiese, politieke en sosiale sake wat hul status en veiligheid bedreig het, het bygedra tot die besluit van duisende Afrikanerboere aan die oosgrens om vanaf die 1830's uit die Kaapkolonie pad te gee. Hierdie faktore het tot grootskaalse vervreemding van die Britse regering aan die Kaap gelei.⁹¹ Die besluit om aan die Groot Trek deel te neem was 'n gewigtige een en word treffend uitgebeeld in dié kunstwerk deur die Nederlandse kunstenaar Willem Steelink getiteld “Twee Voortrekkers voor een huis. Oom ons zal moet trek”.

1838: Die Voortrekkerleier Piet Retief, wat as “goewerneur” van die Voortrekkers dien, besluit in 1837 om hom en die ander Voortrekkers in sy groep in Natal te gaan vestig. Om vir ’n grondgebied te onderhandel besoek hy en 15 mans die Zoeloekoning Dingane. Die koning beloof grond aan die Voortrekkers in ruil vir die terugbesorging van vee wat deur die Tlokwa onder Sekonyela gesteel is. Nadat die vee aan die Zoeloes terugbesorg is, besoek Retief en sowat sestig vrywilligers en dertig agterryers Dingane vir ’n tweede keer sodat die traktaat vir die transaksie onderteken kan word. Die ondertekening vind op 6 Februarie 1838 plaas, maar voordat die Trekkergeselskap Dingane se stat Mgungundhlovu kan verlaat, gee die Zoeloekoning opdrag dat die Trekkers doodgemaak word, en die hele geselskap word uitgemoor.⁹² Op 17 Februarie 1838 val die Zoeloes ook die Trekkergesinne aan wat op die terugkoms van Retief en sy geselskap wag. Nagenoeg 600 mense word in dié aanval vermoor, wat as die Bloukransmoorde bekendstaan.⁹³ In Desember 1838 lê die Voortrekkers die Bloedriviergelofte af, waarna die Slag van Bloedrivier op 16 Desember plaasvind toe nagenoeg 10 000 Zoeloekrygers teen 472 Voortrekkers te staan kom.⁹⁴ Die Zoeloes ly ’n verpletterende nederlaag met nagenoeg 3 000 sterftes, terwyl daar aan die Voortrekkers se kant slegs drie gewondes is. Die Slag van Bloedrivier is, in terme van die aantal sterftes wat aangeteken is, die grootste enkele slag wat tot in daardie stadium op Suid-Afrikaanse bodem geveg is.⁹⁵ Dit word as een van die belangrikste gebeure in Afrikanergeskiedenis geag en word steeds jaarliks gedenk.



Die granietkakebeenwa op die Bloedrivier-erfenisterrein buite Dundee in KwaZulu-Natal. Die Slag van Bloedrivier, wat op 16 Desember 1838 plaasgevind het, het hier afgespeel.

1839: Die Voortrekkers stig die Republiek Natalia in die gebied ooreenkomstig met die Retief-Dingane-traktaat en sowat 6 000 Afrikaners vestig hulle in dié republiek.⁹⁶ In dieselfde jaar vestig Voortrekkers hulle ook in die noorde van die land in onder meer die omgewing van die huidige Potchefstroom.⁹⁷

1843: Natalia word deur die Britte geannekseer en in Mei 1844 word Natal as 'n aparte distrik van die Kaapkolonie verklaar. Oor dié gebeure skryf die historikus Jan Visagie:⁹⁸

Hoewel die Natalse Voortrekkerrepubliek van korte duur was, het die Afrikanerboere daarmee tog 'n mylpaal bereik. Ondanks al die gebreke van hierdie eerste poging om hul eie staat te stig, was dit 'n leerskool in demokrasie en 'n proses waarin hul volksbesef verder ontwikkel het.

1852: Die Sandrivierkonvensie word op 17 Januarie 1852 onderteken en lei tot die stigting van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) in 1857.⁹⁹ Nagenoeg 20 000 Afrikaners woon teen dié tyd in dié gebied noord van die Vaalrivier.¹⁰⁰



Die Sandrivierkonvensie van 1852 het die weg gebaan vir die vestiging van die ZAR. Pretoria, wat drie jaar later gestig is, is in 1857 as dié republiek se hoofsetel aangewys. In daardie stadium was Pretoria egter steeds onderontwikkel, soos wat hierdie foto uit die 1860's van Kerkplein aantoon. Die ontdekking van goud in 1886 het 'n finansiële omwenteling vir dié jong republiek teweeg gebring.

1854: Die Republiek van die Oranje-Vrijstaat (OVS) kom tot stand. In hierdie stadium woon sowat 15 000 burgers in dié nuwe republiek.¹⁰¹

1877: Britse belange brei in hierdie tyd uit in suidelike Afrika en die ontdekking van diamante in die binneland in 1867 maak die gebied selfs meer aantreklik. Daarbenewens beoog Brittanje om 'n federasie van Suid-Afrikaanse state te vorm. Dit lei uiteindelik in April 1877 tot die Britse anneksasie van die ZAR, wat die Britte amptelik na Transvaal herdoop.¹⁰²

1880–1881: Transvaalse burgers kom in opstand teen die Britse regering in die Transvaal en besluit om die Boererepubliek te herstel. Die eerste skote van die Eerste Vryheidsoorlog word op 16 Desember 1880 in Potchefstroom gevuur. Die veldslae by Bronkhorstspuit, Laingsnek en Schuinshoogte volg daarop en in Februarie 1881 vind die Slag van Majuba plaas, waar die Britte 'n vernederende nederlaag ly. Die Boere wen die oorlog en op 3 Augustus 1881 word die Konvensie van Pretoria onderteken. Hoewel onafhanklikheid nie dadelik ten volle herstel word nie, word landsbestuur wel aan die Boereleiers oorhandig. Volle afhanklikheid aan die ZAR word eers na afloop van die Konvensie van Londen in 1884 toegestaan.¹⁰³



Na afloop van die Boere se oorwinning teen die Britte tydens die Slag van Majuba in die Eerste Vryheidsoorlog is die oorlog op 23 Maart 1881 beëindig met die ondertekening van 'n vredesooreenkoms in R.C. (Ou Gert) O'Neill se huis. Afgevaardigdes wat by die ondertekening van dié vredesooreenkoms betrokke was, insluitend Paul Kruger (sesde van links), staan hier voor O'Neill se huis.

1886: Die rykste goudrif ter wêreld word in 1886 aan die Witwatersrand ontdek. Duisende buitelanders stroom na die ZAR en die eens verarmde Boererepubliek word skielik uiters welvarend.¹⁰⁴

1896: In 'n poging om die ZAR omver te werp en sy droom van 'n verenigde Suid-Afrika te verwesenlik, beplan die eerste minister van die Kaapkolonie, Cecil John Rhodes, die Jameson-inval. Hiervolgens moet 'n Uitlander-opstand in Johannesburg begin word, waarna Leander Starr Jameson met 'n mag vanuit Betsjoeanaland (die hedendaagse Botswana) moet opruk om die sogenaamde “onderdrukte” Britse onderdane te beskerm. Die inval is 'n mislukking en word as “een van die grootste stukke brouwerk in die moderne geskiedenis” beskou.¹⁰⁵ Hoewel die Anglo-Boereoorlog eers nagenoeg drie jaar later uitbreek, verklaar die politieke leier Jan Smuts in 1906 dat die Jameson-inval die “ware oorlogsverklaring” was.¹⁰⁶



Leander Starr Jameson word na afloop van die mislukte Jameson-inval in 1895/1896 deur Boeremagte gevange geneem.


1899–1902: Die Anglo-Boereoorlog word geveg tussen Brittanje en die twee Boererepublieke, die ZAR en die OVS. In dié oorlog pas Brittanje

die sogenaamde verskroeideaardebeleid toe: Minstens 30 000 plaashuise word afgebrand, vee word uitgeroei en landerye verwoes, en vroue, kinders en bejaardes word na konsentrasiekampe gestuur. Nagenoeg 28 000 Afrikaners sterf in dié konsentrasiekampe. Daarbenewens word nagenoeg 20 000 Boere gedurende die oorlog krygsgevangene geneem en na kampe in St. Helena, Ceylon (die hedendaagse Sri Lanka), Bermuda en Indië gestuur.¹⁰⁷ Na afloop van die oorlog verloor die Boererepublieke hul onafhanklikheid, en die ZAR en die OVS word Britse kolonies. Volgens die Afrikaner-historikus Fransjohan Pretorius het¹⁰⁸

die oorlog die Afrikaners ekonomies en sielkundig verpletter. Dit het tot die armblanke-vraagstuk bygedra en verstedeliking versnel nadat talle boere hul plase verloor het.



Boerekrygsgevangenes is gedurende die Anglo-Boereoorlog eers na kampe in die Kaapkolonie of Natal gestuur voordat hulle na buitelandse kampe op onder meer die eilande Bermuda, Ceylon (nou Sri Lanka) en St. Helena oorgeplaas is. Dié foto is in die Groenpunt-kamp in Kaapstad geneem.



Boerekinders in 1902 in die konsentrasiekamp te Colenso, Natal – nagenoeg 28 000 Afrikaners vroue, kinders en bejaardes het tydens die Anglo-Boereoorlog in die Britse konsentrasiekampe gesterf.

1910: Die Unie van Suid-Afrika kom tot stand en bind die Kaap-, Natal-, die Oranjerivier- (voorheen die OVS) en die Transvaalkolonie (voorheen die ZAR) saam.¹⁰⁹

1914: Afrikaans word amptelik as onderrigtaal in skole toegelaat.¹¹⁰


1914–1918: Die Eerste Wêreldoorlog breek uit en Suid-Afrika word vanweë sy verhouding met Brittanje by die oorlog betrek. Die 1914-Rebellie, waartydens 'n deel van die Afrikanerbevolking in opstand kom teen die regering, vind plaas in reaksie op Suid-Afrika se besluit om aan Britse kant aan die oorlog

deel te neem en Duits-Suidwes-Afrika (vandag Namibië) in te val.¹¹¹ Ingevolge die Verdrag van Versailles word die mandaat vir die administrasie van dié voormalige Duitse kolonie Suidwes-Afrika aan Suid-Afrika oorgedra.¹¹² Op 21 Maart 1990 verkry Namibië amptelik onafhanklikheid van Suid-Afrika.¹¹³



Uitgeputte Afrikanerrebelle ná 'n lang tog tydens die Rebelle van 1914

1925: Afrikaans word benewens Engels as een van Suid-Afrika se twee amptelike tale erken.¹¹⁴



Die vertaling van die Bybel in Afrikaans was 'n hoogtepunt in die geskiedenis van dié taal. 'n Eksemplaar van die Afrikaanse vertaling is op 27 Augustus 1933 oorhandig aan genl. J.B.M. Hertzog, toenmalige eerste minister van die Unie van Suid-Afrika. Dit is op dieselfde dag by elke gemeente van die drie Afrikaanse kerke amptelik in ontvangs geneem.

1933: Die eerste Afrikaanse vertaling van die Bybel verskyn. Die latere eerste minister dr. D.F. Malan bestempel die verskyning van die Bybel in Afrikaans as die grootste gebeurtenis in die lewe van die Afrikaanse volk.¹¹⁵

1939–1945: Die Tweede Wêreldoorlog breek uit en Suid-Afrika veg aan die kant van die Geallieerde Magte. Dié oorlog lei weer tot verdeling onder die Suid-Afrikaanse bevolking, en Afrikaners spesifiek. Die meerderheid Afrikaners is teen die oorlog gekant; tog is meer as die helfte van die 190 000 wit soldate wat by die oorlog aansluit Afrikaners. Suid-Afrika veg in Oos-Afrika, Noord-Afrika, Madagaskar en Italië.¹¹⁶

1948: Die Nasionale Party kom aan bewind en die apartheidsbeleid word aanvaar. Verskeie wette vir die toepassing van dié beleid volg in die jare daarna. Sommige historici meen dat die instelling van rassewette en die opheffing van Afrikaans in die jare ná 1948 “in ’n groot mate ’n regstelling van verliese [was] wat Afrikaners gely het en die vernederings wat hulle verduur het.”¹¹⁷ Dié vernederings verwys ondermeer na die gebeure tydens die Anglo-Boereoorlog en die jare wat daarna onder Britse bewind gevolg het.

1961: Die Afrikanerideaal vir die vestiging van ’n republiek word verwesenlik met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika op 31 Mei. Dit volg nadat ’n referendum in Oktober 1960 onder wit kiesers gehou is en daar met ’n klein meerderheid (van nagenoeg 74 500 stemme) ten gunste van ’n republiek gestem word.¹¹⁸



Republiekwording is op 31 Mei 1961 gevier met ’n feestelike seremonie op Kerkplein in Pretoria, een van Suid-Afrika se hoofstede.

1966: Die eerste skote van Suid-Afrika se langste oorlog (23 jaar lank) klap in Augustus 1966 toe insurgente in Ovamboland met die Suid-Afrikaanse Polisie slaags raak.¹¹⁹ Die Grensoorlog, soos wat dit later bekendgestaan het, kom eers in November 1988 tot 'n einde toe Suid-Afrika en die South West African People's Organization (SWAPO) op 'n skietstaking ooreenkom – die laaste skote klap egter nog in April 1989. Kenners meen dié konflik, wat op die grens tussen die toenmalige Suidwes-Afrika en Angola geveg is, was nie waarlik 'n oorlog nie, maar eerder 'n uitgerekte teeninsurgensieveldtog.¹²⁰ Die oorlog het 'n belangrike impak op Suid-Afrikaanse burgers, veral ten opsigte van diensplig wat aan alle wit mans opgelê word. Seuns word gewoonlik direk ná hulle skool voltooi het vir diensplig opgeroep, waarna hulle “Grens” toe gestuur is. Meer as 600 000 mans verrig tussen 1951 en 1993 diensplig. Hoewel daar twyfel bestaan oor die presiese aantal mense wat in die oorlog gesterf het, word die sterftes volgens Suid-Afrikaanse bronne in November 1988 op 715 Suid-Afrikaanse soldate, 1 087 burgers van Suidwes-Afrika en 11 291 insurgente en Angolese soldate gereken.¹²¹


1992: In Maart 1992 neem wit kiesers in Suid-Afrika deel aan 'n referendum waarin hulle gevra word of die regering met 'n politieke hervormingsproses en onderhandelinge vir die samestelling van 'n nuwe grondwet moet voortgaan. Meer as 68% van kiesers stem ten gunste van onderhandelinge. Hiermee aanvaar kiesers dat dit “die einde van apartheid en die einde van [...] wit mag [in Suid-Afrika] sou beteken”.¹²²

1994: Op 27 en 28 April 1994 vind Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing plaas waarin alle Suid-Afrikaanse burgers ouer as 18 jaar, ongeag hul ras, kon stem. Die African National Congress (ANC) wen die verkiesing met 'n oorweldigende meerderheid van 62,7% van die stemme. Dit lui 'n nuwe bedeling vir Suid-Afrika in en in Mei 1994 word Nelson Mandela as president ingehuldig.¹²³

HOOFSTUK 3


Vroegste verhoudinge

Dit is algemeen bekend dat die Afrikaners van vandag sy herkoms uit verskeie uiteenlopende oorde kan trek. Teen 1902 het die Nederlander H.T. Colenbrander in sy boek *De afkomst der Boeren* aangevoer dat die Afrikaners se etniese samestelling soos volg is:¹



Die etniese samestelling van Afrikaners, soos in 1902 uiteengesit deur H.T. Colenbrander

Die Suid-Afrikaanse genealoog J.A. Heese het in die 1970's ook oor die samestelling van Afrikaners se herkoms geskryf.² Sy berekeninge sien daar egter baie anders uit as Colenbrander s'n, maar word vandag nog as gesaghebbende uiteensetting van die Afrikaners se etniese samestelling geag.³ Volgens Heese het die Afrikaners van die 1860's se etniese samestelling soos volg gelyk:⁴



Die etniese samestelling van Afrikaners teen 1860, soos bereken deur J.A. Heese in die 1970's

Die samestelling van die Afrikaners van die 19de eeu toon dus duidelik dat die invloed van die Hongaarse gemeenskap op die etniese samestelling van Afrikaners minimaal sou wees. Hongarye word byvoorbeeld nie in gesaghebbende bronne oor die geskiedenis van die Afrikaners as 'n stamland (dus as land van herkoms) van dié Suid-Afrikaanse gemeenskap genoem nie.

Hongaarse stamouers in Suid-Afrika

Hoewel Hongarye nie as stamland vir die Afrikaners beskou word nie, beteken dit geensins dat Suid-Afrikaners of Afrikaners nie Hongaarse voorouers het nie. 'n Oorsigtelike ondersoek na Hongaarse stamouers en ander Hongaarse inwoners in Suid-Afrika (dus mense wat nie noodwendig nasate hier nagelaat het nie) is vir hierdie boek onderneem om te bepaal wanneer die eerste Hongare na Suid-Afrika gekom het en wie hierdie mense was. Enkele gevalle van Hongare wat reeds voor 1900 in Suid-Afrika gewoon het, is derhalwe nagespoor. Gevalle van Hongare woonagtig in die destydse Kaapkolonie, OVS en ZAR kon opgespoor word. Enkele voorbeelde van Hongare wat gedurende die 1700's en 1800's in Suid-Afrika gewoon het en nasate nagelaat het, sluit onder andere in:

i. *Josiph Kalis*

Josiph Kalis, die stamvader van die Kallis-familie (waarvan die bekende krieketspeler Jacques Kallis deel vorm), is van Hongaarse afkoms.⁵ Volgens sy sterftেকennissgewing was hy 'n landbouer van beroep en is hy in 1839 in die ouderdom van 106 jaar aan die Kaap oorlede.⁶

ii. *Jan Karelse (Carelsen)*

In 1874 het 'n bejaarde Jan Carelsen, eggenoot van Susanna Jacoba van Rooyen,⁷ op die plaas Donkerhoek in die Ladybrand-distrik in die Vrystaat gesterf. Volgens sy sterftেকennissgewing was Carelsen 'n landbouer van beroep, in Hongarye gebore en die vader van drie kinders, twee seuns en 'n dogter. Dié kinders is egter gebore uit sy eerste huwelik met Margaretha Maria Meintjes.⁸

iii. *Johan Taithie*⁹

Dié inwoner van Heidelberg in die ZAR is op 55-jarige ouderdom oorlede. Hy was 'n bakker en is in Hongarye gebore. Hy het by sy dood in 1888 vier minderjarige kinders agtergelaat.

iv. *George Samuel Te Kusch*¹⁰

In 1860 was George Samuel Te Kusch 'n wewenaar in sy vroeë dertigs (waarskynlik 31 of 32 jaar oud). Hy is gebore in Hongarye, maar was teen dié tyd woonagtig in Grahamstad en werksaam as 'n inspekteur in die landelike berede polisie in die Kaapkolonie.¹¹

Ander Hongare wat in die voormalige Boererepublieke en kolonies in Suid-Afrika gewoon het en van wie daar geen nasate in Suid-Afrika agtergebly het nie of waar die persone se sterftেকennissgewing geen verdere inligting bevat nie, sluit onder andere in:

i. *Leopold Shein*¹²

In Shein se sterftেকennissgewing word daar aangedui dat hy in Oostenryk-Hongarye gebore is. Daar kan dus nie hieruit afgelei word of hy wel 'n etniese Hongaar was nie, maar hy word wel in hierdie boek ingesluit. Hy was 'n "poulier" (oftewel pluimveeboer of pluimveehandelaar) van beroep en is in 1898 in die ouderdom van 62 jaar in 'n Johannesburgse hospitaal oorlede. Dit is onbekend of hy enige kinders gehad het. (Daar was egter teen 1984 nog 61 stemgeregtigde Sheins in Suid-Afrika woonagtig. Of enigeen van hulle noodwendig afstammeling van Leopold Shein was, is nie vir dié boek nagevors nie.)



Die plaas Buffelsfontein naby Buffelsbaai aan die Kaapse Skiereiland in die teenswoordige Kaappunt Natuurreservaat is vir 'n tyd lank aan die Kal(l)is-familie verhuur totdat dit in 1841 verkoop is. Hulle het later as werkers op 'n plaas in Smitswinkelbaai gewoon en gewerk.¹³ Dié kaart uit 1838 toon die leefwêreld van een van die eerste Hongaarse immigranfamilies aan die Kaap.

ii. *Bartholimy Jean Charles Mathieu Faychamps*¹⁴

Die 34-jarige B.J.C.M. Faychamps het in Maart 1898 in Pretoria gesterf – duisende kilometer weg van sy geboorteland Hongarye. Dié ongetroude jong klerk was in diens van die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorweg-Maatschappij (NZASM).



'n Groep mense drom op 20 Oktober 1894 saam om die afrondingswerk aan die Oosterspoorlyn tussen die destydse Lourenço Marques (vandag Maputo) en Pretoria te aanskou. Die oprigting van dié spoorlyn was die belangrikste rede vir die stigting van NZASM.¹⁵ Verskeie Hongare het in die laat 1800's na die ZAR gekom om vir dié maatskappy te werk.

Hoewel die sterftekennisgewings van die bogenoemde voorbeelde van Hongare wat in Suid-Afrika gewoon het nie aandui wanneer hulle die land binnegekom het nie, kan ons enkele belangrike feite oor hul familieverbintenis, herkoms en beroepe aflei. Uit die handjiefol Hongare wat reeds voor 1900 in Suid-Afrika gewoon en gewerk het, kan ons die gevolgtrekking maak dat dié immigrante merendeels landbouers was. Dit strook met die norm van die ekonomiese aktiwiteit in hierdie tydperk in Suid-Afrika. Volgens prof. Grietjie Verhoef, 'n kenner van ekonomiese geskiedenis in Suid-Afrika, het Europa in die eerste helfte van die 19de eeu die nywerheidsomwenteling beleef. Dit was egter nie die geval aan die suidpunt van Afrika nie, en die “boerebevolking” van die tyd het eerder verkies om 'n eenvoudiger ekonomiese omgewing te vestig en ruilhandel is algemeen toegepas.¹⁶ Gedurende die 1800's was landbou nog een van die suidelike streek van die Kaapkolonie se “vernaamste ekonomiese bedrywighede”.¹⁷ Wat die ekonomie van die Boererepublieke in die noorde betref, was dit hoofsaaklik van landbou afhanklik.¹⁸

Dit is dus te verwagte dat die Hongare wat in dié tyd in Suid-Afrika kom woon het waarskynlik op die een of ander wyse in die landboubedryf betrokke sou wees.

In sy doktorale tesis oor die rol en invloed van die Nederlandse immigrante (spesifiek die NZASM-werkers) op die Suid-Afrikaanse kultuur, voer Robert de Jong aan dat “die rol en bydrae van ander Europese kulture sedert die begin van die 19de eeu [...] relatief klein [was]”.¹⁹

Ontwikkeling in die tweede helfte van die 19de eeu – soos die ontdekking van diamante in Kimberley en die ontdekking van goud aan die Witwatersrand – het in ’n groot mate die fokus van die ekonomie in Suid-Afrika verander. In dié tyd het die Kaap industrieel ook verder ontwikkel en vervaardiging, hoewel nog eenvoudig, het algemener geword.²⁰ In die ZAR het die ontdekking van goud ook ’n finansiële inspuiting gebied. Ontwikkeling van die spoornetwerk in die ZAR was waarskynlik een van die belangrikste van die tyd, veral aangesien dit dié land wat deur land ingesluit is ’n noodsaaklike lewensaar gebied het. Ontwikkeling het noodwendig kundigheid van elders in die wêreld genoodsaak. Die vestiging van onder meer die NZASM vir die oprigting van die sogenaamde Oosterlyn tussen Pretoria en Delagoabaai (nou Maputobaai) het byvoorbeeld gelei tot die invoer van kundige Nederlandse werkers (na wie daar soms spottenderwys as “Kruger se Hollanders” verwys is). Teen 1899 was daar nagenoeg 1 700 Nederlanders in diens van die NZASM.²¹

Die ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika het dus geleenthede gebied vir mense soos Faychamps, wat as klerk vir die NZASM gewerk het. Hoewel De Jong nie in sy tesis oor die NZASM aantoon watter ander nasionaliteite gewerf is om vir die maatskappy te werk nie, stel hy dit wel duidelik dat daar, in gevalle waar geen Nederlanders vir die betrokke poste gevind kon word nie, personeel ook van ander Europese lande gewerf is.²² Dit blyk uit Faychamps se aanstelling dat Hongare ook hierby ingesluit was.

Die “Paardekraal-gelofte”

Die Britse anneksasie van die ZAR in 1877 het die inwoners van dié Boere-republiek verslae gelaat. Dieselfde jaar nog is ’n deputasie na Brittanje gestuur om te pleit dat dié stap herroep word. In 1878 is ’n tweede deputasie gestuur. Beide deputasies was egter onsuksesvol en teen 1880 het nagenoeg 3 000 burgers op die plaas Paardekraal vir ’n volksvergadering byeengekom. Daar is besluit om teen die anneksasie in opstand te kom. Enkele dae later is die eerste skote van die Eerste Vryheidsoorlog geskiet.²³

Tydens die byeenkoms by Paardekraal – so is daar later beweer – is ’n nuwe gelofte afgelê. Alana Bailey²⁴ skryf in haar meestersgraadverhandeling oor die Bloedriviergelofte van 1838 en die herdenking en betekenis daarvan soos volg oor die Paardekraal-byeenkoms:


[W]eens die plegtige aard van die byeenkoms [by Paardekraal] en omdat dit eerder om die Transvaalse vryheidstryd as om die herdenking van 1838 se uitredding gegaan het, is later beweer dat ’n nuwe gelofte afgelê is.

Navorsing in 1995 toon ook dat daar nie ’n nuwe gelofte afgelê is in 1880 nie, maar dat daar wel ’n “plegtige verklaring” in 1878 in Wonderfontein tydens nog ’n volksvergadering gemaak is.²⁵

Hoewel die inhoud van dié verklaring nie vir hierdie boek van belang is nie, is ’n koerantberig oor die Wonderfontein-byeenkoms wat op 15 Februarie 1879 in die Kaapse koerant *De Zuid-Afrikaan* verskyn het wel belangrik. Dit is nie uit die berig duidelik wie die “spreker” van die stellings was nie (hoewel die inhoud elemente van ’n hoofberig toon), maar in die berig verskyn daar eers ’n inleiding waarin die ywer uiteengesit word waarmee Transvaalse Boere nou gereed is om hul onafhanklikheid te herstel. Daarna volg die bewoording van die “ooreenkomst” wat by die Wonderfontein-byeenkoms aangegaan is, asook ’n gedetailleerde bespreking waarin ontevrede burgers aangeraai word om nie teen die Britte te veg nie. Dit is in die skrywer se latere bespreking duidelik dat hy “vechten” nie as ’n blote opstand of teenkanting beskou nie, maar wel meen dat ’n gewapende opstand onverskillig sou wees.

Die bogenoemde dien as konteks van dit wat op die skrywer se bespreking volg. Nadat hy sewe redes aanbied waarom ’n opstand teen die Britte onwys sou wees, skryf hy (my eie vertaling):²⁶

In hierdie opsig kan die ervaring van Hongarye vir Transvaal van groot nut wees. Die Hongare was, dit is waar, nie gemoeid met algehele onafhanklikheid van Oostenryk nie, maar slegs met die verkryging van hul eie onafhanklike grondwetlike bestuur. Maar om hierdie doel te bereik, het hulle eers die krag van wapens gebruik. Aanvanklik het dit gelyk asof dit slaag. Onder [Lajos] Kossuth en Georgei²⁷ het hulle oorwinning ná oorwinning behaal; maar Rusland het vir Oostenryk in die bresse getree, en die opstand wat so mooi begin het, loop uit op ’n treurige mislukking. Daarna is die beleid van lydelike verset beproef en ná ’n paar jaar loop dit uit op ’n algehele triomf. Die verset het Oostenryk duur te staan gekom, soveel so dat dit in hul eie belang is om aan Hongarye sy sin te gee. Sou Transvaal hierdie voorbeeld volg, kan hulle moontlik ’n gelukkige uitslag hê.



Lajos Kossuth het op 24 September 1848 Hongare tydens 'n historiese toespraak in die dorp Ceglég (nagenoeg 70 km buite Boedapest) aangevuur om by die opstand teen Oostenryk aan te sluit. Meer as 30 jaar later het Afrikaners ook in opstand gekom en daar is aangevoer dat daar uit die lesse van Kossuth en die Hongaarse Revolusie en Vryheidsoorlog van 1848 tot 1849 geleer moet word.



Die Paardekraalmonument in Krugersdorp staan op die plek waar die ZAR-regering in 1880 herstel is en waar daar besluit is om teen die Britse anneksasie van dié Boererepubliek in opstand te kom.

Die skrywer het duidelik 'n bewese kennis van die Hongaarse Revolusie van 1848 en die Hongaarse Vryheidsoorlog van 1848 tot 1849 gehad; dus nagenoeg 30 jaar voor die anneksasie van die ZAR en die byeenkoms by Wonderfontein. Met dié kennis kon die skrywer die Transvalers derhalwe aanmoedig om te leer uit die werkswyse van die Hongare ten opsigte van hul vryheidstryd.

Dit is nie noodwendig moontlik om te bepaal in welke mate Afrikanerlesers van dié Hollandse blad ook van die Hongaarse gebeure ingelig was nie, maar die menings wat hierin geplaas is, het wel met Afrikaners as gemeenskap gespreek. Die historikus G.D. Scholtz voer aan dat *De Zuid-Afrikaan* “in sy bestaan van presies 'n eeu oor 'n menigte politieke en kulturele sake as kampvegter van die Afrikaners opgetree” het.²⁸ Interessant genoeg was *De Zuid-Afrikaan* volgens Scholtz onder meer 'n voorstander van selfbestuur in die Kaapkolonie, taal- en kultuurregte van Afrikaners en onderwys van jongmense. Hy meen ook dat gebeure in die noorde van Suid-Afrika – soos die vryheidsoorloë – bygedra het tot die ontwaking van die Kaapse Afrikaners se “nasionale gees”.²⁹

Daar kan daarom aangeneem word dat berigte, soos dié oor die Wonderfontein-byeenkoms waarin die lesse van Hongarye se vryheidstryd uiteengesit is, ook bygedra het tot Afrikaners in veral die Kaap se ontdekking en omarming van hul kulturele identiteit. Daar kan voorts ook aangeneem word dat die skrywer se terloopse verwysing na die leiers van die Hongaarse vryheidstryd van die 1840's moontlik daarop kan dui dat daar aanvaar is dat die lesers oor die gebeure ingelig was. Dit kan moontlik beteken dat Afrikaners aan die Kaap minstens 'n basiese begrip gehad en kennis gedra het van politieke gebeure in Hongarye.

HOOFSTUK 4

Verhoudinge in aanloop tot, tydens en kort ná die Anglo-Boereoorlog

Die Hongaarse vryskutjoernalis Bálint Mészáros het in 2019 in die Afrikaanse streekskoerant *ditsem nuus* aangevoer dat nagenoeg 2 000 geskoolde werkers van Oostenryk-Hongarye teen Mei 1902 op die goudvelde van die ZAR gewerk het. Dié syfer kan egter nie onafhanklik bevestig word nie. Mészáros voer daarbenewens aan dat die meerderheid van dié werkers witboordjiewerkers – onder meer dokters, ingenieurs en amptenare – van Suid-Slawiese afkoms was.¹

Indien dié syfer aanvaar kan word, verduidelik dit waarom kontemporêre Hongaarse navorsers hul steeds besig hou met studies oor die verhoudinge tussen Hongarye en Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog. Die werk van minstens twee Hongaarse navorsers fokus op dié onderwerp: Die historikus Gábor Szabó-Zsoldos het al verskeie artikels oor Hongarye in die oorlog in vaktydskrifte gepubliseer, terwyl ’n PhD-tesis deur László Pap in 2015 aan die Universiteit van Debrecen getiteld *Hungary and the Second Anglo-Boer War* gepubliseer is.²



'n *Blik op Johannesburg in 1889 – skaars drie jaar nadat goud in 1886 aan die Witwatersrand ontdek is. In Johannesburg se eerste dae het tentdorpe “soos paddastoete opgeskiet en later is sinkpondokkies oral opgeslaan”.*³ *Meer permanente strukture is al hier sigbaar, maar dit was steeds wêreld verwyder van die ontwikkelde stede wat Europeërs (insluitende Hongare) – wat na die Witwatersrand gestroom het – geken het.*



'n Skare drom in 1896 voor die Goldfields-kantoor in Johannesburg saam. Dié kantoor was die hoofsetel van die Reform Committee, 'n komitee wat uit prominente buitelanders (ook bekend as Uitlanders) in die ZAR bestaan het en wat in daardie stadium 'n opstand in Johannesburg beplan het.⁴ In die eerste jare sedert Johannesburg se ontstaan is verskeie aanskoulike geboue in die Goudstad opgerig. Hongare wat aan die einde van die 19de eeu na die goudvelde gekom het, sou sowel hierdie snelle ontwikkeling van die stad as die gespanne atmosfeer tussen Afrikaners en Uitlanders gadeslaan het.

'n Transvaals-Hongaarse dorp

Op 23 Augustus 1899 ontvang die ZAR 'n brief van ene Karl Heinrich van die Zala-distrik in Hongarye, sowat 180 km suidwes van die Hongaarse hoofstad Boedapest.

In dié brief, gedateer 15 Julie 1899, versoek Heinrich grondgebied vir die oprigting van Hongaarse nedersettings in die ZAR. Die brief word tans in die Nasionale Argief in Pretoria bewaar.⁵ Die indeksinskrywing op die databasis van die argief vir die betrokke dokument lui: “Karl Heinrich [...], Hongarye. Wenschen grond aan te koop in de Zuid-Afrikaansche Republiek tot het stichten van eenige Hongaarshe dorpen.”⁶

Die brief, wat oorspronklik in 'n Oostenrykse dialek van Duits geskryf is, is deur die vertaler Bruno Krusche in Engels vertaal.⁷ Hoewel die handskrif plek-plek nie ontsyfer kon word nie, bied Krusche se vertaling tog genoeg inligting om waardevolle gevolgtrekkings uit die brief te kan maak.

Die direkte Afrikaanse vertaling (my eie) lui soos volg (gedeeltes wat nie uit die oorspronklike dokument ontsyfer kon word nie, word met ellipse aangeteken):

Edelagbare Staatspresident

Die ondergetekendes wil graag in ander lande, waar die kolonies grond verkoop, [...] bekom waar ons medelandsburgers van ons vaderland Hongarye [...] saam kan leef in gemeenskappe.

Ons is van mening [...] dat daar in daardie gebiede baie plek is waar niemand tans woon nie.

Ons het daarom besluit om die agbare regering te nader en te vra of dit moontlik is [...] om ons toe te laat om 'n paar Hongaarse nedersettings tot stand te bring.

Ons gee ons woord van eer [...] dat ons sal leef met die [...] opreg en broederlik saam, om te help en hul tradisies te eer.

Ons vra die eerbare regering nederig vir 'n antwoord [...] en om ons 'n gunstige antwoord te gee.

Ons bly steeds, opreg die uwe,

Seöer Romitati, Zala Catztgeof, Nyrtand Ungaren

1899, 15 Julie

Karl Heinrichen en sy kamerade

Antwoord asseblief na die Dinham-adres [...]

In reaksie op die bogenoemde brief antwoord die ZAR se adjunkstaatssekretaris van buitelandse sake op 28 Augustus 1899 soos volg (my eie vertaling):⁸

Erkenning van ontvangs van u brief gedateer 15 Julie [1899], waarin u u wens uitspreek, saam met ander families te Uwent [?] om hulle in die Staat [ZAR] te vestig en met die oog op hierdie versoek ingelig te word of die regering grond vir daardie doel te koop het. Ek het die eer om u in antwoord in te lig dat die regering geen grond beskikbaar het vir die doel wat u beoog nie.

Uit bogenoemde kommunikasiestukke is dit duidelik dat die skrywer en 'n aantal van sy familieleden en/of ander families hulself in die ZAR wou kom vestig en die bedoeling gehad het om 'n "Hongaarse dorp" (of selfs verskeie dorpe) in dié Boererepubliek te vestig. Een aspek wat veral interessant in Heinrich se brief na vore kom, is die feit dat hy beloof dat die Hongaarse immigrante "opreg en broederlik" saam met (wat aangeneem kan word) die burgers van die ZAR wou leef. Hy beloof ook dat die immigrante die tradisies van hul voorgenome land van vestiging sal eer.

Heinrich het ook aangedui dat die groep gewillig was om die grond vir die vestiging van die nedersettings aan te koop. Die versoek is egter afgekeur. Die onbesikbaarheid van grond vir die versoek is as rede vir die besluit gegee. Om te

Lyofograsjen Hærbegjæring!

Hermedsendes nogle Breve, som jeg har skrevet, og som vil
nok være interessante, og som vil give en god
indsigelse i de forhold, som her i Danmark er gaaede
for sig. De vil ogsaa give en god indsigelse i de
forhold, som her i Danmark er gaaede for sig.

De vil ogsaa give en god indsigelse i de forhold, som
her i Danmark er gaaede for sig. De vil ogsaa give
en god indsigelse i de forhold, som her i Danmark
er gaaede for sig. De vil ogsaa give en god
indsigelse i de forhold, som her i Danmark er
gaaede for sig.

Med venlig hilsen til alle, og med
den bedste hilsen til alle, og med den bedste
hilsen til alle, og med den bedste hilsen til alle.

De vil ogsaa give en god indsigelse i de forhold,
som her i Danmark er gaaede for sig. De vil
Ogsaa give en god indsigelse i de forhold, som
her i Danmark er gaaede for sig.

Med venlig hilsen til alle, og med den bedste
hilsen til alle, og med den bedste hilsen til alle.
Læst Admiret: Zala, Lyofograsjen: Hærbegjæring, Europa.

1899. juli. 15.

Karl Heinrichsen
indsendt og underskrevet.

De vil ogsaa give en god indsigelse i de forhold,
som her i Danmark er gaaede for sig. De vil
Ogsaa give en god indsigelse i de forhold, som
her i Danmark er gaaede for sig.

Karl Heinrich se brief van 15 Julie 1899

bepaal of grondbesikbaarheid wel die rede vir die afkeuring was, sal ondersoek moet word. Geen verdere dokumentasie kon egter in die argief gevind word om die kwessie verder te belig nie.

Uit 'n oorsigtelike ondersoek oor grondbesit in die ZAR gedurende die tydperk voor die Anglo-Boereoorlog blyk dit dat grond wel reeds in daardie stadium 'n skaars kommoditeit was. In sy studie oor wit mense se vestiging in die Soutpansbergdistrik in die 19de eeu skryf die historikus Johann Tempelhoff dat nedersetters wat hulle voor 1852 in die ZAR gevestig het twee plase en 'n dorpskerf gratis van die staat ontvang het.⁹ Teen 1899 was dit beslis nie meer die geval nie. "Ná die eerste goudstormloop van die sewentigerjare het grond 'n skaars artikel geword wat by hoë uitsondering teen billike pryse verkry kon word," skryf Tempelhoff. In sekere gevalle is grond steeds deur byvoorbeeld die okkupasiestelsel en die burgerregstelsel gegee aan veral behoeftige burgers en burgers wat hulle voor 'n sekere tyd in die ZAR gevestig het.

Tempelhoff se vermelding dat grond veral ná die ontdekking van goud in 1886 skaarser geword het, kon dus moontlik 'n rol gespeel het in die ZAR se afwysing van Heinrich se versoek om grond in die republiek te koop.

'n Verdere moontlikheid is die ZAR se algemene houding jeens buitelanders in daardie stadium. Heinrich se versoek aan die ZAR het gekom nagenoeg drie jaar ná die mislukte Jameson-inval, toe ontstoke buitelanders (oftewel "Uitlanders",¹⁰ soos hulle bekendgestaan het) gehoop het om die regering omver te werp. Boonop het die versoek gekom minder as drie maande voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog. Dit was dus 'n onstuimige en onsekere tyd vir die Boererepubliek en die vestiging van nóg buitelanders kon die regering moontlik ongemaklik gestem het.


Heinrich se brief bied ongelukkig geen verduideliking vir waarom hy en sy vriende hulle in een van die "kolonies" buite Hongarye wou vestig nie. Die Australiese sosioloog Stephen Castles en die Amerikaanse politieke wetenskaplike Mark J. Miller voer aan dat mense deur die geskiedenis heen nog altyd gemigreer het "in search of new opportunities or to escape conflict and persecution".¹¹ In 'n studie oor die migrasie van meer as een miljoen Hongare na die VSA vanaf 1870 tot 1920 – bekend as "The Great Migration" – word die ekonomiese geleentheid wat die VSA aan spesifiek Hongaarse immigrante gebied het as die rede vir hul trek na daardie land voorgehou.¹²

Of Heinrich en sy vriende se beoogde emigrasie te wyte was aan ongunstige omstandighede in Hongarye, en of hulle gereken het dat die ZAR moontlik aanloklike nuwe geleentheid vir dié Hongaarse families sou inhou, kan nie met

sekerheid gesê word nie. Die vooruitgang wat die ZAR sedert die ontdekking van goud gemaak het, kon moontlik van dié republiek in die suide van Afrika 'n aanloklike geleentheid vir Heinrich en sy vriende gemaak het.

Uitlanders

Daar kan waarskynlik nie geskryf word oor verhoudinge tussen Afrikaners en enige buitelandse gemeenskap in die tyd voor die Anglo-Boereoorlog sonder om die sogenaamde Uitlandervraagstuk onder die loep te neem nie. Uitlanders is beskou as enige nie-Afrikaner wat nie in die ZAR gebore is nie. Die meerderheid van hulle was van Britse afkoms, maar hoegenaamd nie almal nie.



Die sogenaamde Uitlandervraagstuk, soos wat dit op 5 April 1899 in die Walliese koerant Evening Express met 'n strokiesprent uitgebeeld is

Die ontdekking van goud in die ZAR het fortuinsoekers vanuit die uithoeke van die wêreld na die ZAR en spesifiek die Witwatersrand laat stroom. Teen 1894 was daar reeds sowat 75 000 Uitlanders teenoor 150 000 burgers woonagtig in dié Boererepubliek.¹³

Die ZAR het 'n toestroming ervaar van veral Britte (Engelse, Iere, Walliesers en

Skotte) en burgers van ander Engelssprekende lande, insluitende die Verenigde State van Amerika (VSA), Australië en Nieu-Seeland. Duisende ander immigrante uit Europa het ook hul fortuin kom soek en die sensusopname van 1896 toon onder meer dat daar meer as 2 200 Duitsers in die ZAR woonagtig was. Italianers en Switsers (nagenoeg 350 mense) het ook in dié tyd in die ZAR gewoon, terwyl daar nagenoeg 400 Franse (meestal redelik gegoede mense) aan die Witwatersrand kom werk het.¹⁴



'n Politieke strokiesprent uit 1899 toon hoe John Bull, wat die Verenigde Koninkryk (VK) persoonifieer, sukkel om die “harde neut” van die ZAR se politieke beleid ten opsigte van die Uitlanders te “kraak”.

Persone wat uit verskeie streke in die Oostenryk-Hongaarse Ryk afkomstig was, is ook onder die sogenaamde Uitlandergemeenskap gereken. Volgens ’n berig wat in Oktober 1896 in *The Standard & Diggers News* verskyn het, het “ander” Europeërs hulle ook in die ZAR kom vestig. Dié “ander” Europeërs was afkomstig van België, Oostenryk-Hongarye, Spanje, Griekeland, Dalmasië en lande aan die Middellandse See.¹⁵ Onder dié Uitlanders was ook Kroatse, Montegryne, plattelandse Rooms-

Katolieke en Rooms-Katolieke boere uit Oostenryk-Hongarye.

Die Uitlandervraagstuk was in aanloop tot die Anglo-Boereoorlog waarskynlik dié grootste kwessie in die ZAR.¹⁶ Pres. Paul Kruger het byvoorbeeld in 1894 in 'n toespraak na die Uitlanders verwys as “diewe, moordenaars en fortuinsoekers”.¹⁷ Hoewel Kruger beslis nie dié uitsprake op Hongaarse immigrante spesifiek gemik het nie, was sy wrewel wel gerig op Uitlanders as 'n groep – waaronder tientalle Hongare en burgers van die Oostenryk-Hongaarse Ryk getel het.

Die 1904-sensusopname toon dat daar 2 238 Oostenryk-Hongaarse burgers in die voormalige ZAR gewoon het. Onder hulle was nagenoeg 1 500 Kroatse.¹⁸

Uiteenlopende standpunte oor die Anglo-Boereoorlog: Jan Publiek en die elite

Twee gesaghebbende bronne is vir hierdie afdeling van die boek geraadpleeg. Die eerste is 'n hoofstuk deur die Britse historikus en kenner van diplomatieke geskiedenis F.R. Bridge.¹⁹ Dit het verskyn in die boek *The international impact of the Boer War* en stel ondersoek in na Oostenryk-Hongarye se verhouding met die Boererepublieke tydens die Anglo-Boereoorlog.²⁰ Die tweede is 'n vaktyskrifartikel deur die Hongaarse historikus Gábor Szabó-Zsoldos. Szabó-Zsoldos is verbonde aan die Universiteit van Nyíregyháza in die noordooste van Hongarye en 'n deeltydse dosent aan die Károli Gáspár Universiteit van die Gereformeerde Kerk van Hongarye in Boedapest. Hy spesialiseer onder meer in die Hongaarse aspekte van die Anglo-Boereoorlog en Brittanje se beleid van koloniasie in Suid-Afrika gedurende die 19de eeu. Sy artikel getiteld ““That they, Shakespeare's people, play the role of Barbarians here”” bied 'n unieke blik op die mediadekking, boeke en toesprake wat oor Hongarye se betrokkenheid by die oorlog gepubliseer en gelewer is.²¹

Die Oostenryk-Hongaarse elite en die Anglo-Boereoorlog

“Dans cette guerre je suis complètement Anglais.” (letterlik “In hierdie oorlog is ek heeltemal Engels.”)²² Keiser Frans Josef I van Oostenryk-Hongarye se woorde op 9 Januarie 1900 aan die Britse ambassadeur sir Horace Rumbold, in die teenwoordigheid van sowel die Franse as die Russiese ambassadeur, laat geen twyfel oor waar die keiser se lojaliteite in die Anglo-Boereoorlog gelê het nie.

Die politieke samestelling van die Oostenryk-Hongaarse Ryk het bepaal dat, hoewel Oostenryk en Hongarye administratief merendeels onafhanklik sou funksioneer, rykseenheid in beide streke deur die monargie behou sou word. Dus het die Hongare noemenswaardige outonomie geniet oor interne sake, terwyl

die imperiale administrasie verantwoordelik was vir militêre aangeleenthede, gesamentlike finansies en buitelandse beleid.²³ Met dié politieke struktuur in ag genome, is die buitelandse beleid van Oostenryk-Hongarye wat bestudeer kan word 'n standpunt wat deur die keiser gestel is en wat nie noodwendig die menings van Hongarye of Hongare verteenwoordig nie.



Keiser Frans Josef I van Oostenryk-Hongarye was 'n lojale ondersteuner van Brittanje se oorlogspoging gedurende die Anglo-Boereoorlog.

Keiser Frans Josef het vir die duur van die Anglo-Boereoorlog 'n lojale ondersteuner van Brittanje se oorlogspoging gebly en was ooglopend eensgesind met Brittanje. Hy is byvoorbeeld aangehaal waar hy gesê het dat hy entoesiasies is oor “*ons* onlangse suksesse in Suid-Afrika” (my eie vertaling en beklemtoning).²⁴ So was hy

ook ingenome met die “uitsonderlike marsjeringsmag en uithouvermoë van *ons* manskappe”(my eie vertaling en beklemtoning).²⁵ Voorts het hy ook sy tevredenheid uitgespreek oor Kruger se “vlug” uit die ZAR.²⁶ Dit is daarom ook nie vreemd dat die keiser geweier het om aan Kruger oudiënsie te verleen toe hy in Europa aankom nie. Ná die oorlog het die keiser ook geweier om ’n deputasie te sien wat uit onder andere genls. Koos de la Rey, Christiaan de Wet en Louis Botha bestaan het.²⁷

Rumbold se opvolger in Wene, sir Francis Plunkett, het later ook die keiser se ondersteuning treffend verwoord (my eie vertaling): “Sy Majesteit was deurgaans ons stoerste vriend.”²⁸

Volgens Bridge was die keiser se standpunte oor die Anglo-Boereoorlog kenmerkend van dié van die besluitnemende elite in die Oostenryk-Hongaarse Ryk. Die rede hiervoor blyk polities van aard te wees en die verhouding tussen die Oostenryk-Hongaarse Ryk en Brittanje was vir albei partye voordelig.

Op plaaslike bodem het amptenare van Oostenryk-Hongarye ook geen geheim van hul simpatieke houding teenoor Brittanje gemaak nie. Die konsul-generaal in Kaapstad, Emil Edler von Hirsch, was byvoorbeeld ’n bewonderaar van Cecil John Rhodes. Von Hirsch se onderbevelhebber, Egon Baron von Ramberg, het op sy beurt in 1899 verklaar dat die belange van die Oostenryk-Hongaarse monargie in Suid-Afrika uitsluitlik kommersieel is. Hy was oortuig daarvan dat die “verwarde politieke omstandighede” in die Boererepublieke sou plek maak vir omstandighede onder Britse beheer waaronder vryhandel moeiteloos voortgesit sou kon word.²⁹

In Engeland het Oostenryk-Hongaarse diplomate ook die verhouding met Brittanje met ywer gekoester. Die Londense ambassade se *charge d'affaires*, graaf Albert Mensdorff-Pouilly-Dietrichstein, was ferm in sy benadering teenoor die lot van die Boererepublieke en het onder meer gesê (my eie vertaling):³⁰

Engeland se aansien is in gevaar en die onderdane van Nederlandse afkoms moet daarvan verhoed word om die idee te kry dat die Nederlanders die Engelse suksesvol in Suid-Afrika kan teenstaan. Die spookbeeld van ’n “Verenigde State van Suid-Afrika” onder die oorwegend Nederlandse bevolking en leierskap moet verban word.

Hoewel die monargie, amptenary van verskeie ambassades en ander leiersfigure in Oostenryk-Hongarye openlik teen die Boererepublieke gekant was, was daar wel enkelinge en groepe in die elite wat nie dieselfde standpunte gehuldig het nie. In die Oostenrykse en Hongaarse kabinetsvergaderings was daar gevalle waar die opposisie kritiek uitgespreek het teen die regering se buitelandse beleid ten opsigte van dié oorlog. Twee sake was veral op die agenda in die debatte, naamlik die regering se

onbereidwilligheid om bemiddelende toetrede te maak in 'n poging om die oorlog tot 'n einde te bring; en die beweerde skending van die ryk se neutraliteit deur die verkope van perde uit Hongarye aan Brittanje vir gebruik in hul oorlogspoging teen die Boererepublieke (later meer oor dié verkope).³¹

Die Hongaarse publiek tydens die Anglo-Boereoorlog

Die Hongaarse publiek was, danksy 'n mediaveldtog wat deur die ZAR van stapel gestuur is, terdeë bewus van die Britse oorlog teen die Boererepublieke in Suid-Afrika (meer daaroor in die afdeling “Hongaarse mediadekking van die Anglo-Boereoorlog” op bl. 59).



Verskeie Hongaarse skrywers, soos Endre Ady (foto) en Dezső Kosztolányi, het oor die Anglo-Boereoorlog geskryf en lesers se emosies aangeraak.³² Ady, wat as een van die belangrikste Hongaarse digters van die 20ste eeu en as een van die mees vooraanstaande politieke joernaliste van dié tyd geag word,³³ se gedig “Búrok” (letterlik “Boer”) is 'n voorbeeld van die letterkunde wat gedurende die Anglo-Boereoorlog in Hongaars verskyn het en die Boereszaak minstens simpatiek was.

In sy artikel “Hungarians in the Anglo-Boer War” skryf Szabó-Zsoldos dat, benewens die plasing van berigte deur Hongaarse joernaliste, sowel vername Hongaarse digters en skrywers as politici en ander openbare figure oor die oorlog besin het en hul menings daaroor gelug het. Dié standpunte het regoor die spektrum gestrek: van pro-Boer tot neutraal en pro-Brits.³⁴

Bridge noem egter dat, hoewel die Hongaarse elite openlik Britsgesind was in ooreenstemming met Hongaarse (en dus ook Oostenryk-Hongaarse) politici, die Hongaarse publiek se mening in skerp kontras daarmee gestaan het.³⁵ Die

Oostenryk-Hongaarse ambassadeur in Brittanje het hieroor gesê (my eie vertaling):³⁶

In die hoër en regeringskringe is die gevoel teenoor Engeland oënskynlik baie vriendelik en hartlik; onder die bourgeoisie en die professorklas is die anti-Engelse, of miskien moet ek sê, die pro-Boer gevoel baie algemeen.

Beskikbare bronne het nie werklik bruikbare inligting oor die spesifieke aktiwiteite (indien enige) van pro-Boer groepe in Hongarye opgelewer nie, en dit behoort nog verder ondersoek te word. Wat wel in die literatuur voorkom, is enkele belangrike verwysings na die Hongaarse publiek se ingesteldheid teenoor die oorlog en die Boersaak.

Die eerste is 'n verwysing deur die Oxford-akademikus Donal Lowry in die boek *The South African War reappraised*, waarin hy na tientalle buitelandse groepe verwys wat gedurende die oorlog hul steun aan die Boererepublieke toegesê het. Dit is op uiteenlopende wyses gedoen, maar volgens Lowry het nagenoeg 12 000 Hongare in 1901 'n petisie ter ondersteuning van Paul Kruger (en vermoedelik dus ook die Boersaak) onderteken.³⁷

Szabó-Zsoldos se navorsing wys ook daarop dat 'n Hongaarse afvaardiging Kruger in Nederland besoek het. Tydens dié besoek het Kruger onder meer melding gemaak van die ooreenkomste tussen die Anglo-Boereoorlog en die Hongare se Vryheidsoorlog van die 1840's.³⁸ Die publiek het later ook 'n vergelyking getref tussen Kruger en die Hongaarse vryheidsvegter Lajos Kossuth. (Meer hieroor op bl. 62.)

NZASM-personeel: Deportasie veroorsaak woede in Oostenryk-Hongarye

Bridge verwys ook kortliks na 55 Oostenrykse NZASM-werknemers wat in Augustus 1900 (kort ná die inname van Pretoria) na hul vaderland teruggekeer het.³⁹ Dit spruit uit 'n besluit van die Britse militêre gesag in Transvaal. Nadat die Britte Pretoria in Junie beset het, het die enkele oorblywende werknemers ophou werk. Teen Desember 1899 was daar volgens NZASM-rekords net meer as 3 000 wit werknemers in diens van dié maatskappy.⁴⁰ Minder as 'n jaar later is werknemers wat nie burgers van die ZAR was nie aangesê om op te pak en die land te verlaat. Die oorgrote meerderheid van buitelandse werknemers in diens van NZASM was van Europa afkomstig, en op 2 Julie 1900 vertrek die eerste skip met voormalige NZASM-werknemers en hul gesinne.⁴¹ Nagenoeg 1 400 buitelandse werknemers is op dié manier gedeporteer.⁴² Dit is onduidelik of enige hiervan etniese Hongare was,

maar studies dui op minstens 55 Oostenrykse burgers wat teruggestuur is na Europa.

Die Amerikaanse politieke wetenskaplike Robert Granville Campbell voer aan dat 'n eis na aanleiding van die deportasie van 112 burgers van Oostenryk-Hongarye ingestel was. Daarbenewens is soortgelyke eise vir 1 139 Nederlanders, 199 Duitsers, 113 Italianers en 15 Amerikaners ingedien.⁴³



'n Groep Europese NZASM-werknemers in oop treinwaens tydens hul deportasie uit die Transvaal gedurende die Anglo-Boereoorlog. Nagenoeg 1 400 buitelandse burgers wat by NZASM gewerk het, is tydens dié oorlog gedeporteer.

Die Britse besluit om buitelandse NZASM-werknemers te deporteer, het ontevredenheid in Oostenryk-Hongarye uitgelok.⁴⁴ Tog het selfs dié optrede van Brittanje nie hul Oos-Europese vriende se vertroue in die geregtigheid van die Britse saak geskend nie en die Oostenryk-Hongaarse Ryk het Brittanje deur die loop van die oorlog steeds getrou ondersteun.

'n Perd van 'n ander kleur: Hongarye se verkoop van perde vir die Britse oorlogspoging en ander handels-transaksies

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het die Britse weermag meer as 450 000 perde en muile uit onder meer Brittanje, Suid-Amerika, Kanada, die VSA, Oostenryk-Hongarye en Suid-Afrika aangekoop om sy oorlogspoging teen die Boererepublieke voort te sit.⁴⁵ Sowel die Britse magte as die Boere het op sterk berede vermoë staatgemaak, maar vrektes onder perde en muile – weens siektes, fisieke ontberings, gevegte en onvermoë om die diere te versorg⁴⁶ – het die vraag na rydiere die hoogtes in laat skiet.

Volgens die historikus prof. Sandra Swart het die Britte gedurende die oorlog

64 157 perde en muile vanuit Hongarye ingevoer.⁴⁷ Dié verkope deur 'n land wat neutraal in die oorlog gestaan het, het ernstige kritiek ontlok.

Hoewel die kwessie selfs deur 'n aangewese kommissie in Brittanje ondersoek is, was die kommissie eerder gemoeid met die gehalte van die diere wat uiteindelik gelewer is en die bewerings van omkoperij in die aankoopproses. Dit wil voorkom asof die etiese kwessie – naamlik die aankoop van diere by 'n neutrale land vir gebruik in 'n oorlog – nie op hul agenda was nie.

Die saak is tussen Julie 1900 en Augustus 1904 sestig keer in die Britse parlement gedebatteer aangesien dit een van die mees kontroversiële kwessies oor die Britse weermag se voorraad gedurende die Anglo-Boereoorlog was. Onder die bekende politici wat die saak gedebatteer het, was David Lloyd George en Winston Churchill.⁴⁸

In Hongarye is die verkoop van perde en muile aan Brittanje ook indringend deur opposisiepartye bespreek. Hulle het die verkope vir die “wrede” oorlog teen die “klein en dappere” Boerenasie veroordeel. Die Boere se vryheidstryd is vergelyk met dié van die Hongare van nagenoeg vyf dekades vroeër en daarom is daar aangevoer dat Hongarye empatie het as 'n klein nasie vir sy onafhanklikheid veg.⁴⁹

In reaksie op die opposisiepartye se kritiek het die Hongaarse eerste minister Kálmán Széll bloot aangevoer dat hy en sy regering geen fout met dié besigheidstransaksie kon vind nie. Toe Széll ook gevra is waarom hy kon toelaat dat die verkope voortgaan en daarmee tot die oorlog teen die klein Boererepublieke bydra, het die eerste minister enige aantygings probeer ontwyk.⁵⁰

Navorsers het egter intussen bevind dat amptelike korrespondensie tussen sir Horace Rumbold, Britse ambassadeur in Wene, en die Britse eerste minister lord Salisbury toon dat die Hongaarse politieke elite kennis van die transaksies gedra het. Die Oostenryk-Hongaarse amptenare het die Britte boonop versoek om die verkope geheim te hou en sodoende 'n skandaal te verhoed.⁵¹ In 'n brief aan Rumbold voer Salisbury aan (my eie vertaling):⁵²

Die regering het aan my 'n privaat en vriendskaplike wenk deur die ministerie van buitelandse sake hier gegee dat, alhoewel hulle verheug sal wees indien ons perde vir Suid-Afrika in Hongarye kan aankoop, hulle begerig is dat ons dit stilweg [...] sal doen.

Salisbury benadruk voorts dat die kwessie van die verbreking van neutraliteit vanweë die transaksie ook verswyg moet word.

Aan Boerekant het dr. W.J. Leyds, voormalige staatssekretaris van die ZAR en ten tyde van die oorlog buitengewone gesant van die ZAR in Europa, protes teen dié

verkope by die Oostenryk-Hongaarse regering aangeteken en aangevoer dat dit op die verbreking van Hongarye se neutraliteit in die oorlog neerkom. Oostenryk-Hongarye het Leyds se protes geïgnoreer omdat hy nie deur hul regering as 'n gesant erken is nie.⁵³

Ernest von Koerber, die Oostenrykse eerste minister, het aan die Oostenrykse parlement verklaar dat die verkope 'n suiwer besigheidsaangeleentheid van privaat persone was en dat dit geensins op die ryk se neutraliteit inbreuk gemaak het nie.⁵⁴

Die transaksie is ook in die buitelandse media veroordeel en as "skandalig" bestempel.⁵⁵

Navorsing in Hongarye het getoon dat die Boererepublieke ook gepoog het om handelstransaksies met Oostenryk-Hongaarse sakelui te beklank. Die aankope van Mannlicher-gewere in Oostenryk en die aankope van meel in Boedapest is deur die Boere ondersoek. Dit is nie duidelik of enige van dié transaksies uiteindelik gefinaliseer is nie. Die "skandalige" perdetransaksie tussen die Britte en Hongarye strook in groot mate


'n Berig in die Britse weekblad Black and White Budget van 2 Junie 1900 beskryf die versending van nagenoeg 3 500 Hongaarse perde na Suid-Afrika, waar dit deur die Britse magte in hul oorlogspoging teen die ZAR en OVS ingespan is. Volgens dié berig is hierdie besending perde by die hawestad Fiume (vandag Rijeka in Kroasië) gelaai vir hul vaart na Beira aan die ooskus van Afrika. Daar is ook aangevoer dat dié perde ideaal geskik sou wees vir Suid-Afrikaanse omstandighede.

274 *BLACK AND WHITE BUDGET* JUNE 2, 1900


HUNGARIAN HORSES FOR BEIRA

AMONG the many different species of horse which are being bought up by the agents of the British Government in every Continent, and in almost every country, there are probably few that will be better suited to the work and conditions of the rough country of South Africa than the animal which is bred in the hilly tracks to the south of Hungary, in the provinces of Delnathia, and the vicinity. India and Australia have been drained of horses, and now America, Burmah, Hungary, and other lands are giving their quota of this most essential of all animals for South African warfare. Towards the end of March there were five transports loading up with the litho Hungarian pony for Carrington's column now forming at Beira. Each vessel carried from 600 to 850 animals, making in all a sum total of 300,000 beasts. What price the British Government paid for these 200 head is not known, but the average riding pony in this quarter costs some 250 kronen, roughly £25 sterling.

The Delnathia pony is one that has by generations of training acquired marvellous sure-footedness, being withal high-spirited, active, and very litho of body. He is somewhat slender of build, with remarkably clean-cut limbs, and has an exceedingly prepossessing exterior, which does not, however, belie his undoubted qualities as a mountain pony. He averages some 14-2, and is, notwithstanding appearances, by no means a poor weight carrier, while he has any amount of "stay." There are, probably, few hardy beasts of any clime who would give him points in this respect; none that the present writer knows of, with the solitary exception of the Indian Deccan pony, who feeds on anything, rarely sees a feed of grain, and yet while looking a perfect skeleton—even broken down—will, with another, pull a two-wheeled springless cart over country tracks without a halt, and at a trot or canter the whole distance for thirty miles, and any person with experience in the Deccan will tell you that with a single feed and a couple of halts of a few seconds' duration for water, he has not infrequently known a single pair do sixty miles in a day at a pinch. The Deccan pony is, however, too small for cavalry purposes, seldom standing more than 13.1, more often but 12.2, and is therefore unfitted for troop purposes at the moment. The Government might, however, with advantage, invest in about 5000 of them for quick cavalry transport purposes, as, for instance, to accompany Carrington or French with light necessities for, say, a month's use. The minimum in the way of transport for their feed would be necessary—given veld covered with thin grass and they will do very well; it is, after all, the life they have been bred to. As to



Hungarian horses embarking on the "Leitrim," after being passed by the inspector



This photograph shows some Hungarian horses being taken up the covered way to embark on the "Leitrim" at Fiume. They are not swung on board as is our method

met die houding van die Hongaarse elite teenoor Brittanje. Hul ingesteldheid was ongetwyfeld pro-Brits en hoewel dit as 'n blote saketransaksie tussen persone beskou is en derhalwe nie betrekking kon hê op die land se neutraliteit nie (of só is daar aangevoer), is die teendeel bewys en die transaksie op hoë politieke vlak aangemoedig.

Die teenkating van die opposisie en media toon egter dat dié transaksie – wat tot die nadeel van die Boererepublieke plaasgevind het – nie deur dié partye goedgekeur is nie.

Dit is egter onduidelik wat die deursnee-Hongaar se standpunt hieroor was. Tog het die Hongare wat in dié transaksie as kontrakteurs opgetree het – in die besonder die handelaar Hauser en Ludwig von Foglár van Boedapest⁵⁶ – twyfel laat ontstaan of alle Hongare noodwendig die Boersaak ondersteun het, en of sekere mense se lojaliteit nie moontlik eerder deur finansiële gewin bepaal is nie.

Hongaarse mediadekking van die Anglo-Boereoorlog

Volgens Szabó-Zsoldos het nuusdekking in die Hongaarse gedrukte media oor gebeure in Suid-Afrika 'n merkbare toename in die laat 1890's getoon. Die oorlog tussen Brittanje aan die een kant en die ZAR en die OVS aan die ander kant het duidelik nie net die verbeelding van die Hongaarse publiek aangegryp nie, maar ook dié van die Hongaarse joernaliste wat die Boersaak gunstig gesind was.

Szabó-Zsoldos bestempel die Anglo-Boereoorlog as een van die eerste gemedia-tiseerde (Engels: *mediatized*) oorloë in die geskiedenis.⁵⁷ Oorlog is vir die eerste keer deur die media op film en in rolprentfilms vasgelê; duisende foto's deur opgeleide



'n Berig oor die verkope van Hongaarse perde aan Brittanje, wat op 12 Desember 1901 in The New York Times verskyn het

fotografe asook mediaberigte deur oorlogskorrespondente is die wêreld ingestuur.

Een Hongaarse joernalis skryf daarom in die weeklikse Hongaarse tydskrif *Vasárnapi Újság* in 1899 (my eie vertaling):⁵⁸

Die literatuur oor Suid-Afrika het sulke buitengewone afmetings aangeneem sedert die twee klein Boerepublieke se oorlog met die Britse Ryk begin het. Ons kan al vir ses maande lank nog nie 'n koerant of tydskrif optel waarin daar nie langer of korter artikels oor die land en die inwoners van Transvaal is nie, of min of meer betroubare illustrasies van die gesigte van daardie land. 'n Mens kan amper glo dat daar geen meer besonderhede oor die Suid-Afrikaanse geografie en etnografie is waaroor die koerantlesende publiek nog nie deeglik ingelig is nie.

Sien byvoorbeeld die onderstaande dubbelblad wat in die *Vasárnapi Újság* van 31 Desember 1899 verskyn het. Let op die foto's van Pretoria en Johannesburg boaan die blad, sowel as dié van Kruger en sy eggenote, Gezina, onderaan. Die berig het oor meer as ses bladsye gestrek onder die opskrif “'n Hongaarse tante in Suid-Afrika”.

'n Dubbelblad van die *Vasárnapi Újság* van 31 Desember 1899

'n Toename in mediadekking oor die ZAR en die Anglo-Boereoorlog het nie sonder meer gebeur nie. 'n Sogenaamde “perskampagnjie” deur Leyds, voormalige staatsekretaris van die ZAR en tydens die oorlog buitengewone gesant van die ZAR in Europa, het merkwaardig vrugte afgewerp en gehelp verseker dat Europeërs die Boere in dié tyd met groter guns beskou het.

Leyds het byvoorbeeld al in Julie 1899, nagenoeg drie maande voordat die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het, aan F.W. Reitz, die ZAR se staatsekretaris, geskryf dat “die regverdigheid van die Transvaalse saak oral in Europa begin ingang vind”.⁵⁹

Teen Desember 1899 het Leyds verklaar (my eie vertaling):⁶⁰

En my stryd hier slaag uitstekend. Die hele Europa is so te sê met ons ... Daar is nog nie 'n enkele regering wat iets doen nie [...] maar ek het daarin geslaag om die simpatie van die volke aan ons kant te kry. 'n Vergelyking van die Europese pers van vandag met die pers van sowat 'n jaar gelede, is interessant. Die volke sal miskien die regerings dwing om iets te doen.

Ten opsigte van die mediadekking wat die ZAR se boodskap in Hongarye geniet het, het P.A. Nierstrasz, 'n Nederlandse uitgewer wat aktief by die pro-Boere propagandaveldtog in Europa betrokke was,⁶¹ aangevoer dat die “hele pers in Hongarye soos 'n man met 'n bruisende entoesiasme vir ons saak” stry (my eie vertaling).⁶²

Die werk van die Algemeen Nederlandsch Verbond- (ANV-)perskantoor het ook veel gedoen om beriggewing oor die oorlog in die Europese media akkuraat weer te gee en valse inligting reg te stel. Dié kantoor het medewerkers in onder meer Oostenryk-Hongarye, Rusland, Italië en Switserland gehad.⁶³

Die Hongaarse media, en derhalwe die Hongaarse publiek, is dus deur middel van Leyds se veldtog, en deur mense soos Nierstrasz en instellings soos die ANV-perskantoor oor die feite van die Anglo-Boereoorlog ingelig. Dié elemente het elkeen in mindere of meerdere mate bygedra tot die indrukke wat Hongare van Afrikaners (of Boere, soos wat hulle dikwels in die Europese media genoem is) gevorm het. Dit het – soos ek in 'n latere afdeling aantoon – uiteindelik ook 'n rol gespeel in enkele Hongare se besluit om self as vrywilligers die wapen op te neem en aan die Afrikaners se kant by die Anglo-Boereoorlog aan te sluit.

Die Hongaarse publiek (en ook die breër Europese publiek) is met weldeurdagte en gereelde beriggewing oor die oorlog op hoogte van sake gehou. Die boodskappe wat oorgedra is, het in Hongarye 'n invloed op die pro-Boer aktiwiteit gehad, meen Szabó-Zsoldos.⁶⁴ Lesers is deur die media ingelig oor die redes vir die oorlog en 'n beskrywing van die vyand, spesifieke taalgebruik en heldeverering


het algemeen voorgekom. Hongare het deur die media ook kennis geneem van Boeregeneraals soos Christiaan de Wet, Koos de la Rey en veral ook van die ZAR-president Paul Kruger.

Paul Kruger, Lajos Kossuth en István Széchenyi: 'n Vergelyking van drie vryheidsleiers


Lajos Kossuth en Paul Kruger: twee vryheidsleiers – een Hongaars en die ander 'n Afrikaner. Albei veg vir hul mense se vryheid, maar sterf uiteindelik as banneling in 'n vreemde land. Paul Kruger is dikwels deur pro-Boer Hongare as die Boere-Kossuth bestempel, maar waarom dié vergelyking?

Kossuth was 'n Hongaarse joernalis en politikus wat in 1848 en 1849 'n leier was in die Hongare se stryd om onafhanklikheid. Hoewel sy magte uiteindelik die stryd teen Oostenryk gewonne moes gee, is hy internasionaal gereken as 'n kampvegter vir vryheid.⁶⁵ Hy was 'n tydgenoot van die ZAR se president en is in 1894 as banneling in Italië oorlede.

Kossuth word vandag steeds vereer as leier. In 'n 2022-toespraak het die toenmalige Hongaarse president János Áder tydens die oorhandiging van die Kossuth-toekenning en die Hongaarse orde van verdienstelikheid gesê dat Kossuth oortuig was daarvan dat Hongare vryheid en vrede soek, maar dat hulle gevaarlike risiko's en opofferings moet maak om vir dié ideale te veg.⁶⁶



Dié skets van Lajos Kossuth dateer uit 1848.



István Széchenyi, die grootste Hongaar



Die laaste president van die ZAR, Paul Kruger, in Europa twee jaar voor sy dood in 1904.

Die raakpunte tussen dié twee skynbaar uiteenlopende leiers was reeds tydens die Anglo-Boereoorlog vir die pro-Boer Hongare opvallend. Een joernalis het selfs aangevoer dat die tragedie van die Hongaarse nasie weer in die verre suide in die land van die Transvaler aan die gang gesit word.⁶⁷

Daar word ook parallelle getrek tussen die Boere se vryheidstryd (van 1899 tot 1902) en die Hongare s'n van 1848 en 1849. Daarom meen een pro-Boerse Hongaar dat daar geen land of nasie is wat so diep en opreg vir die Boere – wat hul vryheid met hul laaste druppel bloed verdedig het – kon voel soos die Hongare nie.⁶⁸

Hoewel hierdie boek nie daarop gemik is om vergelykende historiese ontledings te doen nie, is dit wel hier toepaslik om 'n vergelyking te tref tussen Kruger en die persoon wat as die “grootste Hongaar” bekend staan: die Hongaarse politikus en joernalis István Széchenyi.⁶⁹

Széchenyi is in September 1791 in Wene gebore en het in April 1860 in die ouderdom van 68 jaar in dieselfde stad gesterf. Dié Hongaarse staatsman en Kruger was bykans tydgenote. Kruger is in 1825 gebore, maar het eers min of meer teen die tyd van Széchenyi se dood begin om opgang te maak as leier in die Afrikanergemeenskap.

In teenstelling met Kruger, wat slegs drie maande lank skoolopleiding ontvang het,⁷⁰ was Széchenyi 'n geleerde man. Albei het egter die ontwikkeling en modernisering van hul onderskeie lande ten doel gestel. Kruger het byvoorbeeld in 1883, toe hy homself as staatspresident van die ZAR verkiesbaar gestel het, die ontwikkeling van onder meer die landbou, 'n nasionale nywerheid en 'n spoorwegverbinding met 'n hawe in die vooruitsig gestel.⁷¹ Dit was een van Kruger se grootste drome om die republiek se hoofstad, Pretoria, met 'n spoorlyn aan Lourenço Marques (die huidige Maputo) te verbind. Dit is oorspronklik deur 'n vorige president van die ZAR, pres. T.F. Burgers, beoog. Teen 1881 het Kruger met ywer begin om dié kwessie te takel, maar is deur die beskikbaarheid van finansiering gekniehalter. Daar kon eers in 1887 'n lening vir die projek bekom word en teen die einde van 1894 is die sogenaamde Oosterspoorlyn amptelik geopen.⁷² Die spoorlyn was in daardie stadium van groot politieke waarde vir die ZAR, aangesien dit dié land (wat geheel en al deur land omring was) in staat gestel het om onafhanklik van 'n Britse hawe met die buitewêreld handel te dryf.⁷³

Széchenyi het verskeie belangrike hervormings vir Hongarye bewerkstellig. Enkele van sy suksesse sluit in⁷⁴

- die stigting van die Hongaarse Akademie vir Wetenskap danksy sy skenking van 'n jaar van sy inkomste vir die saak;

- die bou van die Kettingbrug oor die Donaurivier, wat die vereniging van Buda en Pest teweeg gebring het; en
- die vestiging van 'n stoombootdiens op die Donaurivier.

In 'n nuusberig wat kort ná Széchenyi se dood in 1860 in *The New York Times* verskyn het, word Széchenyi se bydrae tot die vestiging van die stoombootdiens op die Donau as die grootste prestasie van sy lewe geag. Széchenyi se vasbeslotenheid om die rivier tot Hongarye se voordeel te gebruik, het uiteindelik 'n werklikheid geword: Hy het daarin geslaag om die deure vir handel tussen Hongarye en die res van Europa te open.⁷⁵

Széchenyi en Kossuth word vandag steeds as twee belangrike rolspelers in die Hongaarse geskiedenis beskou. Hoewel hulle albei die vestiging van 'n liberale, konstitusionele burgerlike nasiestaat in Hongarye nagestreef het, het hul benadering tot die verwesenliking van dié ideaal en hul politieke uitkyke merkbaar van mekaar verskil.⁷⁶ Terwyl Széchenyi eerder gehoop het op hervorming wat van die boonste na die onderste vlakke van die samelewing deurgevoer word, was Kossuth meer ten gunste daarvan dat die Hongaarse gemeenskap 'n sterker rol in hervorming moet speel. Kossuth was derhalwe oortuig dat die burgerlike gemeenskap nie sonder meer uit die politiek, wat tot dusver deur magtige lede van die elite of die regering beheer is, gesluit kon word nie.⁷⁷

Terwyl Kossuth 'n voorstander van snelle veranderinge was en nie noodwendig die sensitiwiteit van die keiserlike bestel in ag geneem het nie, was Széchenyi se benadering eerder gemik op weldeurdagte onderhandelinge en verdraagsaamheid.

Kenner is dit egter eens dat, hoewel die Hongaarse publiek later eerder Kossuth se benadering in die hervormingsproses omarm het, sou dit nooit sonder Széchenyi se diepliggende en omvattende maatskaplike ontledings moontlik gewees het nie.⁷⁸

Volgens Dávid Bencsik, die direkteur-generaal vir internasionale verhoudinge aan die MATE-universiteit in Boedapest, was Széchenyi se aanslag een wat gepoog het om die Hongaarse adelstand aan te moedig om Hongarye op te hef en industrialisering te bewerkstellig. 'n Sterk bou-en-opheffingskultuur was dus deel van dié Hongaarse leier se inslag. Kossuth het daarenteen eerder 'n opstand teen die Habsburg-monargie – dus 'n vegstrategie – voorgestaan.⁷⁹

Dié benadering vir die verwesenliking van 'n gemeenskap se ideale (naamlik opbou en veg) word vandag ook in Suid-Afrika deur instellings van die Solidariteit Beweging – 'n oorkoepelende beweging wat uit meer as 'n dosyn organisasies bestaan wat hulle vir die beskerming van die Afrikanerminderheid op verskeie

terreine beywer, insluitende die burgerregteorganisasie AfriForum en die vakbond Solidariteit – toegepas in die beskerming van die Afrikanerminderheid se regte en die vestiging van 'n vry, veilige en voorspoedige bestaan in Suid-Afrika.

Hongare neem die wapen op tydens die Anglo-Boereoorlog

Die Anglo-Boereoorlog was in vele opsigte 'n internasionale oorlog. Mense het van oor die wêreld heen daaraan deelgeneem, die Boere- of Britse saak ondersteun of bloot simpatiek teenoor die een of die ander party gestaan. Wêreldwyd het die publiek hoë vlakke van simpatie met die twee klein Boererepublieke aan die suidpunt van Afrika gehad. Regerings het dikwels weens politieke verhoudinge 'n teenoorgestelde standpunt ingeneem. Hoewel dié stryd tussen Boer en Brit geografies van ander groot moondhede van die tyd verwyderd was, het die oorlog tog ook 'n internasionale impak gehad. Dit het selfs die alliansies wat tussen lande gevorm is, asook die magsbalans op internasionale vlak, vir etlike jare daarna beïnvloed.⁸⁰

Fransjohan Pretorius, 'n vooraanstaande kenner van die Anglo-Boereoorlog en voorheen verbonde aan die Universiteit van Pretoria, meen dat die presiese getal buitelandse burgers wat gedurende dié oorlog aan die kant van die Boererepublieke geveg het, onseker is. Sekere Suid-Afrikaanse bronne reken dat daar nagenoeg 2 000 buitelanders aan Boerekant geveg het, terwyl 'n Britse bron dié syfer op tussen 3 700 en 4 000 reken.⁸¹ Pretorius meen egter dat die Amerikaanse oorlogskorrespondent Howard C. Hillegas se syfer van 2 675 buitelandse vrywilligers waarskynlik meer akkuraat is.⁸²

Die meerderheid van dié buitelandse vrywilligers was afkomstig van Nederland (400), Frankryk (300), Duitsland (300), Ierland (200) en die VSA (150), terwyl 'n kleiner aantal ook van Rusland, Italië en Skandinawië afkomstig was.

Szabó-Zsoldos voer in sy navorsing aan dat minstens 17 Hongare aktief aan die oorlog deelgeneem het: 12 aan die kant van die Boere en vyf aan die kant van die Britte.⁸³ Die webtuiste www.angloboerwar.com se databasis van burgers (gebaseer op data van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke) en buitelanders wat aan die oorlog deelgeneem het, lys die name van 'n verdere drie Hongare wat aan Boerekant geveg het. Saamgevoeg is die Hongaarse deelnemers aan die Anglo-Boereoorlog dus soos volg (die drie bykomende inskrywings op www.angloboerwar.com se databasis is in grys gemerk):

Tabel 1: Hongare wat aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het

Van	Naam	Boerekant	Britse kant
Bornemisza*	Kálmán	x	
Bornemisza*	Pál		x
Bulyovszky	Károly	x	
Duka	Albert Theophilus		x
Ferenczy [#]	Mihály	x	
Fleischer	Pál	x	
Gössing	Géza	x	
Illés*	Gyula Edvi	x	
Illrich-Rittmeister	?	x	
Janssen	Lajos	x	
Keménydy	Elemér		x
Luzsénszky*	Félix	x	
Mészáros	Paul	x	
Mrsic	Lucca	x	
Péchy* [#]	Tibor	x	
Propper	János		x
Simon	Vilmos	x	
Szigethy	Lajos	x	
Vadász	Lajos		x
Wass*	Albert	x	
Totaal		15	5

Uit die tabel blyk dit dat minstens 20 Hongare aktief aan die oorlog deelgeneem het en dat 75% van hulle aan Boerekant geveg het. Dié Hongare het uiteenlopende vlakke van die samelewing verteenwoordig. Ses van die deelnemers was van die Hongaarse adelstand (in die tabel aangedui met *), terwyl twee hul reeds voor die oorlog aan die suidpunt van Afrika gevestig het (aangedui met #).⁸⁴ Dit toon dat, hoewel 'n groot groep van die Hongaarse elite om politieke redes meer Britsgesind was, dit nie van almal in die Hongaarse hoër klas die geval was nie: Vyf van die ses adellike Hongare het aan Boerekant geveg.

Mészáros haal ook navorsing van Kristóf Szabo aan.⁸⁵ Daarvolgens het 14 Hongare aan die oorlog deelgeneem. Hoewel sy lys min of meer met dié van Szabó-Zsoldos

en www.angloboerwar.com se databasis ooreenstem, verskyn die name van vier ander Hongare ook op sy lys: baron György Atzél, Zlinszky András, ene Henel en ene J.F. Dié name kon nie andersins bevestig word nie, maar indien dit akkuraat sou wees, bring dit die totale getal Hongare wat aan die oorlog deelgeneem het op 24 te staan.

Foto's van Félix Luzsénszky, Pál Fleischer en Vilmos Simon – drie Hongare wat aan Boerekant aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het. Volgens die meegaande berig waarby dit in die Hongaarse koerant Vasárnapi Újság verskyn het, het dié klein groepie Hongare saam met ander Oostenrykse vrywilligers aan Boerekant geveg en onder die bevel van Luzsénszky gestaan. Hier het hulle, volgens die berig, die reputasie van Hongaarse dapperheid gestand gedoen.⁸⁶

László Pap voer aan dat daar baie meer Hongaarse deelnemers aan Boerekant geveg het as die 12 of 14 persone wat dikwels in navorsing vermeld word (my eie vertaling): “In my tesis is 21 vrywilligers, waarvan een (Finifera) nog nooit voorheen in enige werk wat aan my bekend is voorgekom het nie.”⁸⁷

Hoewel daar nie eenstemmigheid oor die presiese aantal Hongare in dié oorlog is nie, is dit duidelik dat daar wetenskaplike bewys vir minstens 21 aangebied kan word.

Minstens twee van die deelnemers soos gelys deur Szabó-Zsoldos en die genoemde oorlogsdatabase (in die tabel aangedui met 'n #) het hul reeds voor die oorlog in Suid-Afrika gevestig (Péchy het in die ZAR gewoon, maar dit is nie seker of Ferenczy in een van die Britse kolonies of die Boererepublieke gewoon het nie). Beide Hongare het aan Boerekant geveg.⁸⁸ Die res van die deelnemers wat deur Szabó-Zsoldos gelys is, het gedurende die oorlog na Suid-Afrika gekom om hulle hier by die stryd aan te sluit.



Teen 1900 was minstens nege van die Hongare wat aan Boerekant geveg het deel van die Oostenrykse kommando van 'n voormalige luitenant in die Oostenryk-Hongaarse weermag, Ritter Anton von und zu Goldegg und Lindenburg.⁸⁹

Waarom sou Hongare vrywillig aan 'n oorlog deelneem wat hulle op geen direkte manier geraak het nie? Navorsers stem saam dat die meer as 2 000 buitelandse vrywilligers wat aan die oorlog deelgeneem het uiteenlopende redes vir deelname gehad het. Dit sluit kwessies in soos idealisme, verveeldheid, avontuur, politieke protes, anti-Britse sentiment en selfs megalomanie (grootheidswaan).⁹⁰

In Szabó-Zsoldos se studie word drie Hongaarse vrywilligers (Duka, Wass en Péchy) se betrokkenheid in meer besonderhede bestudeer. Die redes vir hul aansluiting by die Britse of Boeremagte, deelname en lewe ná die oorlog word hier onder kortliks bespreek.

Albert Theophilus Duka


Duka was die seun van Hongaarse immigrante in Engeland. Hy het hom later in Australië gevestig. Hy was 'n opgeleide mediese dokter en het as vrywilliger tydens die oorlog na Suid-Afrika gekom, waar hy onder meer in die Queensland Army Medical Corps as dokter gedien het. Hy het tydens die Beleg van Mafeking merkwaardige diens gelewer en is met die Distinguished Service Order (DSO) en die koninginsmedalje vereer. Duka was Hongarye se mees gedekoreerde persoon van die oorlog.⁹¹



Die mediese offisier Albert Theophilus Duka, die sogenaamde Held van Elandsrivier, het gedurende die 12 dae lange beleg by Elandsrivier (ook bekend as die Slag of Beleg van Brakfontein, 4 tot 16 Augustus 1900) onder 'n seildoek operasies op gewonde Britse soldate uitgevoer, verskeie amputasies gedoen en na die beseerde soldate se welstand omgesien. Hy het met sy werk voortgegaan, ten spyte daarvan dat die Boere hewig op die groep gevuur het.⁹² Die Boeregeneraal Koos de la Rey was die aanvoerder van dié beleg, wat in die omgewing van die teenswoordige Swartruggens plaasgevind het.⁹³

Albert Wass

Wass was lid van 'n vooraanstaande Transsilvaniese familie en het in Parys regte gestudeer toe die oorlog in Suid-Afrika uitbreek. In 1901 het hy saam met 'n groep Nederlandse vriende besoek by pres. Paul Kruger afgelê. Ná hul besoek aan Kruger was die groep daarvan oortuig om by die Boere in Suid-Afrika aan te sluit. Hulle het Europa in die lente van 1902 verlaat en in Mei 1902, enkele dae voor die einde van die oorlog, in Lourenço Marques aangekom. Wass en sy vriende is egter naby die Transvaalse grens met Mosambiek deur 'n Britse patrolie voorgekeer. Sy vriende het oorgegee, maar Wass het probeer ontsnap. Hy is noodlottig gewond en het op 14 Mei 1902 gesterf.⁹⁴



Die Hongaar Albert Wass wat tydens die Anglo-Boereoorlog gesterf het

In sy boek oor die geskiedenis van die Wass-familie skryf András W. Kovács dat Wass blykbaar na aanleiding van die invloed van sy Nederlandse vriende en sonder die medewete van sy ouers besluit het om hom by die Boere aan te sluit.⁹⁵ Wass se ouers het ná sy dood 'n gedenkplaat ter ere van hul seun in die Calvinistiese Kerk in Kolozsvár (tans deel van Roemenië en in Roemeens bekend as Cluj-Napoca) aangebring. Sekere bronne voer aan dat familieleden eers in 1909 daarin kon slaag om Wass se graf op te spoor.⁹⁶ Szabó-Zsoldos voer daarenteen aan dat Brittanje die familie in 1908 ondersteun het om die graf te besoek en dat die regering ook die graf intussen in stand gehou het.⁹⁷

In 2018 het 'n Hongaarse geselskap 'n kopstuk op sy graf opgerig. Hedendaagse mediaberigte bestempel dié Hongaar ietwat oordrewe as “die held van die Anglo-Boereoorlog”; dit beskryf sy dapperheid tydens die voorval en meen dat selfs sy vyande hom oor sy dapperheid geloof het.⁹⁸

Die Hongaarse media het reeds in 1902 'n heldeverering vir Wass se “deelname” aan die oorlog gehad (my eie vertaling):⁹⁹

Wanneer mense ook al vir vryheid veg, loop Hongare nie die kans mis om aan dié stryd deel te neem nie. Die stoflike oorskot van talle van ons heldhaftige medelandsburgers verbrokkel op die slagvelde van Italië, Pole en Noord-Amerika, en onlangs het die adellike bloed van 'n entoesiastiese jong Hongaar ook met die verspilde bloed van die Boerehelde in Suid-Afrika vermeng.



Die Calvinistiese Kerk in Kolozsvár, waarin die gedenkplaat ter ere van Albert Wass aangebring is

Die gedenkplaat ter ere van Albert Wass

Tibor Péchy

Teen 1899 het Péchy reeds drie jaar lank in die ZAR gewoon. Hy kon Nederlands praat en was oor die Boere se kultuur ingelig. Hy het uit 'n gesiene Hongaarse familie gestam. 'n Hongaarse avonturier Fedor Zubovits het Péchy aangemoedig om sy diens as hoogs opgeleide weermagoffisier aan die ZAR aan te bied. Die ZAR was egter nie so gewillig om hom bloot tot die Transvaalse Artillerie (TA) toe te laat nie en Péchy is gedwing om op ander maniere 'n inkomste te skep. Hy het gedurende sy verblyf in Pretoria besoek afgelê by Kruger in sy woning in Kerkstraat en ook genl. C.R. de Wet ontmoet. Hy het uiteindelik in Januarie 1900 by genl. Hendrik Schoeman se kommando aangesluit en nege maande lank sy aan sy met die Boere geveg en aan verskeie veldslae en skermutselings



Die Hongaar Tibor Péchy het nege maande lank saam met die Boere in die Anglo-Boereoorlog geveg. Volgens 'n berig wat in die Hongaarse blad Vasárnap Újság verskyn het, het Péchy se pad voor die oorlog met onder meer dié van pres. Paul Kruger en tydens die oorlog met dié van genls. Christiaan de Wet en Ben Viljoen gekruis.¹⁰⁰

deelgeneem. In September 1900 het hy saam met verskeie ander Hongaarse krygers die Transvaalse grens by Mosambiek oorgesteek. Daarmee was sy deelname aan die oorlog verby.¹⁰¹

Dit is waarskynlik dat Péchy se militêre opleiding tot sy besluit bygedra het om by die oorlog aan te sluit. Hoewel sy aansoeke voor die oorlog om tot die TA toegelaat te word onsuksesvol was, het dit egter sy behoefte bevestig om militêre diens te doen. Sy besluit om na Suid-Afrika te kom is deur Zubovits beïnvloed. Dit is nie duidelik watter kennis Zubovits van die ZAR gehad het en waarop hy sy aanbeveling gebaseer het nie, maar dit is bekend dat hy reise na veral Noord-Afrika onderneem het. Die gevolgtrekking kan wel gemaak word dat Zubovits se aanbeveling – en dus gunstige houding teenoor die ZAR – voldoende was om Péchy te oortuig om hom in dié Boererepubliek te vestig.

Na-oorlogse belangstelling in die Anglo-Boereoorlog


Die vredesluiting in 1902 het geensins ’n einde aan die openbare debat oor dié stryd tussen Brittanje en die voormalige Boererepublieke beteken nie. Wêreldwyd het die publiek steeds gesmag na inligting oor die bittere oorlog waarin twee klein republieke hul onafhanklikheid teen ’n imperiale moondheid verloor het.

Talle amateurhistorici wat op die een of ander wyse self by die oorlog betrokke was – hetsy as krygers, mediese personeel, oorlogskorrespondente of bloot net ooggetuies – het hul herinneringe te boek gestel in die jare en dekades wat op die oorlog gevolg het. Een van die bekendste herinneringe oor die oorlog is dié van genl. C.R. de Wet, wat eers in Nederlands en daarna in Duits, Frans, Russies, Engels en heelwat later in Afrikaans gepubliseer is. Genls. J.C. Smuts en Ben Viljoen, asook Deneys Reitz se werke verdien ook veral vermelding.¹⁰² Verskeie buitelandse deelnemers aan die oorlog het ook hul ervarings neergepen, soos die Russiese verpleegkundige Sophia Izedinova, die oorlogskorrespondent (en latere Britse eerste minister) Winston Churchill en die Sherlock Holmes-skrywer Arthur Conan Doyle.

Hongare wat aan die oorlog deelgeneem het, het ook dié roete gevolg en hul ervarings van die oorlog in die suide van die Afrikakontinent na die Hongaarse publiek geneem. Volgens Szabó-Zsoldos het ’n “noemenswaardige getal” Hongaarse veterane wat aan Boerekant geveg het elke geleentheid aangegryp om hul stories oor die oorlog te vertel én te verkoop.¹⁰³ Drie pro-Boer Hongaarse veterane het boeke oor hul ervarings geskryf, terwyl daar ook talle artikels in tydskrifte gepubliseer is en ander lesings oor hul belewenis van die oorlog aangebied het.

Die boeke wat Hongaarse deelnemers geskryf het, sluit in

- *Boer-Angol tüzben* (letterlik “In Boere-Engelse vuur”) deur Károly Bulyovszky
- *A búr szabadságharcz* (letterlik “Die Boere se vryheidsoorlog”) deur Vilmos Simon
- *Búr földön* (letterlik “In die land van die Boer”) deur Lajos Szigethy¹⁰⁴
- *Levelek a boer-angol hábirúról* (letterlik “Briewe oor die Anglo-Boereoorlog”) deur Albert Theophilus Duka¹⁰⁵



Die voorblad van Károly Bulyovszky se oorlogsherinneringe, *Boer-Angol tüzben* (letterlik “In Boere-Engelse vuur”)



Die Hongaar Károly Bulyovszky, hier in 1900 afgeneem, het sy ervarings van die Anglo-Boereoorlog ná afloop van die oorlog in *Boer-Angol tüzben* te boek gestel.

Op sy beurt het baron Félix Luzsénszky – wat reeds voor die einde van die oorlog bekendheid as pro-Boer verwerf het – lesings oor die oorlog aangebied. Volgens Szabó-Zsoldos het Luzsénszky sowel sy bekendheid as die publiek se nuuskierigheid oor die oorlog benut en ná die oorlog ’n landwyse lesingsreis onderneem.¹⁰⁶

Dié lesings, artikels en memoires oor die oorlog deur Hongaarse vrywilligers beklemtoon dat die Hongaarse publiek se belangstelling in die oorlog en die lot van die Boererepublieke selfs ook ná die oorlog voortgeduur het.

Dit is interessant dat die pro-Boere nie altyd met lof oor die Afrikaners gepraat of geskryf nie. Péchy (sien bl. 70) het aantygings van lafhartigheid, verraad en hiperkonserwatisme teen die Boere gemaak.¹⁰⁷ In sy lesings oor die oorlog het hy egter 'n veel beter beeld van die Boere geskets en Afrikaners as 'n heroïese nasie beskryf. Hy het ook die Boere se vryheidstryd met dié van die Hongare in 1848–1849 vergelyk.

Dit wil voorkom of die Hongaarse publiek stéeds 'n belangstelling in die Anglo-Boereoorlog toon. In 2006 byvoorbeeld is die boek *Az Angol-Búr Háború* (letterlik “Die Anglo-Boereoorlog”) deur István Zicherman in Hongaars gepubliseer.

Benewens werke van niefiksie wat kort ná die oorlog en selfs meer onlangs gepubliseer is, het Hongaarse fiksieskrywers ook belang getoon in dié oorlog. “Uitnemende” Hongaarse digters en romanskrywers, insluitende Endre Ady en Dezsö Kosztolányi, het die pen opgeneem om oor die oorlog te skryf.¹⁰⁸

Persone van belang teen die vroeë 1900's

In 1907 verskyn die publikasie *South African who's who* vir die eerste keer. Biografiese sketse van vooraanstaande persone in die Suid-Afrikaanse samelewing is in dié boek ingesluit.¹⁰⁹ Teen 1911 is die vyfde uitgawe van dié publikasie gepubliseer en nagenoeg 4 000 biografieë van hooggeagte persone is in die boek ingesluit. Hoewel die boek nie die kriteria verduidelik vir die insluiting van persone in dié boek nie, kan daar aanvaar word dat persone wat hierby ingesluit is op die een of ander vlak van die samelewing as belangrik geag is. Uit die versameling biografieë kan daar afgelei word dat veral sakelui, akademici, militêre veterane en politici hierby ingesluit is. Voorts blyk dit dat die persone wat in die werk voorkom nie noodwendig Suid-Afrikaanse burgers was nie, aangesien buitelandse diplomate byvoorbeeld ook ingesluit is.

Hongare wat in die vroeë 20ste eeu in Suid-Afrika gewoon het

Die 1911-uitgawe van dié jaarlikse publikasie bevat die biografieë van minstens vyf persone van Hongaarse of Oostenryk-Hongaarse afkoms:¹¹⁰

- *Alexander Kleinnkind*

Die meganiese en elektriese ingenieur Alexander Kleinnkind is in 1873 in Hongarye gebore, maar het in 1902 na Suid-Afrika geëmigreer en in

Johannesburg gaan woon. Hy was werksaam by Rand Central Electrical Works.¹¹¹

- *Joseph Laforce*
Laforce is in Hongarye gebore en het hom in 1896 in Johannesburg en in 1897 in Pretoria gevestig. Hy het teen 1911 sy eie konstruksie-en-kontrakteursonderneming in Schubartstraat in Pretoria bedryf.¹¹² Later in sy lewe was hy ook 'n hoteleienaar in Pretoria.¹¹³
- *Karl Schwarz*
Schwarz was 'n toonaangewende persoon in sowel die politieke samelewing as die Suid-Afrikaanse handelswêreld van die vroeë 1900's. Volgens *South African who's who* was hy 'n Oostenryk-Hongaarse diplomaat wat hom in 1901 in Durban gaan vestig het, waar hy sedert 1903 'n sake-eienaar was. Hy was voorts 'n handelaar wat in- en uitvoere hanteer het en onder meer Karl Schwarz & Co. en Cape Town General Merchants and Exporters besit het. Hy was lid van die Durbanse poloklub en die Johannesburgse buiteklub.¹¹⁴ Schwarz se besighede en betrokkenheid by klubs toon aan dat hy waarskynlik 'n vername persoon in die samelewing was.
- *Jacob Hardman Stern*
Volgens *South African who's who* het 'n 24-jarige Stern in 1894 na Suid-Afrika gekom.¹¹⁵ Hy was 'n juwelier en is volgens dié bron in Hongarye gebore en opgelei. Hy word beskryf as die "Pioneer Manufacturing Jeweller of the Transvaal" wat juweliersware vir verskeie vooraanstaande mense gemaak het. Amerikaanse paspoortdokumentasie toon dat Stern in 1887 na die VSA geëmigreer en in New York gewoon het. Dit wil uit dokumentasie voorkom of hy vanaf 1900 net tydelik in Johannesburg sou gaan woon het.¹¹⁶ Stern is egter in 1933 in Johannesburg oorlede. Hy het sy vrou en vier kinders agtergelaat.¹¹⁷
- *Baron Ramberg*
Baron Ramberg is in 1809 in Hongarye gebore en was vanaf 1899 Oostenryk-Hongarye se konsul vir Suid-Afrika.

Uit die biografiese sketse van die bogenoemde persone kan sekere afleidings gemaak word:

1. Verskeie Hongare woonagtig in Suid-Afrika het teen die vroeë twintigste eeu gevestig geraak in die Suid-Afrikaanse handel, nywerheid en breër samelewing.

2. Dié mense was goed geskool en is verder as spesialiste opgelei (onder meer as ingenieurs, bouers en sake-eienaars).

Die bogenoemde inligting bied ongelukkig nie veel ten opsigte van dié Hongare se verhoudinge met Suid-Afrikaanse burgers oor die algemeen en Afrikaners in die besonder nie. Hoewel hul beroepe hulle noodwendig in kontak met Afrikaners sou gebring het, sal die interaksie tussen dié Hongare en Afrikaners waarskynlik onbekend bly.

Die Hongare het hul onderskeidelik in 1902, 1896, 1901, 1894 en 1899 in Suid-Afrika kom vestig. Dit was 'n era van relatiewe politieke vrede in Hongarye gedurende die sogenaamde dubbele monargie. In dié tyd het Hongarye meer reg ten opsigte van selfbestuur geniet. Daarenteen was dié jare stormagtig aan die suidpunt van Afrika.

Hoewel dit moeilik is om aannames te maak oor waarom hierdie mense Hongarye juis in dié tyd verlaat het, kan daar aanvaar word dat die ekonomiese vooruitgang, wat veral die ZAR sedert die ontdekking van goud in 1886 gekenmerk het, waarskynlik 'n rol sou gespeel het. Nuwe geleenthede en 'n tekort aan vaardighede sou egter kundigheid van elders vereis – en dit is duidelik dat kundiges uit Hongarye ook dié geleenthede aangegryp het.

In haar boek *Hungarian Americans and their communities of Cleveland* ondersoek die navorser Susan M. Papp die vestiging van Hongare in die VSA oor die algemeen en in Cleveland, Ohio, in die besonder.¹¹⁸ Sy het aangetoon dat meer as een miljoen Hongare tussen 1870 en 1920 na die VSA geëmigreer het. Die redes vir wat sy “The Great Migration” noem, is nie noodwendig in alle opsigte op Hongaarse migrasie na Suid-Afrika in dié tyd van toepassing nie, maar het moontlik tog 'n rol in dié Hongare se besluite gespeel. Armoede en oorbevolking van die platteland was volgens Papp die belangrikste kwessies wat Hongare van hul geboorteland weggedryf het. Die Hongaarse bevolking het in die 1880's en 1890's met nagenoeg twee miljoen gegroei. Dié bevolkingstoename het tot 'n ooraanbod in beskikbare arbeiders (veral in die landbou) gelei, wat tot werkloosheid en laer lone gelei het. Voorts het die stelsel van grondbesit in Hongarye die beskikbaarheid van grondgebruik deur kleiner boere beduidend beperk. Sogenaamde dwerggrondeienaars se bewerkbare lappie aarde was net te klein om daaruit 'n bestaan te kon maak. Voorts het arbeiders in haglike omstandighede gewerk, terwyl die tekort aan nywerhede in Hongarye in daardie stadium landelike arbeiders dus geen ander geleenthede gebied het om van armoede te ontsnap nie. Papp voer aan dat dit juis kleinboere en arbeiders sonder enige grond was wat na die VSA geëmigreer het.¹¹⁹

Alwin Karl Haagner: Die ornitoloog en die Hongaarse witooievaars

Ene Alwin Karl Haagner word ook in die 1911-uitgawe van *South African who's who* gelys. Hoewel Haagner in die Kaapkolonie gebore is en sy ouers van Duitse afkoms was, is Haagner se verbintenis met Hongarye interessant om 'n heel ander rede. Haagner was teen 1911 die superintendent van die Transvaalse Dieretuin in Pretoria (vandag die Nasionale Dieretuin van Suid-Afrika), en van 1914 tot 1926 die direkteur van dié dieretuin. Hy was voorts ook medestigter van die Nasionale Krugerwildtuin. Met sy afsterwe in 1962 is Haagner beskou as een van Suid-Afrika se grootste ornitoloë en die eerste persoon in die land wat as voltydse ornitoloog gewerk het. Haagner se ornitologiese versameling is later met groot sukses deur dr. Austin Roberts gebruik vir die samestelling van sy monumentale werk *Birds of South Africa* (1940).¹²⁰ Volgens *South African who's who* was Haagner onder meer erelid van verskeie buitelandse ornitologieverenigings – waaronder die Hongaarse Ornitologiese Buro (HOB).

Dit blyk dat Haagner tydens sy loopbaan saam met die HOB belangrike werk gedoen het. Die Suid-Afrikaanse Ornitologiese Unie (SAOU), waarvan hy medestigter en sekretaris was,¹²¹ het noue bande met die HOB gesmee. Daarbenewens het die SAOU die werkswyse van die Hongare oor die bestudering van die migrasie van trekvoëls in 1905 as voorbeeld voorgestel.¹²²

Die een noemenswaardige migrasie wat jaarliks met groot afwagting dopgehou word, is dié van die witooievaar (*Ciconia ciconia*). In die *South African Agricultural Journal* van 1914 verskyn byvoorbeeld 'n lys van 32 geringde witooievaars wat vanaf 1909 tot 1914 in Afrika dood is. Die meeste hiervan (24 voëls) is in Suid-Afrika gevind.¹²³ Die optekening van dié inligting getuig van die noue verhouding wat daar reeds in die vroeë 1900's tussen Suid-Afrika en Hongarye op dié gebied bestaan het.

Intussen word die verhoudinge tussen die Suid-Afrikaanse voëlkundiges en hul eweknieë in Hongarye steeds voortgesit. So is daar byvoorbeeld in Februarie 2015 op die nuusblad *Hungary Today* berig hoe twee geringde Hongaarse ooievaars nagenoeg 20 000 km afgelê het om hulle vir die somer in die Oos-Kaap en KwaZulu-Natal tuis te maak.¹²⁴ In 2018 het die witooievaars weer opspraak verwek toe nóg 'n geringde ooievaar in die Natalse Middellande opgemerk is. Boonop broei witooievaars wat in Suid-Afrika aandoen uitsluitlik in die Wes-Kaap. Dié voëls se migrasiepatrone word deur sowel die Suid-Afrikaanse Voëlringingseenheid as hul Hongaarse kollegas gemoniteer.¹²⁵



Robert H. Ivy. A. Haagner


Die ornitoloë Robert H. Ivy en Alwin Karl Haagner (regs); Haagner was een van Suid-Afrika se grootste ornitoloë en die eerste persoon in die land wat as voltydse ornitoloog gewerk het. Hy het oor sy loopbaan heen belangrike samewerking met die HOB bewerkstellig.

HOOFSTUK 5

Verhoudinge van 1910 tot ná die Tweede Wêreldoorlog

Hongare in Suid-Afrika, 1910–1951

Soos later in die boek aangetoon word, het die Hongaarse bevolking in Suid-Afrika eers teen 1956 en 1957 'n noemenswaardige getal bereik. Voor dié tyd was die getal Hongare in Suid-Afrika nie juis noemenswaardig nie. Die getal mense wat hul nasionaliteit in die Unie van Suid-Afrika se sensusopnames as Hongaars aangetoon het, word in die onderstaande grafiek uitgebeeld.



Die getal persone wat in die sensusopnames van die Unie van Suid-Afrika as Hongaars geïdentifiseer het

Suid-Afrika, Hongarye en die Eerste Wêreldoorlog

Die stryd in Oos-Afrika

Die Eerste Wêreldoorlog was nie net tot Europa beperk nie en teen Augustus 1914 is Oos-Afrika ook by dié konflik betrek. Duits-Oos-Afrika (die hedendaagse Tanzanië, Burundi en Rwanda) en Brits-Oos-Afrika (die hedendaagse Kenia) het die kern van die sogenaamde Oos-Afrika-veldtog van dié oorlog gevorm. Talle studies het al oor dié afdeling van die oorlog verskyn en die doel hier is geensins om die stryd in detail weer te gee nie.



Die Hongaarse natuurwetenskaplike, reisiger en jagter Kálmán Kittenberger was op 'n jagtog in die ooste van die Britse Protektoraat van Uganda toe die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het.¹ Hy is hier deur die Britse owerheid gevange geneem en in Indië geïnterneer. Talle burgerlike Hongare wat tydens die oorlog in Duits-Oos-Afrika gewoon het, is ook geïnterneer. Hulle is eers in die tweede helfte van 1919 toegelaat om weer terug te keer.²

Wel vir die belang van hierdie boek is die byna onwaarskynlike ontmoeting van Suid-Afrikaners en Hongare in Oos-Afrika. Volgens die Hongaarse navorser Krisztián Som het 99 burgers van Oostenryk-Hongarye teen 1913 in Duits-Oos-Afrika gewoon. Aangesien bronne nie tussen Oostenrykse of Hongaarse burgerskap onderskei het nie, kan daar nie bepaal word hoeveel hiervan Hongare was nie. Daar is wel bepaal dat nagenoeg 40 Hongare aan die oorlog in Oos-Afrika deelgeneem het.³

Hierteenoor is meer as 125 000 troepe van Brittanje en die Unie van Suid-Afrika in Oos-Afrika tydens die oorlog ontplooi.⁴ Hoewel verdere navorsing gedoen sal moet word om (indien moontlik) te bepaal by watter gevegte Hongare en Suid-Afrikaners in direkte konflik teen mekaar te staan gekom het, is dit voldoende om te meld dat dié twee groepe tydens die Eerste Wêreldoorlog nie net aan teenoorstaande kante van die stryd gestaan het nie, maar waarskynlik ook die wapen in gevegte in spesifiek Oos-Afrika teen mekaar opgeneem het.

Hongaarse geïnterneerdes in Natal

Die internering van Duitsers, Oostenrykers, Hongare en Turke in Suid-Afrika gedurende die Eerste Wêreldoorlog is 'n relatief onbekende deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Historici Stefan Manz en Tilman Dederling ondersoek dié kwessie in hul artikel “‘Enemy aliens’ in wartime: Civilian internment in South Africa during World War I”.⁵ Teen 1914 was burgerlike interneringskampe vir sogenaamde vyandelike persone (Engels: *enemy subjects*) regdeur die Britse Ryk ingestel.⁶

In Suid-Afrika is die riglyne vir die internering van vyandelike persone in die *Staatskoerant* van 26 September 1914 uiteengesit. Daarvolgens kon vyandelike persone deur die polisie gearresteer of aan militêre owerhede oorhandig word indien daar 'n redelike vermoede bestaan het dat die betrokke persoon of persone op enige wyse 'n bedreiging vir die veiligheid van die Britse Ryk inhou. Dié persone sou dan as krygsgevangenes aangehou word.

Interneringskampe vir hierdie kategorie persone is op verskeie plekke in Suid-Afrika ingerig. Sommige kampe was nie permanent nie en is net as deurgangskampe ingerig. Kampe is ingerig by die landbou-skouterrein in Johannesburg; by Roberts Heights, Prinsespark en Baviaanspoort in Pretoria; by die Lords-terrein in Durban; by die Du Toitspan-myn in Kimberley; by Tempe in Bloemfontein; en by die Standerton-regeringsplaas. Fort Napier in Pietermaritzburg het as die hoofkamp van die Suid-Afrikaanse kampstelsel gefunksioneer. Dié kamp het ook die langste bestaan – van Augustus 1914 tot Junie 1919 – en het gemiddeld 2 500 gevangenes gehuisves.⁷

Teen Augustus 1916 is 'n totaal van 2 426 gevangenes in Fort Napier aangehou. Die oorgrote meerderheid hiervan was Duitsers (sowat 91%). Manz en Dederling se navorsing toon egter dat Oostenryks-Hongaarse burgers in daardie stadium ook nagenoeg 8% van die totale aantal geïnterneerdes uitgemaak het.⁸ Dit is onduidelik wat die persentasie Hongare in dié groep was, maar daar kan met redelike sekerheid aangeneem word dat daar wel Hongare onder die gevangenes was.

Die komplekse aard van die politieke milieu van die Unie van Suid-Afrika (in ag genome die verdeling wat deur die Anglo-Boereoorlog veroorsaak is, asook die Afrikanerrebellie kort nadat die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek het) het ook druk op die Suid-Afrikaanse regering geplaas om vyandelike persone te interneer. Hoewel die regeringsmagte die Afrikanerrebellie in Januarie 1915 onderdruk het, was die broeiende gevaar van verdere Afrikaneropstand steeds tasbaar. Gerugte het boonop die ronde gedoen dat Afrikanerrebelle beplan het om Duitse (en waarskynlik ook Oostenrykse en Hongaarse) geïnterneerdes in Pretoria te bevry. Een Duitse boer het selfs in 'n stadium getuig dat die Afrikaners 'n brief na die geïnterneerdes gesmokkel het om die gevangenes in kennis te stel van 'n naderende rebellemag wat hulle sou kom bevry. Daar het egter niks van die gerugte (of beloftes) gekom nie. Daar is nietemin besluit om die hoofkamp vir geïnterneerdes in die hoofsaaklik pro-Britse provinsie van Natal in te rig. Daar is geglo dat dié ligging die kampe “buite bereik” van die Afrikanerrebelle sou plaas.⁹

Teen die einde van die oorlog is 'n wetsontwerp vir die repatriasie van vyandelike persone opgestel. Dié voorgestelde wetgewing, wat beoog het om alle Duitse geïnterneerdes (en moontlik ook ander Duitse inwoners in die Unie) te laat repatrieer, het sterk weerstand onder Afrikaners ontlok. Die wetsontwerp is uiteindelik weens dié teenkanting onttrek.¹⁰ Dit is onduidelik of die voorgestelde wetgewing ook die deportasie van Oostenryks-Hongaarse inwoners sou raak, maar aangesien dié groep ook gedurende die oorlog geïnterneer is, sou hulle waarskynlik ook vir deportasie geormerk gewees het.

Jan Smuts se besoek aan Hongarye

Suid-Afrika en Hongarye se kontak tydens die Eerste Wêreldoorlog was beperk. Tog verdien een gebeurtenis in April 1919 'n belangrike plek in die geskiedenisboeke.

Op 11 November 1918, bekend as Wapenstilstanddag (Engels: *Armistice Day*), het Duitsland 'n wapenstilstandooreenkoms onderteken. In werklikheid het dit 'n einde gebring aan die Groot Oorlog, soos wat dit in daardie stadium bekendgestaan het. Die formele vredeskonferensie het eers in Januarie 1919 by Versailles begin, waar alle bepalings van vrede onderhandel moes word. Nagenoeg dertig lande het aan dié konferensie deelgeneem. Vyf verskillende verdrae is tydens die konferensie gesluit, naamlik die Vrede van Versailles, die Verdrag van Saint-Germain-en-Laye, die Verdrag van Neuilly, die Verdrag van Trianon en die Verdrag van Sèvres.¹¹

Die Verdrag van Trianon, wat 'n direkte invloed op Hongarye en sy grense gehad het, is uiteindelik in Junie 1920 onderteken. In 1919, terwyl onderhandelinge vir

vrede na afloop van die oorlog aan die gang was, het die Opperste Oorlogsraad, 'n administratiewe raad van die Geallieerde Magte, 'n spesiale sending na Hongarye gestuur om te bepaal wat die stand van sake in dié land was. Die Suid-Afrikaanse eerste minister en militêre leier Jan Smuts is aangewys om dié sending te lei.

Omstandighede in Hongarye was in daardie stadium beroerd. Die kortstondige Republiek van Hongarye het doodgeloop met die bedanking van die president, graaf Károlyi. Béla Kun, 'n kommunistiese leier wat in daardie stadium in aanhouding was, is vrygelaat en die Hongaarse bevolking het hulle onder sy leierskap gestel.¹² Konflik in Hongarye het egter steeds voortgeduur. Alle privaat eiendom het die eiendom van die staat geword, en konflik met Roemenië het voortgeduur.¹³



Die Suid-Afrikaanse politieke leier Jan Smuts

Smuts se sending moes ondersoek instel na die omstandighede daar, want Kun se vriendskap met die Sowjetunie en met Lenin in die besonder het Westerse leiers ongemaklik gemaak. In die opskrif van 'n kort berig wat op 3 April 1919 op die voorblad van *The New York Times* verskyn het, word daar verwys na die “Boer general” wat 'n ondersoek na Boedapest sou onderneem. Smuts en maarskalk Ferdinand Foch, die Franse militêre leier, is volgens dié berig die vorige dag deur die sogenaamde Groot Vier¹⁴ ingeroep om geheime instruksies te ontvang vir “their

handling of two most difficult missions”. Foch is op sy beurt op ’n aparte sending gestuur om geskille tussen Duitsland en Pole te besleg.¹⁵

Die doel van Smuts se besoek is soos volg uiteengesit:¹⁶

1. Daar moes ondersoek ingestel word na die nakoming van die wapenstilstand-ooreenkoms wat Oostenryk-Hongarye op 3 November 1918 aangegaan het.
2. Daar moes bepaal word of die militêre konvensie nagekom word wat op 13 November 1918 aangegaan is.
3. Die status moes bepaal word van die nuwe regering onder Kun.
4. Daar moes ondersoek ingestel word na die toestande in die neutrale sone tussen Hongarye en Roemenië.

Smuts moes ook ondersoek instel na die invloed van Bolsjevisme – ’n ekstreme vorm van kommunisme wat onder Lenin tot stand gekom het¹⁷ – in Hongarye.¹⁸ Smuts het Hongarye per trein besoek en Boedapest op 4 April 1919 bereik. Kun het hom dieselfde dag nog op die stasie ontmoet. Die geselskap se indruk van Kun was nie indrukwekkend nie en hy is onder meer beskryf as iemand met die gesig van ’n “sulky and uncertain criminal”.¹⁹

Smuts het Kun aangemoedig om die wapenstilstandooreenkoms te eerbiedig en troepe uit die neutrale sone te onttrek. Hy het ook benadruk dat die neutrale sone wat daargestel is nie noodwendig die finale bepalings van vrede sou beïnvloed nie. Kun was egter nie hiervoor te vinde nie en het volgehou dat sy regering sou ineenstort indien daar aan dié eise voldoen sou word.²⁰



Die Hongaarse kommunistiese leier Béla Kun by ’n byeenkoms op 10 Junie 1919 toe hy ’n toespraak in Košice (in die huidige Slowakye) gelewer het.

Smuts se gesprekke met die Hongare is in die konserwatiewe Britse media gekritiseer en beskou as 'n teken van swakheid om in gesprekke met Bolsjewiste betrokke te raak.²¹

Uiteindelik het die besoek aan Kun nie blywende gevolge gehad nie. Tog het Smuts 'n uiters waardevolle gevolgtrekking uit dié besoek gemaak en die vermoede bevestig dat Kun bloot 'n strooipop van die Russe was. Sekere bronne voer ook aan dat Kun “van geen waarde was nie” omdat hy nie werklik enige gesag gehad het nie. Smuts se een biograaf skryf hieroor: “[I]t had revealed that Kun was a mere puppet and Hungary in a hopeless condition”.²²

Hoewel die gevolgtrekkings van Smuts se besoek merendeels politieke inligting gebied het, is dié Afrikaner se ervaring van Hongarye ook van belang vir hierdie boek.

In Smuts se nieamptelike verslag van die besoek aan Hongarye meld hy op simpatieke wyse onder meer die omstandighede waarin die Hongare hulself bevind het. Hy skryf (my eie kursivering):²³

I found they [die buitelandse gesante in Hongarye] were quite all right: No one was troubling them, but *the poor Hungarians were having a bad time.*

Smuts het duidelik simpatie gehad met die lyding van die mense wat hulle op pad van Parys na Boedapest teëgekom het (nie net in Hongarye nie, maar ook in Oostenryk). Hy het hom selfs vererg nadat 'n peperduur ete deur die Britse ambassade in Wene aan hom en sy geselskap bedien is en die geleentheid as 'n “gross error in taste” bestempel. Derhalwe het hy en die res van sy geselskap vir die res van hul besoek op weermagrantsoene geleef, want hy kon nie toesien dat daar spandabelrigheid in sy geselskap te midde van armoede en hongersnood toegelaat word nie.²⁴



'n Groep Hongaarse kommuniste ry in 1919 deur die strate van Boedapest.

Die Hongaarse Vereniging van Johannesburg

Volgens *Hungaricums Around the World*, 'n groep Hongare wat die leefwyse van Hongare in die uithoeke van die wêreld ondersoek en vir 'n televisiereeks verwerk, het die Hongare wat teen die vroeë 1930's in Suid-Afrika gewoon het hierheen geëmigreer om in die goud- en diamantbedryf te werk. 'n Aantal Hongare het ook hierheen gevlug weens hul ontevredenheid oor die Verdrag van Trianon wat na afloop van die Eerste Wêreldoorlog gesluit is.²⁵

In 1932 het die Hongaarse gemeenskap in Johannesburg besluit om 'n amptelike vereniging op die been te bring waardeur dié gemeenskap hul kultuur lewend kon hou. Nagenoeg 30 mense het daarna weekliks by 'n Johannesburgse hotel (op die hoek van Loveday- en De Villiersstraat) byeengekom. Hier het lede toegang gehad tot Hongaarse tydskrifte en boeke, en gesprekke het merendeels oor die nuutste Hongaarse nuus gehandel.

Volgens die navorser Lindsay Tonkin, wat 'n studie van die 1956- Hongaarse vlugtelinge na Suid-Afrika gemaak het, het die volgende persone teen die begin van die Tweede Wêreldoorlog op die vereniging se bestuur gedien:

- dr. Nathan Finn (voorsitter)
- dr. Kocsis (ondervoorsitter)
- Laszlo Hilvert (sekretaris)
- Hendrik Bauer (tesourier)

Tonkin se navorsing lys ook 26 ander lede.

Oorsigtelike navorsing van die lede toon dat die Johannesburgse Hongare wat aan die vereniging behoort het goed geskoolde mense was:

- Na aanleiding van briewe wat hy in 1952 en 1954 aan die *South African Medical Journal* en die *Annals of Rheumatic Diseases* gerig het en sy sterfteskennisgewing, blyk dit dat dr. Finn 'n mediese dokter was.²⁶
- Immigrasiedokumente vir Nieu-Seeland toon dat die vereniging se sekretaris, Hilvert, Suid-Afrika in 1950 verlaat het. Hy was 'n tekenaar.²⁷
- Dr. Janos Gelletich, wie se naam later na John verengels is, is in Boedapest gebore en was 'n vooraanstaande geoloog en myningenieur.²⁸ Gelletich en sy vrou, Catherine, is in 1938 deur Hans Merensky versoek om mynbou en prospektering in Phalaborwa te begin. Hy is in 1945 in Johannesburg oorlede. Die egpaar se nasate het steeds sterk bande met Hoedspruit, Phalaborwa en die historiese Mica-dorpie.²⁹

Die vereniging se byeenkomste is in 1941 deur die Suid-Afrikaanse regering gestaak vanweë Hongarye se toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog aan die kant van Duitsland, en aangesien die regering die vereniging se byeenkomste as 'n politieke risiko beskou het.³⁰ Byeenkomste is egter weer in 1949 hervat.

Hongarye, Suid-Afrika en die Tweede Wêreldoorlog

Soos met die Eerste Wêreldoorlog was Suid-Afrika en Hongarye weer in die Tweede Wêreldoorlog aan teenoorgestelde kante van die stryd. Hongarye is in 1940 by die oorlog betrek met die ondertekening van 'n verdrag met die Spilmoondhede (Italië, Duitsland en Japan),³¹ terwyl Suid-Afrika aan die kant van die Geallieerde Magte by gevegte in Noord- en Oos-Afrika, Madagaskar en Italië betrokke was.³² Benewens die feit dat die twee groepe aan verskillende kante van die stryd gestaan het, wil dit voorkom asof hulle nie (soos in die geval van die Eerste Wêreldoorlog) direk teenoor mekaar in gevegte te staan gekom het nie. Hongaarse soldate was merendeels toegespits op die gevegte wat aan die Oosfront plaasgevind het.

HOOFSTUK 6


Verhoudinge sedert die 1950's

Suid-Afrika en Hongarye het in 1956, ná die bloedige Hongaarse Revolusie, 'n unieke band gevorm toe bykans 1 500 Hongare hierheen gevlug het.¹ In die jare wat daarop gevolg het, het die verhouding tussen dié twee lande polities verbrokkel, maar sedert die laat 1980's is dit sporadies herbou op politieke, kommersiële en kulturele vlak.

Hongarye: Steun aan Suid-Afrikaanse organisasies gedurende apartheid

Sedert die 1960's het duisende uitgewekenes Suid-Afrika in vlae verlaat. Die eerste groot uittog was kort ná die Sharpeville-tragedie van 1960 en die verbanning van die ANC en die Pan Africanist Congress (PAC). Die laaste uittog het in die 1980's gevolg nadat onluste

in townships uitgebreek het. Daar kon nog nie met sekerheid bepaal word hoeveel Suid-Afrikaners gedurende apartheid weens politieke redes in ballingskap gegaan het nie, maar die Britse politieke wetenskaplike Tom Lodge reken dié syfer op nagenoeg 15 000 ANC-lede. Die ANC het in 1989 gereken dat sowat 10 000 uitgewekenes hul in die sogenaamde “frontline states” – Angola, Botswana, Lesotho, Mosambiek, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe – gevestig het.² Volgens die Duitse historikus en politieke wetenskaplike



Die sogenaamde “frontline states” waar nagenoeg 10 000 ANC-uitgewekenes hulle gedurende die apartheidjare gevestig het. Talle uitgewekenes het ook in die Sowjetunie, Oos-Duitsland en Hongarye gaan woon.

Ulrich van der Heyden, en Anja Schade, ’n Duitse politieke wetenskaplike en kenner van ballingskap en migrasie, het talle ANC-lede wat oorsee gevlug het hul tyd as politieke uitgewekenes (gedeeltelik of ten volle) in die Sowjetunie, Oos-Duitsland of Hongarye deurgebring.³ Dié lande was per slot van sake polities eensgesind met die ANC en dit is daarom nie vreemd dat ANC-uitgewekenes as vriende beskou is nie.

Benewens verblyf in die genoemde lande, is uitgewekenes ook ondersteun wat onder meer opleiding betref. Opleiding is spesifiek ook in Hongarye aan uitgewekenes toegestaan. Mandla Langa, broer van die Konstitusionele Hof-regter Pius Langa en die ambassadeur Bheki Langa, het byvoorbeeld gedurende sy ballingskap in Hongarye en Engeland opleiding as joernalis ontvang.⁴ Hoewel Alfred Bitini Xuma – een van die eerste opgeleide swart mediese dokters en later ANC-president (1940–1949) – nie volgens ’n streng definisie as uitgewekene geag kan word nie, het hy ook reeds in die 1920’s tydens sy opleiding as mediese dokter by die New St. John’s Hospitaal in Boedapest gewerk.⁵

Verskeie Europese lande het die vryheidsbewegings ondersteun wat onder meer direk by die Grensoorlog betrokke was, insluitende SWAPO, die Movimento Popular de Libertação de Angola (MPLA; Afrikaans: *Angolese Volksbevrydingsbeweging*) en die ANC. Hulpbronne soos vuurwapens, uniforms, medisyne, opleidingsmateriaal en voertuie is gebied. Volgens die Portugese historikus Helder Adegar Fonseca was die grootste verskaffers van dié hulpbronne asook van geld en studiebeurse die Sowjetunie, China, Bulgarye, Joego-Slawië, Egipte, Algerië, Indië, Tanzanië, Zambië, Israel, Swede, Tsjeggo-Slowakye, Noord-Korea, Kuba, Ethiopië, Guinee, Switserland en Hongarye.⁶



Verskeie Europese lande het die “freedom struggle” in Suider-Afrika ondersteun. Dié protesaksie in September 1984 in Amsterdam, Nederland, het in verset teen die Suid-Afrikaanse apartheidsbeleid geëis dat sanksies teen Suid-Afrika opgeskerp word.

Ten opsigte van opleiding aan umKhonto weSizwe (MK), die ANC se militêre vleuel, verduidelik die militêre kenner Tsepe Motumi dat MK-soldate in die 1980's tussen twee en vier jaar lank opleiding in onder meer die Sowjetunie ontvang het. Kortere opleidingsessies is in onder meer Oos-Duitsland en Joego-Slawië aangebied. Hoewel geen militêre opleiding in Hongarye aangebied is nie, was dié land ook gasheer vir talle MK-lede en korter landbou-opleidingsessies is hier aangebied.⁷

Onder kommunistiese bewind het Hongarye in hierdie tyd boonop geen geheim gemaak van sy vyandigheid teenoor die wit minderheidsregering in Suid-Afrika nie en die optrede van organisasies soos die ANC, die Frente de Libertação de Moçambique (FRELIMO; Afrikaans: *Mosambiekse Vryheidsfront*), MPLA en SWAPO in Suidelike Afrika verwelkom. Die Hongaarse navorser László Pálfi het Hongarye se houding teenoor Suid-Afrika soos volg in sy artikel oor Hongarye se betrokkenheid in Namibië beskryf:⁸

The right-wing and white supremacist systems of the Salazarist Portugal, Rhodesia, and the apartheid South Africa were seen as obvious enemies and oppressors who were contributing to the functioning of an exploiting and capitalist system based on the rule of a minority group.

Die destydse Hongaarse ambassadeur in Lagos, Nigerië, het voorts ook alle opponente van MPLA openlik veroordeel.

Oudpresident Nelson Mandela het jare later Hongarye se ondersteuning van die Struggle beklemtoon toe hy tydens 'n amptelike besoek in Mei 1999 die Hongare soos volg bedank het:⁹

And, if I may say so, being hosted by a former political prisoner does add to the ease and familiarity of the occasion!

It reminds us also of Hungary's solidarity with our struggle for liberation, at a time when we were alone. Without that support, and that of the international community in general, the cost of our freedom would have been much higher in terms of human suffering.

[...] Thank you for the support and hospitality of the government and people of Hungary.

Because your support included a focus on education and youth, its effects are still visible today in some of the senior officials in our government and economy.

Ontnugtering: Suid-Afrikaanse kommuniste in die kommunistiese Hongarye

Die onderdrukking van kommunisme in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare het tot weerstand onder aanhangers van dié ideologie gelei. Kommunisme is boonop in 1950 'n gevoelige hou toegedien met die promulgering van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme 44 van 1950, wat ook aanleiding gegee het tot die ontbinding van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika (KPSA).

Pauline Podbrey en H.A. Naidoo se verhaal het meestal in vergetelheid geraak, maar in dié studie van Suid-Afrika en Hongarye se verhoudinge is hul persoonlike ervarings van belang. Dié egpaar het in die Suid-Afrika van destyds verskeie uitdagings ervaar, want nie net was hulle van verskillende rasse nie (Podbrey was 'n Litause Jodin van Durban, en Naidoo 'n Indiese vakbondman), maar hulle was ook albei getroue kommuniste en lede van die KPSA. Wetgewing rakende ras en kommunisme het die paartjie genoop om landuit te gaan. Hulle het in 1951 na Londen getrek en hier het lede van die Kommunistiese Party van Groot-Brittanje hulle oortuig om in Hongarye te gaan woon en werk as aanbieders van die Engelse afdeling van Radio Boedapest.

Die paartjie en hul kinders het in Januarie 1952 in die Hongaarse hoofstad aangekom en opgemerk dat die stad 'n skadu was van die romantiese plek wat dit voorheen was.¹⁰ Teen dié tyd was Hongarye met sy kommunistiese regering op 'n ekonomiese en militêre vlak nou aan die Sowjetunie verwant.¹¹ Hul nuwe werkgever, Radio Boedapest, se hoofdoel was om 'n vasgestelde stel “algemene waarhede” onder luisteraars tuis te bring en te help verdedig, en uiteindelik ook deur middel van 'n “sagter” benadering die stryd teen die Weste te voer.

Podbrey en Naidoo se uitsendings moes vasgestelde kommunistiese propaganda tot op die letter navolg. Mettertyd het hulle bewus geword van misdade wat in die naam van Stalin gepleeg is, asook van Hongaarse kommuniste wat voorheen na die Sowjetunie gevlug het en later tereggestel is. Gevalle van die fabrikasie van nuus, sensorskap en korrupsie het die paartjie gefrustreer, terwyl die ontneming van talle vryhede (insluitende die vryheid van beweging en assosiasie) en die beheer van die Hongaarse Kommunistiese Party op hul werksaamhede net te ondraaglik geword het.¹²

Ná drie en 'n half jaar in kommunistiese Hongarye is Podbrey en Naidoo geheel en al ontnugter gelaat deur dié ideologie. Hulle het na Engeland teruggekeer en 'n lewe daar buite die kommunistiese politiek voortgesit.¹³ Naidoo is in 1971 in Engeland oorlede. Podbrey het egter in die 1960's betrokke geraak by die anti-apartheidsbeweging wat in die VK op die been gebring is, en in 1990 na Suid-Afrika teruggekeer.¹⁴



'n Blik op Kossuth Lajosstraat in Boedapest in 1952, die jaar wat die Suid-Afrikaanse kommunistiese paartjie Pauline Podbrey en H.A. Naidoo hulle in dié Hongaarse stad gevestig het om by Radio Boedapest te werk. Hulle het opgemerk dat die stad 'n skadu van die romantiese stad van vroeër was.

'n Resensie van Podbrey se outobiografie, *White girl in search of the Party*, wat in 1994 in *The African Communist* verskyn het, toon (soos verwag kan word) teenkanting teen Podbrey se ervaring van kommunistiese Hongarye. Brian Bunting, die resesent, was self 'n lojale kommunist en in die vroeë 1990's lid van die Suid-Afrikaanse parlement.¹⁵ Hy het die paartjie blykbaar in 1954 tydens hul verblyf in Hongarye besoek en voer aan¹⁶


the picture they painted was quite different. True, they had their grumbles about this and that instance of bureaucratic stupidity or insensitivity [...] But their approach was otherwise wholly positive.

Hy skryf voorts dat hy wonder of

Pauline's memory of her stay in Budapest has perhaps been overcoloured by the later events of 1956 and the hullabaloo that surrounded the "Russian invasion", the execution of Nagy and all the surrounding events.

(Let veral op na die resensent se verwysing na die Russiese inval – die beskrywing daarvan in aanhalingstekens toon duidelik die resensent se houding teen die benaming en toon ooreenkomste met die hedendaagse weiering om die Russiese oorlog in Oekraïne as sodanig te beskryf.) Tog haal hy dan uit Podbrey se boek aan, waar sy self haar ontugtering verwoord:¹⁷

Life under a Communist regime had opened my eyes to the evils inherent in such a system. More than that, it had made me question the theory underlying the system and to wonder whether it did not inevitably lead to corruption, inefficiency and suppression.



White girl in search of the Party, die outobiografie van Pauline Podbrey, 'n Suid-Afrikaanse kommunist wat in die 1950's nagenoeg vier jaar lank in Hongarye gewoon het, is in 1993 deur Hadedra Books gepubliseer.

Die resensent se gevolgtrekking bly sy eie; Podbrey se woorde oor haar eie ervarings spreek vanself en bly toepaslik in die studie van Suid-Afrika se verhoudinge met

Hongarye. Hoewel die Hongaarse Kommunistiese Party gewillig was om kommunistiese Suid-Afrikaners in hul geledere te verwelkom, was selfs mense wat dieselfde ideologie nagestreef het deur die praktyk daarvan ontnugter.

1956: Die Hongaarse Revolusie


In Oktober 1956 het gemoedere in Hongarye breekpunt bereik. Kommunistiese oorname en onderdrukking het dié land reeds 'n dekade lank in die knyp geplaas, en op 23 Oktober het studente 'n optog na die Hongaarse parlement gelei om hul eise te stel. Die polisie het op die skare losgebrand, en die optog, wat aanvanklik vreedsaam begin het, het in 'n revolusie ontaard. Sowjettroepe het probeer om die opstand in Boedapest te onderdruk, maar hulle het misluk en het onttrek. Imre Nagy, die nuwe eerste minister, het enkele dae later op 1 November aangekondig dat Hongarye aan die Warskouerdrag gaan onttrek. Nagenoeg 120 000 sowjettroepe het dieselfde dag nog in Hongarye aangekom en teen 4 November is die Hongare se opstand ten volle onderdruk. Meer as 25 000 Hongare is dood of gewond¹⁸ en in die maande daarna het nagenoeg 200 000 Hongare landuit gevlug.¹⁹



'n Uitgebrande sowjettenk in József-boulevard in Boedapest, 1956. Die skade van die bloedige revolusie wat hier afgespeel het, kan duidelik hier in die strate van Boedapest gesien word.

Hongare vlug ook na Suid-Afrika

Die gebeure in Hongarye in Oktober en November 1956 het daartoe gelei dat nagenoeg 4% van die Hongaarse bevolking landuit gevlug en elders 'n heenkome gaan vind het. In die maande wat op die Hongaarse Revolusie gevolg het, is Hongaarse vlugteling in 37 verskillende lande op vyf kontinente gehuisves. Die grootste groepe vlugteling is deur die VSA (40 650), Kanada (27 280), die VK (20 990), Duitsland (15 470), Switserland (12 870) en Australië (11 680) ingeneem.²⁰ Suid-Afrika het ook vlugteling verwelkom (hoewel aansienlik minder as die genoemde lande) en uiteindelik aan nagenoeg 1 300 Hongare 'n heenkome gebied.²¹ Sekere bronne – insluitende die webtuiste www.remember1956.co.za, wat die verhale van Hongaarse vlugteling na Suid-Afrika vertel – voer egter aan dat daar uiteindelik 1 500 Hongare na Suid-Afrika gebring is.²² Lindsay Tonkin meen egter dat 'n totaal van 1 296 Hongaarse mans, vroue en kinders vanaf Desember 1956 tot April 1957 na Suid-Afrika gekom het.²³




Talle lande het hul grense en harte tydens die Hongaarse vlugtelingekrisis van 1956 en 1957 oopgemaak. Dié kaart toon die lande waarheen Hongare geëmigreer het en hoeveel daar volgens die Verenigde Nasies teen 1959 in die onderskeie lande hervestig is. Teen die vroeë 1960's was alle Hongare in die kampe wat in Oostenryk en Joego-Slawië opgestel was reeds hervestig. Nagenoeg 7 900 het in Oostenryk en 675 in Joego-Slawië 'n tuiste gevind.

Daar moet benadruk word dat die artikel van Hendrik Snyders, 'n senior navorser aan die Eenheid vir Militêre Studies aan die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Militêre Wetenskap, oor Suid-Afrikaanse steun tydens die Hongaarse vlugtelinge krisis van 1956 en 1957 van onskatbare waarde was vir hierdie afdeling van die boek. Sy navorsing is hoofsaaklik gedoen uit tydgenootlike koerantberigte en tydskrifartikels en bied 'n meer intieme blik op die projekte waarby die Suid-Afrikaanse regering en plaaslike gemeenskappe betrokke was in hul pogings om nood vir die Hongaarse vlugtelinge te help verlig.²⁴ Hoogtepunte uit Snyders se omvattende studie word hier aangehaal.

- **Steun van die Suid-Afrikaanse regering**

Soos ook elders in die wêreld, het gemeenskappe in Suid-Afrika ook kragte saamgesnoer om hulp aan die Hongaarse vlugtelinge te bied. Die Suid-Afrikaanse regering was sterk antikommunisties gesind en het derhalwe leiding geneem in die Suid-Afrikaanse pogings. Daarbenewens het verskeie plaaslike liefdadigheidsorganisasies (insluitende die Rooi Kruis en die Suid-Afrikaanse Noodhulp Liga), universiteite, kerke, munisipaliteite en mense op verskillende wyses by die ondersteuning van Hongarye betrokke geraak.

Die regering het die Hongaarse noodlenigingsfonds onder die voorsitterskap van die goewerneur-generaal dr. E.G. Jansen op die been gebring.



Die kommunikasie van dr. E.G. Jansen, die goewerneur-generaal, aan die minister van Finansies, waarin die skenking van £25 000 vir die Hongaarse noodlenigingsprojek uiteengesit en aangevra word

Deur middel van die finansiële bydraes van die regering is £25 000 ingesamel, terwyl 'n bykomende US\$10 000 ook ingesamel is.²⁵ Volgens berekening sou die £25 000 vandag gelyk wees aan sowat R11,6 miljoen,²⁶ en die US\$10 000 aan nagenoeg R2 miljoen.²⁷ Met inflasie en die huidige wisselkoers in ag geneem, was die bydrae van Suid-Afrika vir die Hongaarse noodfonds bykans R13,6 miljoen.²⁸ Die bydrae van die regering is opsy gesit vir die noodleniging en immigrasie van vlugteling na Suid-Afrika.

Benewens die staat se bydrae het munisipaliteite ook projekte van stapel gestuur om die Hongare te help. Volgens die *Rand Daily Mail* van 17 November 1956 het hulp vir die Hongare oor kleurgrense heen ingestroom, en mense van “dorps, farms and big cities” het ingespring om hulp te verleen. So het die Springs-munisipaliteit byvoorbeeld 'n “Adopt-a-Hungarian-family”-projek van stapel gestuur, waarvolgens groepe van tien Hongare “aangeneem” sou word en die Springs-gemeenskap sou help toesien dat dié Hongare maatskaplik en finansiële gerehabiliteer en geïntegreer kon word.²⁹

- ***Gewone Suid-Afrikaners maak 'n bydrae***

Volgens een Suid-Afrikaanse meningsvormer (wat sterk teen Suid-Afrika se steun aan die Hongare gekant was) was die steun vir Hongare geraak deur die Hongaarse Revolusie nêrens so kragtig as onder wit Suid-Afrikaners nie. Dié skrywer – waarskynlik die anti-apartheidsaktivis en redakteur van die tydskrif *Africa South*, Ronald M. Segal – skryf voorts oor “wit Suid-Afrika” se optrede:³⁰

And throughout this convulsion of anger and compassion that seized the country, it was sympathy with the ideals of the rebellion that provided the strongest stimulant. It was ultimately in the cause of freedom and the right of a people to self-determination that the students of Pretoria marched in procession through the streets and the citizens of Cape Town and Johannesburg so generously collected and gave.

Hoewel die skrywer nie die beweegrede vir die steun deur wit Suid-Afrikaners, en moontlik veral Afrikaners, aan die Hongaarse vlugteling kon begryp nie, was hy waarskynlik reg in sy afleidings daarvoor. Die intense behoefte aan vryheid en selfbestuur waarvoor Afrikaners geslagte lank reeds geveg het, het hul eensgesind met die onderdrukte Hongare gelaat. Soos vroeër in dié boek genoem, het die Hongare op hul beurt ook gedurende die Anglo-Boereoorlog dieselfde eensgesindheid met die Afrikaners in die eertydse Boererepublieke gevoel. Die strewe na vryheid was dus geslagte lank reeds iets wat dié twee nasies in gemeen

gehad het, en wat hulle deur die loop van dekades sporadies samehorig gestem het.

Dit was egter nie net Suid-Afrikaners se eensgesindheid met 'n gemeenskap met wie hulle gemeen het hulle op politieke terrein raakpunte het nie. 'n Gedeelde geloofsoortuiging het ook die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika genoop om by die hulpverlening aan Hongare betrokke te raak. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het byvoorbeeld verklaar dat die Hongaarse Kerk ook tot die Calvinistiese geloofsgemeenskap behoort en derhalwe noue bande met die kerk deel. Op sy beurt het die Nederduitse Gereformeerde Kerk sy lidmate aangemoedig om tot die fondse ten behoeve van Hongarye by te dra. Ander kerkgemeenskappe – insluitende die Anglikaanse, die Metodiste- en die Lutherse Kerk – asook die Joodse gemeenskap het op die een of ander wyse bydraes tot die ondersteuningspogings gemaak.³¹

Studente van die Universiteit van Pretoria en die Pretoriase Onderwyskollege (Normaalkollege) het die voortou geneem en, geklee in swart, op 14 November 1956 'n protesoptog teen die onderdrukking van Hongare se vryheid deur die strate van Pretoria gelei. Nagenoeg 500 mense het aan dié optog deelgeneem. Die universiteite van die Witwatersrand, Stellenbosch en Natal het daarna ook met soortgelyke aksies gevolg. Op Stellenbosch het studente selfs aangedui dat hulle as soldate na Hongarye wil gaan om die Russe daar te beveg. Uiteindelik het 'n groep van sewe studente later na Europa vertrek om hulp daar te verleen.³²

- ***Hongaarse vlugteling se koms na Suid-Afrika***

Die nood onder Hongaarse kinders het die emosies van Suid-Afrikaners aangewakker en oorspronklik is meer as 1 200 aansoeke vir die aanneming van Hongaarse wesies ontvang. Die Suid-Afrikaanse regering het egter later aangekondig dat geen weeskinders na die land gebring sou word nie en dat daar eerder gefokus sou



Die eerste groep Hongaarse vlugteling het op 17 Desember 1956 in Suid-Afrika aangekom.

word op die emigrasie van opgeleide Hongaarse vakkundiges en hul gesinne.

Die eerste groep van 75 Hongaarse vlugteling het op 17 Desember 1956 in Suid-Afrika aangekom. Hulle is verwelkom deur Hongaarse ekspats, wat toe reeds in Johannesburg gewoon het, en tydelik in 'n werkershostel in Vanderbijlpark laat tuisgaan.³⁴ Die tweede groep is op 26 Desember daardie jaar verwelkom, terwyl 'n verdere sewe groepe in Januarie 1957 in Suid-Afrika aangekom het.

Die meerderheid vlugteling was opgeleide ingenieurs en kon onmiddellik in werksplekke geplaas word. Die ander vlugteling was onder meer opgelei as meulenaars, mynwerkers, argitektes en haarkappers.

Die plaaslike Hongaarse vereniging het deurlopende steun aan hul landgenote gebied, terwyl plaaslike maatskappye ook hulp verleen het. Die Rembrandt Tabakmaatskappy het byvoorbeeld £10 aan elk van die vlugteling geskenk wat in Desember 1956 hul eerste Suid-Afrikaanse Kersfees gevier het. Voorts het ds. Kálmán Papp, 'n predikant van Hongaarse afkoms wat sedert 1949 in Suid-Afrika gewoon het, ook hulp verleen deur Afrikaanse taalklasse aan die Hongaarse vlugteling te bied.³⁵

Teenkanting teen Suid-Afrika se steun aan Hongarye

Die Hongaarse Revolusie het skokgolwe deur die Weste gestuur, en hoewel verskeie lande hul arms oopgemaak en vlugteling verwelkom het, was daar in Suid-Afrika geen eensgesindheid oor die revolusie en die verwelkoming van vlugteling nie. Verskeie kommunistiese gesinde politieke organisasies in Suid-Afrikaanse het wel nie net die Sowjetunie se onderdrukking van die revolusie in Hongarye verwelkom nie, maar ook sowel die Suid-Afrikaanse regering as Suid-Afrikaners veroordeel wat hul harte en beursies vir die saak oopgemaak het.

In 'n onderhoud wat in Augustus 1993 gevoer is met Charles Nqakula, later onder meer minister van Verdediging en Staatsveiligheid, werp hy meer lig op dié standpunt. Nqakula was in die 1980's 'n geheime agent vir die ANC en het in die verspreiding van propaganda gespesialiseer.³⁶ Hoewel die gebeure van die Hongaarse Revolusie toe reeds sowat 30 jaar vantevore plaasgevind het, is die verering daarvan steeds in ANC-geledere gaande gehou. Hieroor brei Nqakula soos volg uit:³⁷

And this kind of loyalty was born as a result of the solidarity and support we were getting from the Soviet Union. And to us this was an ally that had to be supported through and through. Even actions undertaken by the Soviets, including what happened in Hungary, for instance, so on and so on, we supported because they were among our main supporters in terms of our own revolution.

In die eietydse bron *Africa South* van April–Junie 1957 skryf (waarskynlik) die tydskrif se redakteur, Segal, breedvoerig oor die Hongaarse opstand, die onderdrukking daarvan deur die Sowjetunie en Suid-Afrika se verwelkoming van vlugtelinge. Die skrywer vermeld verskeie aksies deur Suid-Afrikaners en die Suid-Afrikaanse regering ten behoeve van die Hongaarse vlugtelinge, maar veroordeel dit ten sterkste. Hy meen “wit Suid-Afrika” se steun spruit bloot uit die feit dat hulle enige iemand, ongeag die saak, sal ondersteun wat teen die Sowjetunie veg. Die skrywer het voorts verklaar dat die wit Suid-Afrikaanse bevolking se bystand aan die Hongare tekenend is van hul “aanpasbare gewete”, want hoewel daar ernstige bystand aan die Hongare verleen word, sukkel alle ander rasse in Suid-Afrika om in ’n polisiestaat te oorleef en word menseregte vertrap.³⁸

Sekere groepe het boonop gereken dat Suid-Afrika se betrokkenheid by Hongarye se nood bloot gemotiveer is deur die wil om die Weste se guns te wen. Suid-Afrika se internasionale beeld was in daardie stadium op ’n laagtepunt, en anti-apartheidsgroepe het die geleentheid aangegryp om Suid-Afrika se teenstrydige benadering tot menseregte uit te buit.³⁹

Politieke onrus het in daardie stadium hewig in Suid-Afrika geprut, wat die tafel gedek het vir kritiek op die regering. ’n Stel apartheidswette is in die jare kort voor die Hongaarse Revolusie ingestel; die versetveldtog (bekend as die Defiance Campaign) van 1952 en 1953 was nog vars in die gemeenskaplike geheue;



’n Spotprent wat oorspronklik in die Cape Argus verskyn het

inhegtenisnames en verbanning van aktiviste het gereeld voorgekom; en die Verenigde Nasies (VN) se druk op Suid-Afrika om sy rassebeleid te hersien, het verdere onenigheid veroorsaak.⁴⁰

Ten spyte van verskeie politieke organisasies se verwelkoming van die Sowjetunie se onderdrukking van die Hongaarse opstand, het sekere mense in die ANC, insluitende Albert Luthuli en Oliver Tambo, die Sowjetunie se wrede ingryping in Hongarye veroordeel. Die ANC het ook amptelik verklaar dat die party teleurgesteld is oor die bloedvergieting in Hongarye en sy hoop uitgespreek dat vrede daar spoedig herstel sou word.⁴¹

Suid-Afrika en Hongarye: Verhoudinge tydens en kort ná die einde van die Koue Oorlog en apartheid

Die grootste enkele groep Hongare wat Suid-Afrika binnegekom het, was beslis die vlugteling van 1956 en 1957. Tog het 'n aantal Hongare hul gedurende die Koue Oorlog (veral in die 1960's en 1970's) in Suid-Afrika kom vestig. Teen die 2000's was daar weer 'n aantal Hongare wat deur die plasing van internasionale maatskappye in Suid-Afrika kom woon het, maar dié verblyf was eerder tydelik van aard.⁴²

Verhoudinge tussen Suid-Afrika en die res van die wêreld was besonder stram gedurende apartheid. Aan die een kant het die wêreld 'n skerp afkeer van Suid-Afrika se apartheidsbeleid gehad, en aan die ander kant was die Ystergordyn dig togetrek tussen die Weste en die Sowjetunie en sy satellietstate in Oos-Europa. Terwyl Suid-Afrika van die res van die wêreld afgesny is weens die toepassing van apartheid, het anti-apartheidsorganisasies juis die geleentheid aangegryp om bande te bou met lande wat Suid-Afrika vyandiggesind was.

Moontlikhede vir kontak tussen Hongarye en Suid-Afrika was dus om ideologiese redes baie beperk. Sedert die Hongaarse Revolusie en die toevloei van Hongaarse vlugteling na die uithoeke van die wêreld, insluitend Suid-Afrika, was kontak tussen Suid-Afrika en Hongarye minimaal. Hier is egter enkele hoogte- en laagtepunte in die verhoudinge tussen dié twee nasies sedert 1957:⁴³

- **Julie 1963:** Hongarye beëindig alle handelsverhoudinge met Suid-Afrika weens laasgenoemde se toepassing van 'n apartheidsbeleid.
- **1973:** Kardinaal József Mindszenty, uitgeweke Hongaarse Rooms-Katolieke aartsbiskop van Esztergom en *TIME Magazine* se persoon van die jaar vir 1949,⁴⁴ besoek Hongaarse immigrante in Suid-Afrika in 1973. Mindszenty

het kommunisme sterk veroordeel en selfs in ballingskap voortgegaan om Hongaarse ekspats wêreldwyd te bedien.⁴⁵ Hy word vandag as 'n held vereer deur 'n wye gemeenskap in Hongarye.⁴⁶

- **Middel 1970's:** Handelsverhoudinge word in klein mate tussen Suid-Afrika en Hongarye herstel, maar met tussengangers.
- **1988:** 'n Stellenbosse ensemble tree in Boedapest se Matthias-kerk op.
- **Maart 1989:** 'n Hongaarse handelsafvaardiging besoek Suid-Afrika.
- **Junie 1989:** Dr. Stef Naudé, Suid-Afrikaanse direkteur-generaal van die Departement van Handel en Nywerheid, besoek Hongarye.
- **Januarie 1990:** Pik Botha, Suid-Afrikaanse minister van Buitelandse Sake, lê op uitnodiging van sy Hongaarse eweknie 'n amptelike besoek in dié Oos-Europese land af.



Kardinaal József Mindszenty in 1974. Hy het Hongaarse immigrante in Suid-Afrika in 1973 besoek.



Die Matthias-kerk in Boedapest. Konstruksie van dié baken in die Hongaarse hoofstad het al voor 1247 begin. Die kerk het oor die afgelope nagenoeg 800 jaar verskeie historiese omwentelings in Boedapest aanskou en is selfs in die 16de eeu vir 'n tyd lank as 'n moskee gebruik. Dit is ernstig beskadig in die Tweede Wêreldoorlog, waarna die restourasieproses sowat 20 jaar geneem het.⁴⁷ In 1988 het 'n Suid-Afrikaanse ensemble van Stellenbosch 'n historiese optrede in dié kerk gelewer.

- **Maart 1990:** Istvan Foldesi, Hongaarse adjunk-direkteur-generaal van Buitelandse Sake, woon 'n internasionale konferensie oor handel met Oos-Europa in Johannesburg by.
- **Oktober 1990:** 'n Hongaarse filmfees word in Johannesburg aangebied, en 'n afvaardiging van die Suid-Afrikaanse Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing besoek die Hongaarse Akademie vir Wetenskap.
- **Julie 1991:** 'n Ooreenkoms vir die vestiging van volle diplomatieke verhouding tussen Suid-Afrika en Hongarye word onderteken.
- **Februarie 1992:** President F.W. de Klerk skop sy Oos-Europese toer in Hongarye af.

Handelsverhoudinge verbeter, maar eers in die geheim

In die 1960's het apartheid in Suid-Afrika aan die Sowjetunie en die Oosbloklande die geleentheid gebied om 'n verenigde front in terme van menseregte te vorm.⁴⁸ Hongarye het dié benadering ondersteun en was byvoorbeeld in 1974 die eerste land om die VN se verklaring van apartheid as 'n misdad teen die mensdom te bekragtig.⁴⁹

Op die oog af was Hongarye die Suid-Afrikaanse regering vyandiggesind en het verkies om eerder bande met vryheidsorganisasies soos die ANC aan te knoop. Tog het die benarde ekonomiese situasie in Hongarye en Pole genoop om ekonomiese geleenthede met Suid-Afrika aan te gryp.⁵⁰ Pole het byvoorbeeld olie by Suid-Afrika aangekoop; kommersiële vlugte tussen Warskou en Kaapstad is in 1983 ingestel en meer formele handels gesprekke is vanaf 1988 gevoer.

Hongarye het ook handelsmoontlikhede met Suid-Afrika ondersoek en reeds in 1987 deur middel van die VN se Konferensie oor Handel en Ontwikkeling (Unctad) handelsbetrekkinge ontwikkel. Volgens Franse verslae is sekere produkte wat in Suid-Afrika vervaardig en na Hongarye uitgevoer is met 'n "Made in Hungary"-etiket daarop uitgevoer.⁵¹ Voorts was daar ook bewyse van Afrikaanse boeke wat vir die Suid-Afrikaanse regering in Boedapest gedruk is. Daarbenewens het ontwikkeling in toerisme en migrasie van werknemers tussen dié twee lande ook al in die 1980's plaasgevind. Volgens Gehrig, Mark, Betts, Christiaens en Goddeeris het die eerste wettige Hongaarse toeriste Suid-Afrika in November 1989 besoek, en 'n aantal Hongaarse mynwerkers is ook in daardie stadium by Suid-Afrikaanse myne aangestel.⁵²

Pik Botha se besoek agter die Ystergordyn

Die biografie deur Theresa Papenfus van Pik Botha, vanaf 1977 tot 1994 die Suid-Afrikaanse minister van Buitelandse Sake,⁵³ het in 2010 verskyn.⁵⁴ Hoofstuk 34 (“Bladskud met die Beer”) is veral van belang vir die studie van die verhoudinge tussen Suid-Afrika en Hongarye.

Botha se besoek aan Hongarye in Januarie 1990 is voorafgegaan deur ’n groot aantal historiese gebeure wat nie hier in detail bespreek kan word nie. Een van die belangrikste gebeure was egter die oopstel van die Berlynse Muur op 9 November 1989. In Botha se biografie word die gevolg van dié verwikkeling eenvoudig, maar duidelik gestel: Kommunisme was aan die tuimel.⁵⁵

Dr. John Maré, Suid-Afrika se adjunkdirekteur vir Sentraal- en Oos-Europa, het in November 1989 ’n konferensie in Boedapest bygewoon.⁵⁶ Hier het hy onder meer ministers van die Hongaarse hervormingsgesinde regering ontmoet en die jongste verwikkelinge in Suid-Afrika en Oos-Europa is bespreek. Kort daarna het senior amptenare en agente van die Hongaarse geheime diens Maré gevra of beter en openlike kontak tussen dié twee lande oorweeg kon word, waarop Maré voorgestel het dat Botha Boedapest besoek.

Op 4 Januarie 1990 het Botha in Boedapest geland vir die historiese ontmoeting tussen ’n Suid-Afrikaanse kabinetsminister en ’n Warskouverdragsland – die eerste besoek van ’n Suid-Afrikaanse minister agter die Ystergordyn.⁵⁷ Hier het Botha met sy Hongaarse eweknie, Gyula Horn, vergader. Horn is onder meer ingelig van koersveranderende gebeure wat op Suid-Afrika gewag het (pres. F.W. de Klerk sou skaars ’n maand later onder meer die ontbaning van die ANC, die PAC en ander bevrydingsbewegings aankondig).⁵⁸ Hiermee was die tafel gedek en die besluit geneem dat formele diplomatieke betrekkinge geleidelik tussen die twee lande gevestig sou word.⁵⁹

Die media was behoorlik aan die gons oor Botha se besoek. *The Washington Post* het op 5 Januarie 1990 berig dat die Suid-Afrikaanse regering hoop dat Botha se besoek handels- en diplomatieke betrekkinge tussen dié twee lande kon vestig.⁶⁰ Die besoek is voorts as ’n “diplomatic breakthrough” beskryf. Dié nuusberig het selfs verwysings gemaak na bestaande verhoudinge wat in die geheim voortgesit is:

Foreign Ministry statements on Botha’s trip imply that it stemmed from long-standing contacts Pretoria has secretly maintained with Budapest and that there has even been a certain amount of clandestine trade between the two countries.

Die *Los Angeles Times* het ook oor die besoek berig.⁶¹



Die Hongaarse politici Imre Pozsgay (links) en Gyula Horn in 1990. Horn, die toenmalige minister van Buitelandse Sake, het sy Suid-Afrikaanse eweknie in Januarie daardie jaar in Hongarye verwelkom vir 'n historiese ontmoeting tussen 'n Suid-Afrikaanse kabinetsminister en 'n Warskouerdragsland.

Anti-apartheidsorganisasies was egter hoogs ontevrede oor Botha se besoek. Die ANC het die Hongaarse uitnodiging aan Botha as 'n daad van verraad beskryf, terwyl die SAKP van mening was dat “the action of the Hungarian Government can only be interpreted by the South African people as an encouragement to their enemy.” Die SAKP het ook 'n beroep op Hongarye gedoen om alle kontak met die Suid-Afrikaanse regering te beëindig en terug te keer na “their previous honourable stance of total solidarity and support for the South African liberation struggle”.⁶²

Die Anti-Apartheid Movement in Londen het selfs 'n waarskuwing aan die Hongaarse regering gerig en aan die media gesê:⁶³

[The Hungarian government] does not fully understand what it is letting itself in for. They will pay a heavy price for any deal they set up with Botha.

Volgens Papenfus was Botha se boodskap vir die ANC duidelik: “Sy [die ANC se] politieke ideologie vir Suid-Afrika was pas in Oos-Europa dood, en die Sowjetunie op sy sterfbed.”⁶⁴


Die ANC was tog met reg bekommerd oor Botha se besoek, want dié nuwe bande het hulle direk geraak. Van die ANC se lede het sekere voordele in Hongarye

geniet – soos gratis huise en motors – maar later in 1990 is Suid-Afrika se nuwe belangenkantoor in Boedapest versoek om Hongarye te oortuig om dié voorregte op te skort, want die ANC was per slot van sake nou 'n vrye organisasie.⁶⁵ Dié belangenkantoor is kort ná Botha se besoek in April 1990 in Boedapest geopen, gevolg deur die opening van die Hongaarse belangenkantoor in Pretoria, asook 'n Hongaarse kommersiële kantoor in Johannesburg in November daardie jaar. Op 24 Julie 1991 kom Hongarye en Suid-Afrika ooreen om volle diplomatieke betrekkinge in te stel,⁶⁶ en in 1992 bring De Klerk 'n amptelike staatsbesoek aan Hongarye.⁶⁷

Pik en die Hongaarse kunstenaar

Pik Botha se besoek aan Hongarye in 1990 was beslis nie sy eerste kontak met Hongare nie. Botha was vanaf 1957 tot 1963 werksaam by Suid-Afrika se diplomatieke kantore in Swede en Duitsland.⁶⁸ Tydens sy verblyf in Swede het die Hongaarse Revolusie duisende mense landuit laat vlug.

Onder dié vlugteling was 'n Hongaarse kunstenaar graaf Ralf (of Ralph) Teleki.⁶⁹ Teleki het in 1957 saam met sy vrou en dogter na Swede gevlug, maar kon geen heenkome vind nie.⁷⁰ Die Sweedse regering het in daardie stadium 'n noodlenigingsprogram op die been gebring om vlugteling te ondersteun, en spesifiek ook buitelandse ambassades en missies versoek om daarby betrokke te raak. Botha en sy vrou, Helena, het daarom besluit om ook 'n vlugtelinggesin in te neem, waarna die Teleki's vir 'n paar maande by die Botha's gaan woon het. Die Suid-Afrikaanse egpaar het Teleki gehelp met die reëlings vir 'n kunsuitstalling in Swede. Om hulle vir hul goedhartigheid te bedank, het Teleki 'n skildery aan die egpaar geskenk.⁷¹



'n Skets van visgerei deur die Hongaarse kunstenaar Ralf (ook Ralph) Teleki. Teleki het in 1957 na Swede gevlug en is kort daarna as kunstenaar by die Nordiska museet in Stockholm aangestel. Dié en verskeie ander Teleki-kunswerke word steeds in dié museum bewaar.

Nelson Mandela-park in Boedapest

In 2022 is 'n park geopen wat strek oor 5 000 m² in die hartjie van Boedapest, net wes van die Donaurivier. Die Nelson Mandela-park is opgerig ter ere van die eerste swart Suid-Afrikaanse president en is volgens mediaberigte die stad se eerste permanente landskapkunswerk.⁷² Die hooftema van die park is versoening en vergifnis, en hoewel die oprigting van die park skynbaar deur sommige Hongare verwelkom is,⁷³ was daar ook teenkanting daarteen.

In een mediaberig oor die opening van die park word daar aangevoer dat talle mense protes aangeteken het teen die beplande park aangesien hulle meen dat Mandela se optrede nie noodwendig positief was nie.⁷⁴ Die teenkanting is voorts soos volg uiteengesit:

He fought against the oppression of blacks, but according to his critics, his actions are overshadowed by the fact that this was followed by an anti-white system of oppression after he came to power.

Nóg 'n berig wat in die konserwatiewe Hongaarse dagblad *Magyar Nemzet* (Afrikaans: *Hongaarse Nasie*) verskyn het, staan baie krities teenoor die besluit om die park na die eertydse Suid-Afrikaanse president te vernoem. Die joernalis Zoltán Felföldi skryf onder meer dat Boedapest se stadsvaders (oftewel “ons kommuniste”, soos hy die stad se regering beskryf) nie verduidelik het waarom dit nodig is om 'n openbare ruimte in die Hongaarse hoofstad na Mandela te vernoem nie. Felföldi vra waarom dit nodig was om dit te vernoem na 'n “antiwit, rassistiese politikus” wat sy veldtog 10 000 km van Hongarye af gevoer het.⁷⁵

Die Hongaarse joernalis Tamás Pihál kritiseer ook die besluit en skryf onder meer dat die onderdrukking van swart mense in Suid-Afrika opgevolg is deur 'n “antiwit heerskappy van terreur” wat wit mense van Suid-Afrika verdag en wegdryf, hoewel dit 'n demokrasie genoem word. Hy voer voorts aan dat aanvalle teen en brutale moorde op wit boere “algemene praktyk” is en dat die Suid-Afrikaanse regering op die punt staan om deur “wettige geweld” op wit mense se grond beslag te lê.⁷⁶

Aantygings van terrorisme en kommunisme is ook deur die kritici en teenstanders van die park gemaak.⁷⁷ In die kommentaarafdeling van een nuusberig oor die beplande opening van die park kritiseer een kommentator die besluit en skryf dat hulle in daardie “Mandela-land” ook die lied “Kill the Boer!” luid en vol vreugde sing, en ook veral boere vermoor.⁷⁸

Hedendaagse verhoudinge

Handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Hongarye

Uitvoere tussen Suid-Afrika en Hongarye het in 2021 'n totaal van US\$371 miljoen beloop, met uitvoere vanuit Hongarye ten bedrae van US\$248 miljoen en uitvoere uit Suid-Afrika US\$123 miljoen.

Die vyf grootste komponente van uitvoere vanuit Hongarye na Suid-Afrika is dié van voertuie (US\$30,2 miljoen), voertuigonderdele en toebehore (US\$26,4 miljoen), rekenaars (US\$9,02 miljoen), keramiekware vir laboratoriums (US\$8,66 miljoen) en onderdele vir kantoormasjinerie (US\$7,55 miljoen). Daarteenoor is Suid-Afrika se grootste uitvoerprodukt na Hongarye (73% van die totale randwaarde van alle Suid-Afrikaanse uitvoere na Hongarye) vragmotors (US\$90,1 miljoen). Leerprodukte (US\$12,2 miljoen), transmissiemasjinerie (US\$4,02) en aluminium (US\$2,82 miljoen) is die grootste bydraers tot Suid-Afrika se uitvoere na Hongarye.⁷⁹

Verhoudinge ten opsigte van onderwys

'n Belangrike wyse waarop verhoudinge tussen Suid-Afrika en Hongarye tans ten opsigte van onderwys gebou word, is deur middel van studiebeurse wat jaarliks aan Suid-Afrikaanse studente beskikbaar gestel word. Die Stipendium Hungaricum-program is in 2013 deur die Hongaarse regering van stapel gestuur en word dus vanjaar reeds vir die elfde opeenvolgende jaar aangebied.⁸⁰ Deur dié program kry studente van oor die wêreld heen – insluitende Suid-Afrika – die geleentheid om aan een van Hongarye se vooraanstaande universiteite te gaan studeer. Vir die 2023/2024- akademiese jaar is beurse aan 100 Suid-Afrikaanse studente beskikbaar gestel. Minstens 40 Suid-Afrikaanse studente het ook vanjaar ingeskryf vir 'n graad in veeartsenykunde aan die Universiteit vir Veeartsenykunde in Boedapest.⁸¹

Kulturele verhoudinge

Kulturele verhoudinge tussen Suid-Afrika en Hongarye word tans op verskeie terreine gebou.

'n Goeie voorbeeld van kulturele verhoudinge tussen Christene in dié twee lande is in 2018 aangeteken toe 'n afvaardiging Afrikanerboere die dorp Ásotthalom in Hongarye besoek het met die doel om politieke en ekonomiese samewerking te bewerkstellig. Die doel van dié besoek was ook om gesprekke te voer oor die verskaffing van 'n veilige hawe vir Afrikaners in Hongarye. Die dorp se burgemeester het aangevoer dat landbougeleenthede ook vir die Afrikaners


ondersoek word. Hy meen voorts dat “duisende Boere [...] ekstreme rassisme, diskriminasie en onhoudbare sekuriteit” ondervind. Hy het geskryf dat hy graag Hongarye as die eerste in die Europese Unie wou sien wat in die toekoms aan Afrikaners ’n veilige hawe bied omdat Afrikaners Europese wortels het en verdrukte Christene is.⁸²

Diplomatieke verhoudinge

Suid-Afrika en Hongarye se diplomatieke verhoudinge is in 1991 hervat. Daar is tans ’n Hongaarse ambassade in Pretoria en ’n Suid-Afrikaanse ambassade in Boedapest. Die Hongaarse ambassade in Suid-Afrika het onder meer ten doel om politieke, handels-, ekonomiese en wetenskaplike verhoudinge met Suid-Afrika te verbeter. Dit het ook ten doel om toerisme en sport tussen die twee lande te bevorder.⁸³

Hongaarse diaspora in Suid-Afrika en die Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging

Die Kőrösi Csoma Sándor-program is ’n inisiatief van die Hongaarse regering wat daarop toegespits is om bande tussen Hongarye en Hongaarse diaspora oor die wêreld heen te versterk.⁸⁴ Dié veldtog poog deur middel van verskeie projekte om Hongare se identiteit te bewaar en kohesie deur middel van Hongaarse klasse en



Hedendaagse verspreiding van Hongaarse diaspora

kultuuraktiwiteite te bewerkstellig. Volgens dié program woon daar tans sowat 4 000 Hongare in Suid-Afrika (sien kaart op bl. 108).⁸⁵

In Suid-Afrika vind talle Hongaarse ekspats en nasate steeds 'n tuiste by die Hungarian Alliance of South Africa (HASA) in Midrand. HASA is in 1957 op die been gebring, kort ná die koms van die nagenoeg 1 300 Hongaarse vlugtelinge na Suid-Afrika.⁸⁶ Die doel van dié organisasie is om⁸⁷

- die Hongaarse taal, waardes en kultuur in Suid-Afrika te bewaar;
- die Hongaarse taal, kultuur en tradisies aan die volgende generasie oor te dra;
- belangrike historiese gebeure in die Hongaarse geskiedenis te gedenk;
- Hongaarse tradisies, en veral ook tradisie ten opsigte van kookkuns, te bewaar;
- 'n sterk Hongaarse gemeenskap in Suid-Afrika te bou;
- die Hungarian Alliance-landgoed te bewaar;
- geleenthede en funksies vir Hongare aan te bied;
- bande met ander Hongaarse gemeenskappe in ander lande te smee; en
- die Hongaarse nasie in Suid-Afrika te verteenwoordig.

Die aktiwiteite van Hongare by HASA is uiteenlopend en die aanbieding van Hongaarse taalklasse is een van die geleenthede waarby sowel Hongare as nie-Hongare betrek word. In die terugvoer oor gratis taalklasse wat deur HASA aangebied word, skryf nie-Hongaarse Suid-Afrikaners met lof oor die Hongaarse Suid-Afrikaanse gemeenskap. Kelly Benczik, een van die vroue wat die klasse bygewoon het, skryf:⁸⁸

I am blown away by the warmth, friendliness and welcoming nature of the Hungarians residing in South Africa. I am proud to be part of the Hungarian Alliance of South Africa.

Benewens die byeenkomste wat by HASA se saal in Midrand aangebied word, bied die vereniging se Facebook-blad waardevolle inligting oor dié gemeenskap se byeenkomste, terwyl nuus oor Hongarye ook daar gedeel word. So byvoorbeeld word 'n Hongaarse Moedersdagete by HASA, inligting oor Suid-Afrikaanse Hongare in die algemeen (soos byvoorbeeld die afsterwe of begrafnis van lede), en byeenkomste van historiese belang vir Hongare op dié blad bemark.⁸⁹

Terwyl HASA toegespits is op Hongare wat in Suid-Afrika woon, is die Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging (HSAV), wat in Junie 2021 op die been gebring is, 'n organisasie wat daarop fokus om wedersydse verhoudinge tussen Hongare en Afrikaners te bevorder.⁹⁰



Stigterslede van die Hongaars-Suider-Afrikaanse Vriendskapsvereniging (HSAV) wat in Junie 2021 gestig is. Agter (v.l.n.r.) is Zoltán Palatinus, Ernst Roets, Werner Human, Zoltán Hamar en András Kiss. Vóór (v.l.n.r.) is Gabor Pozderka, Jaco Kleynhans, Theo de Jager, Piet le Roux en Gabor Papp.

Die HSAV is formeel as 'n vereniging in Hongarye geregistreer en het 'n voltydse kantoor in Boedapest.⁹¹ Hongaarse lede in die HSAV-direksie sluit in:⁹²

- András Kiss, voorsitter van die HSAV en 'n etniese Hongaar wat in Suid-Afrika grootgeword het, maar hom intussen in Hongarye hervestig het
- Zoltán Palatinus, 'n Hongaarse leierskapskonsultant en bedryfsielkundige
- Zoltán Hamar
- Gabor Papp

Verskeie leiers van die Solidariteit Beweging was by die stigting van die HSAV betrokke en dien ook op die direksie daarvan:⁹³

- Jaco Kleynhans, hoof van internasionale skakeling by die Solidariteit Beweging en ondervoorsitter van die HSAV
- Theo de Jager, voorsitter van die Suider-Afrika Agri-inisiatief (Saaï)
- Werner Human, operasionele bestuurder van die Solidariteit Beweging
- Ernst Roets, beleidshoof by die Solidariteit Beweging
- Piet le Roux, uitvoerende hoof van Sakeliga

Volgens Kleynhans het die Solidariteit Beweging se internasionale skakeling met Hongarye ten doel om onder meer kulturele vriendskappe te smee en om probleme waarmee Suid-Afrika te kampe het (soos swak regering, korrupsie en misdaad) aan die internasionale gemeenskap bekend te stel. Hy voer ook aan dat die HSAV goeie samewerking tussen Hongaarse en Afrikanerinstellings wil bewerkstellig en die studiegeleenthede vir studente uit Suid-Afrika wil bevorder.⁹⁴

Volgens Kiss, voorsitter en medestigter van die HSAV, het die eerste skakeling met die oog op die vestiging van vriendskapsbande met Suid-Afrika reeds in 2019 plaasgevind toe hy en 'n paar vennote met die Solidariteit Beweging vergader het.

Kiss se ouers het Hongarye in 1956 tydens die bloedige revolusie verlaat. Hy is kort daarna in Engeland gebore. Die gesin het na Kaapstad verhuis toe Kiss vier jaar oud was. Sy grootwordjare in Suid-Afrika het nie net van hom 'n vaardige spreker van Afrikaans gemaak nie, maar het ook verseker dat dié Hongaar 'n besondere kennis van en liefde vir die Afrikanerkultuur koester.

In 'n onderhoud wat Roets in Mei 2023 met Kiss gevoer het, het Kiss die doelstellings van HSAV benadruk.⁹⁵ Volgens hom het die HSAV ten doel om kulturele betrekkings tussen Afrikaners en Hongare te bevorder en verhoudinge op akademiese vlak uit te brei. Daar is byvoorbeeld reeds 'n samewerkingsooreenkoms onderteken tussen die privaat Afrikaanse onderwysinstelling Akademia en die MATE Hongaarse Universiteit van Landbou en Lewenswetenskappe. Dié ooreenkoms sal onder meer die stigting van 'n landboufakulteit by Akademia fasiliteer. Kiss beskou die HSAV ook as die ideale kanaal vir die uitruil van intellektuele en tegnologiese innovasie en kennis tussen Afrikaners en Hongare.

Wat landbou betref, meen De Jager is daar ook belangrike raakpunte tussen Afrikaners en Hongare. Saai is 'n Suid-Afrikaanse landboubelangenetwerk wat die regte, waardes, ideale en behoeftes van familieboere beskerm⁹⁶ en het reeds bande gesmee met die Hongaarse Kamer vir Landbou, Nemzeti Agrárgazdasági Kamara (NAK). Volgens De Jager is daar onmisbare raakpunte tussen die Afrikaner- en Hongaarse landbougemeenskappe:⁹⁷

Net soos ons [Afrikaners] is hulle landbou hoofsaaklik familiegebaseerd. Dit is gesinne op plase. Daar is nie baie groot plase hier [in Hongarye] nie, maar net soos ons boere, volg hulle ook maar hul eie kop. Jy moenie vir 'n Hongaarse boer voorsê oor hoe hy moet boer [of] waar hy moet boer nie [...] Hulle marsjeer na die maat van hulle eie hartklop.

Balázs Györfly, president van NAK, beklemtoon in 'n onderhoud wat in Mei 2023 met hom gevoer is onder meer dat boere en landbou 'n noodsaaklike deel van die Hongaarse identiteit is. “As jy Hongarye wil verstaan, is dit belangrik om die boere te verstaan. [...] Ons wortels is diep geanker in die grond,” meen Györfly.⁹⁸

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, sluit ten nouste by dié standpunt oor Hongaarse boere aan wanneer hy oor Afrikanerboere skryf:⁹⁹

Die boere is 'n mikrokosmos van die Afrikaner, en wat met hulle gebeur, is tekenend van die groter gebeure. [...] Gaan die “boer” ten gronde, gaan die boere as landbouers ook nie oorleef nie.

De Jager beklemtoon dat die verhouding tussen Afrikaners en Hongare wat deur die HSAV tot stand gekom het reeds vrugte afwerp:¹⁰⁰

Gegewe die toenemende aantal Afrikaanse studente wat elke jaar hierheen [na Hongarye] kom en die toenemende aantal amptelike besoeke van beleidmakers uit Hongarye na Suid-Afrika maak dat hierdie vriendskap hefter word. [...] Hierdie vriendskapsvereniging en beurse is waarskynlik een van die belangrikste internasionale beleggings wat ons as Afrikaners vandag kan maak.

Hongare en Afrikaners: Die verhaal van twee minderheidsgroepe

Die ooreenkomste en verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare is nie net beperk tot Hongare wat in die huidige Hongarye woon nie. Soos die nagenoeg 2,7 miljoen Afrikaners 'n minderheid in Suid-Afrika vorm,¹⁰¹ so is daar tussen 2 miljoen en 2,5 miljoen etniese Hongare wat ook as minderhede in die lande rondom Hongarye woon.¹⁰²

Ons kan twee groepe Hongare onderskei wat buite die huidige Hongarye woon. Die eerste is die sogenaamde Hongaarse diaspora: Dit is Hongare wat buite die Karpatiese Kom woon. Nagenoeg 2,5 miljoen Hongare word as deel van die Hongaarse diaspora bestempel.¹⁰³ Hiervan woon die meerderheid (sowat 1,6 miljoen mense) in die VSA.

Die tweede groep buitelandse Hongare is dié wat buite die hedendaagse grense van Hongarye woon, maar steeds in die gebied van die historiese Hongarye. Soos aan die begin van die boek vermeld, is Hongarye se grondgebied drasties ingeperk na afloop van die Eerste Wêreldoorlog en die ondertekening van die Verdrag van Trianon. Derhalwe het miljoene etniese Hongare hul binne 'n oogwink buite die

grense van hul geboorteland bevind; hulle is skielik gereduseer tot 'n minderheid in 'n nuwe land met 'n nuwe nasionaliteit.¹⁰⁴

'n Omvattende vergelykende studie oor sowel die hantering van minderheidsregte as die kwessies van akkulturasie en assimilasië onder Afrikaners in Suid-Afrika en die buiteland, en Hongaarse minderhede wat in die buurlande van Hongare woon, sal lig kan werp op die huidige stand van sake in dié onderskeie gemeenskappe.

Dit is belangrik om tog oorsigtelik na die saak en die gevare van die ontkenning van minderheidsregte te kyk. In Suid-Afrika sluit die sentralistiese staatkundige bedeling Afrikaners demokraties uit aangesien die lewe van die Afrikanerminderheid op byna elke denkbare wyse deur die meerderheid oorheers word.¹⁰⁵ Dié oorheersing lei onafwendbaar daartoe dat die bes opgeleide deel van die Afrikanerminderheid “emigreer na veiliger en gelyker weivelde”, verduidelik die Afrikanerhistorikus Hermann Giliomee. Hy waarsku voorts dat dié benadering uiteindelik “tot die ondergang van die hele [Afrikaner-]volk kan lei”.¹⁰⁶

Wat Hongaarse minderhede betref, verskil die benadering tot dié minderheids-groepe van land tot land en vereis daarom 'n dieperliggende ondersoek as wat hier gebied kan word. In buurlande soos Slowakye en Roemenië is daar egter in die afgelope paar dekades 'n noemenswaardige daling in die bevolking van dié etniese minderheid aangeteken. In Slowakye het die getal etniese Hongare byvoorbeeld van 1991 tot 2000 met nagenoeg 46 000 gekrimp.¹⁰⁷ Intussen het sensusdata van 2021 in dié land 'n verdere daling getoon in die getal mense wat in Slowakye as Hongaars identifiseer. In die 2011-sensus het dié syfer op 458 467 gestaan, terwyl 2021-data 'n daling van net meer as 2 300 aangeteken het. Boonop het slegs 422 065 Slowake Hongaars as hul eerste nasionaliteit laat aanteken.¹⁰⁸ Die daling in die getal Hongare in Slowakye is hoofsaaklik te wyte aan assimilasië met die Slowaakse bevolking. In Roemenië het die getal etniese Hongare van 1992 tot 2002 met sowat 193 000 afgeneem weens natuurlike bevolkingsinkrimping, migrasië en assimilasië.¹⁰⁹

Hoewel dit nie die doel van hierdie boek is om die kwessie van minderhede omvattend te ondersoek nie, word hier oorsigtelik gewys op twee gevalle waar minderheidsregte van etniese Hongare en Afrikaners ten opsigte van taal onderdruk of misken word.

Volgens VN-resolusie 47/135 oor minderhede wat in 1992 aanvaar is (en wat as die belangrikste dokument oor minderheidsregte geag word), word 'n wye reeks regte aan minderhede toegeken, wat onder meer insluit¹¹⁰

- state se beskerming van die bestaan van minderhede en hul nasionale, etniese, kulturele, geloofs- en linguistiese identiteit;


- die reg om hul eie kultuur te besit, hul eie geloof te bely en te beoefen, en om hul eie taal in openbare en privaat sferes te gebruik;
- die reg om doeltreffend aan die kulturele, geloofs-, maatskaplike, ekonomiese en openbare lewe op 'n nasionale en plaaslike vlak deel te neem;
- die reg om hul eie verbintenisse te vorm en te onderhou;
- die reg om op plaaslike en internasionale vlak vreedsame kontak met ander lede van hul gemeenskap of ander minderheidsgroepe te vorm en te onderhou; en
- die vryheid om sonder enige vorm van diskriminasie hul persoonlike en gemeenskapsregte uit te oefen.

Op grond van dié regte is dit duidelik dat minderhede die reg het om hul etniese, kulturele, geloofs- en linguïstiese identiteit uit te leef. Ten spyte van dié riglyne staan verskeie uitdagings minderhede regoor die wêreld steeds in die gesig. António Guterres, sekretaris-generaal van die VN, het in 2022 aangevoer dat gedwonge assimilasië, vervolging, vooroordeel, diskriminasie, stereotipering, haat en geweld minderhede steeds affekteer.¹¹¹

Hongare wat in die buurlande van Hongarye woon, ondervind onderdrukking van hul minderheidsregte op verskeie vlakke. Die belangrikste hiervan is die onderdrukking van hul taalregte.

Die Hongaarse minderheid in Roemenië

In Roemenië, waar Hongare die grootste minderheidsgroep vorm, is die stryd om gelyke erkenning van Hongaars steeds aan die gang.¹¹² Roemeens word as die enigste amptelike taal in Roemenië erken, ten spyte daarvan dat nagenoeg 1,1 miljoen mense in dié land (oftewel 6% van die Roemeense bevolking, volgens 2021-data) Hongaarse moedertaalsprekers is.¹¹³ Die meerderheid Hongare in Roemenië woon in Transsilvanië, waar etniese Hongare nagenoeg 15% van die plaaslike bevolking uitmaak. In Szecklerland in die noorde van Transsilvanië woon die grootste konsentrasie Hongare. Die 2011-sensus het getoon dat meer as 581 000 inwoners in dié streek (oftewel nagenoeg 72% van mense daar) steeds as Hongare identifiseer.¹¹⁴ Szecklerland is 'n historiese gebied wat in die hedendaagse Roemenië dele van drie provinsies (Harghita, Covasna en Mureş) in beslag neem.¹¹⁵ Volgens die jongste beskikbare sensusdata (vir 2021) vorm Hongare die meerderheid in Harghita en Covasna, waar onderskeidelik 85,7% en 71,8% van die inwoners Hongaars is. In Mureş is 35,6% van inwoners Hongaars.¹¹⁶ (Sien tabel 2 op bl. 115 vir volledige inligting.)



'n Uitsig oor Cluj-Napoca. Dié historiese hoofstad van Transsilvanië was voorheen deel van Hongarye, maar val nou binne die grense van Roemenië. Duisende etniese Hongare woon steeds in dié stad.

Tabel 2: *Hongare woonagtig in Harghita, Covasna en Mureş*

Provinsie (Roemenië)	Totale bevolking ¹¹⁷	Aantal Hongare ¹¹⁸	Persentasie Hongare in provinsiale bevolking ¹¹⁹
Harghita	291 950	250 201	85,7%
Covasna	200 042	143 630	71,8%
Mureş	518 193	184 477	35,6%

László Marác, 'n professor in Europese studies aan die Universiteit van Amsterdam, het die onderdrukking van die Hongaarse minderheid in Roemenië grondig beskryf. Hy voer onder meer aan (my eie vertaling):¹²⁰

Die Hongaarse etniese minderheid [in Roemenië] word eintlik bloot geduld en regte soos taalregte word slegs op individuele basis erken.

Die miskenning van die Hongaarse minderheid se taalregte in Roemenië is onder meer sigbaar in die rigiede inwerkingstelling van die drempelregulasie. Daarvolgens

word dienslewering deur openbare instellings slegs aan nasionale minderhede in hul moedertaal gelewer, mits die gemeenskap minstens 20% van die plaaslike bevolking uitmaak.¹²¹

Die onderdrukking van Afrikaans in Suid-Afrika

Daar is reeds vroeër in hierdie boek op enkele hoogtepunte in die ontstaan en groei van Afrikaans gewys. Hoewel die gebruik van Afrikaans nie net beperk is tot Afrikaners nie (nagenoeg 6,9 miljoen mense het in 2011¹²² aangetoon dat hulle Afrikaans as moedertaal praat, teenoor 2,7 miljoen mense wat as Afrikaners geklassifiseer kan word), vorm dit 'n onlosmaaklike deel van die Afrikanerminderheid se identiteit.



Die onderdrukking van Afrikaans is 'n saak wat oud en jonk raak, en onlangs is die stryd veral teen die verengelsing van universiteite gevoer. Jongmense wat deel van die burgerregteorganisasie AfriForum vorm, het in 2018 hul ontevreidenheid teen die verengelsing van die Universiteit van die Vrystaat gewys met dié duidelike boodskap: “Koeksisters is goedkoop; Afrikaans is nie.”

Ongeag die feit dat Afrikaans, naas Zoeloe en Xhosa, die grootste getal moedertaalsprekers in Suid-Afrika het, het Engels sedert die instelling van die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika in 1994 as 't ware die lingua franca van die land geword.¹²³

Die uitwissing (of minstens die pogings tot uitwissing) van Afrikaans vind reeds nagenoeg drie dekades lank plaas. Die afskaling van die gebruik van Afrikaans in openbare ruimtes is 'n voorbeeld hiervan en vorm volgens kenners deel van 'n groter plan om die Afrikanerminderheid te onderdruk. In 2018 het Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, geskryf.¹²⁴

Ondervinding het geleer dat die afskaffing van Afrikaans 'n ketting van gebeure begin wat eindig met die uitdrying van Afrikaners uit staatsdepartemente, kolleges, universiteite en maatskappye. Hierdie “radikale transformasie” begin net by taal, maar wil eintlik die sprekers bykom.

Buys beklemtoon dat taalinstellings noodsaaklik is vir die oorlewing van 'n taal. Dit is veral die geval vir minderheidstale wat nie 'n eie grondgebied of owerheid het nie.¹²⁵ Hy meen voorts dat die afskaffing van Afrikaans by byvoorbeeld voormalige Afrikaanse universiteite oor veel meer as net die taal gaan.¹²⁶

Dit gaan nie net oor die afgee van Afrikaans nie, maar oor die aftakeling van eiendomsreg, die meerderheidsaandeel in ondernemings, die opgee van die “ongelyke” Westerse vryemarkontwikkeling en die vervanging daarvan met “gelyke”, maar arm Afrika-kommunisme, meerderheidsbeheer oor elke deel van minderhede se lewens.

Beskrywings soos dié maak dit duidelik dat ander aspekte ten opsigte van die beskerming van minderhede benewens die skending van minderhede se taalregte ook in Suid-Afrika in die gedrang kom.

Daar is verskeie raakpunte tussen die beskerming van Hongaarse minderhede in die buurlande van Hongarye en Afrikaners se minderheidsregte, maar dit begin in 'n groot mate by die handhawing van taalregte. Verdere ondersoek na die wyses waarop die onderskeie groepe hul regte opeis, behoort vrugbare inligting aan beide groepe te bied. Aan Hongaarse kant is daar egter by die Hongaarse regering die politieke wil om etniese Hongare in buurlande te ondersteun. Hierdie wil ontbreek in Suid-Afrika. In Hongarye word dit onder meer gedoen deur die staatsekretariaat vir Hongaarse gemeenskappe in die buiteland. In 2022 het Árpád János Potápi, staatsekretaris vir dié portefeulje, gemeen dat dit die Hongaarse regering se verantwoordelikheid is om nie net te sorg vir Hongare wat in die buiteland woon nie, maar om hulle te help om hul nasionale en kulturele identiteit te bewaar.¹²⁷ In teenstelling hiermee betoon die Suid-Afrikaanse regering in vele opsigte net lippediens aan minderhede. Dit word gedemonstreer deur die feit dat die land 12 amptelike tale het, maar dat dienslewering en kommunikasie deur staatsinstellings in groot mate slegs in Engels geskied.

Ferenc Kalmár, 'n voormalige lid van die Nasionale Vergadering van Hongarye en spesiale ministeriële kommissaris vir Hongarye se omstrekebeleidsontwikkeling,¹²⁸ voer aan dat regerings dikwels daarna streef om die minderhede in hul land te laat assimileer. Hy verduidelik dat etniese Hongare wat buite die grense van

die hedendaagse Hongarye woon tans uitdagings ten opsigte van die gebruik van Hongaars en nasionale Hongaarse simbole ondervind. Voorts maak die opvoedkundige stelsels in Hongarye se buurlande waarin etniese Hongaarse minderhede woon dit moeilik om die Hongaarse identiteit onder kinders te help bewaar. Hy verduidelik:¹²⁹

... because 1 000 years cannot be forgotten from one day to the other and our cultural print on these territories is still there.

Afrikaners in Suid-Afrika ondervind op hul beurt die byna gedwonge akkulturasie¹³⁰ wat deur middel van nasiebou aangemoedig word.¹³¹ Anders as etniese Hongare wat kan staatmaak op die Hongaarse regering se bereidwilligheid om die kulturele identiteit van Hongaarse minderhede te help bewaar, is die bewaring van die kulturele identiteit van Afrikaners (sowel plaaslik as in die buiteland) nie 'n prioriteit vir die Suid-Afrikaanse regering nie. J.P. van der Merwe van die Departement Antropologie aan die Universiteit van die Vrystaat sê in sy studie oor die Afrikaners se kultuurbehoud te midde van 'n nasiebouprogram in Suid-Afrika die volgende oor die bewaring van Afrikanerkultuur:¹³²

Die Afrikaner sal naïef en onrealisties wees as hulle hul groot hoop op die regering van die dag plaas, en glo dat dié hulle kultuurerfenis moet oppas, pamperslang en uitbou, wetende dat die Afrikaner maar 'n skamele 7% van die land se totale bevolking uitmaak, en dat daardie 7% se trotse Afrikanergeskiedenis vir die meeste ander Suid-Afrikaners gekontamineer is met apartheid. Die Afrikaners sal gevolglik hul hand in eie boesem moet begin steek as hulle hul kultuur en kultuurerfenisse wil bewaar.

Kalmár beklemtoon dat die bewaring van die kulturele identiteit van minderhede veral aandag vereis. In 'n raamwerk wat hy aan die EU voorgelê het, word vyf basiese beginsels aanbeveel waardeur die bewaring van minderhede se kultuur bewaar kan word. Hy voer aan dat die nakoming van dié beginsels verpligtend en afdwingbaar moet wees. Dié beginsels is soos volg:¹³³

1. Rolspelers moet besef dat minderhede nie 'n plaaslike kwessie is nie, maar 'n internasionale Europese een.
2. Die bewaring van nasionale minderhede behels die beskerming van mense se identiteit, taal en kultuur.
3. Vir die bewaring van nasionale minderhede se kultuur word kollektiewe en individuele regte vereis. (Talle Europese lande aanvaar nie tans die kollektiewe

regte van minderhede nie.)

4. Burgerskap is nie gelykstaande aan nasionale minderheidsidentiteit nie.
5. Minderheidsgroepe moet deur die meerderheid geag en deur die regering as 'n onontbeerlike deel van die land beskou word.

Dié benadering tot minderhede is ook waarna die Hongaarse regering streef ten opsigte van die bewaring van die identiteit van Hongaarse minderhede wat in die historiese Hongarye (dus huidige buurlande van Hongarye) woon.


Aangesien die beskerming van minderheidsregte van veral Afrikaners nie 'n prioriteit vir die Suid-Afrikaanse regering is nie, word 'n belangrike komponent vir die beskerming van die regte van Afrikanerminderhede in Suid-Afrika en die buiteland deur burgerregteorganisasies soos AfriForum en Solidariteit opgeëis. Die Solidariteit Beweging sal dus met groot vrug kan kers opsteek by die Hongare en waarde kan put uit die lesse wat Hongarye reeds geleer het ten opsigte van die bewaring van die kulturele identiteit van Hongaarse minderhede.

HOOFSTUK 7

Enkele bekende Suid-Afrikaanse Hongare


Alois Hugo Nellmapius

Alois Hugo Nellmapius was maar 26 jaar oud toe hy as jong siviele ingenieur in 1873 aan boord van die skip *Nathan* in Suid-Afrika aangekom het. Hy is in 1847 in Boedapest gebore as die seun van 'n Joodse vrou (met die nooiensvan Neumann) en (na bewering) 'n Rooms-Katolieke pa. Benewens die feit dat hy sy naskoolse opleiding in Nederland voltooi het, is daar nie veel oor sy grootwordjare bekend nie. Nellmapius se biograaf, Helga Kaye, meen dit is nie duidelik waarom dié jong Hongaar besluit het om hom in Suid-Afrika te kom vestig nie, maar reken dat die belofte van rykdom uit goud en 'n avontuurlus waarskynlik 'n rol gespeel het.¹



Alois Hugo Nellmapius

Dit is egter die daaropvolgende 20 jaar van Nellmapius se lewe wat veral opspraak verwek het. Nellmapius het uit die staanspoor sy stempel in sy nuwe land afgedruk. Hy is in November 1873 aangestel as vrederegter vir die Lydenburgse goudvelde en dieselfde maand ook as visekonsul vir Portugal.² Vrederegters was geregtelike amptenare “belas met die handhawing van rus en vrede in 'n distrik of wyk” wat sekere regterlike bevoegdhede soos die afneem van eedverklarings en die uitreiking van lasbriewe gehad het.³



Die Transvaalse goudvelde (soos hier aangedui op 'n kaart uit 1903) was die wêreld waarmee die Hongaarse nyweraar Alois Hugo Nellmapius sedert sy aankoms in Suid-Afrika in 1873 kennis gemaak het. Hy is eers as vrederegtter in die Lydenburgse goudvelde aangestel en het later sukses behaal by 'n delwery in Pelgrimsrus. Hy het ook verskeie paaie in die Laeveld uitgelê.

Teen 1874 het Nellmapius sukses behaal met sy delwery by Pelgrimsrus en die jaar daarna 'n vervoerdiens tussen Lorenço Marques en die ZAR-binneland op die been gebring en 'n vervoerkontrak met die ZAR aangegaan. Hy het verskeie paaie in die Laeveld uitgelê, insluitende die Nellmapiuspad (later as die Jock of the Bushveldpad bekend). Hiervoor is Nellmapius met vier plase vergoed, en later het hy nog plase aan die Hennopsrivier aangekoop. Ten tyde van sy dood het Nellmapius 14 plase besit – onder meer Pretoriuskop, wat later by die Nasionale Krugerwildtuin ingelyf is.⁴

Nellmapius was waarskynlik veral bekend vir die nywerhede wat hy in die ZAR gevestig het. Volgens Kaye was Paul Kruger en Piet Joubert beïndruk deur dié Hongaar se moed, versierendheid en ywer.⁵ Nellmapius het boonop die insig gehad om te besef dat die ZAR se armoede die gevolg was van 'n ernstige tekort aan

nywerhede. Danksy die steun en vriendskap van die ZAR is verskeie konsessies aan Nellmapius toegestaan, byvoorbeeld om drank te distilleer, vrugte in te lê en erdewerk te maak, wat in 1881 aan hom toegestaan is.

Die Eerste Vryheidsoorlog was pas verby en die nuwe ZAR-regering het daarna gesmag om die republiek verder ekonomies selfstandig te maak. Die oprigting van 'n fabriek, De Eerste Fabrieken, by Hatherley (oos van Pretoria) het hieruit voortgespruit.⁶ Nellmapius het die konsessie in vennootskap met Samuel Marks en die neefs Barnett en Isaac Lewis geplaas en in Julie 1883 is die fabriek amptelik geopen. Kruger het die fabriek ingehuldig en amptelik De Volkshoop genoem.

Tydens die opening het Nellmapius onder meer verklaar⁷

dat hy trots is om hom sonder voorbehoud 'n Transvaler te noem en dat hy met alle mag sou voortgaan om sy aangenome vaderland in elke opsig, behalwe van God Almagtig, onafhanklik te maak.

In 1881 sluit Nellmapius ook 'n konsessie met die ZAR-regering vir die oprigting van 'n kruutfabriek. Dié konsessie word later aan Lewis en Marks verkoop, wat op hul beurt die eerste kruutfabriek in die ZAR oprig. Later was Nellmapius ook by die oprigting van fabrieke met ystersmeltoonde betrokke; hy het ook mineraalregte in Lydenburg verkry. In 1889 bring hy selfs die koerant *De Pers/The Press* op die been.⁸

In die jaar daarna het Nellmapius sy aandag bestee aan sy liefinglandgoed, Irene. Kruger het dié plaas gereeld besoek en die Switser Arnold Theiler, die latere bekende veearts, het sy eerste pos in Suid-Afrika op dié plaas beklee.⁹

Op 27 Julie 1893 sterf Nellmapius op Irene. Volgens *The Star* is hy kort ná 08:00 oorlede nadat hy 'n week tevore simptome van erisipelas begin toon het. Ná sy dood het vlae in Pretoria halfmas gehang. Volgens Kruger het Nellmapius se afsterwe 'n leemte in die ZAR gelaat, wat nie maklik gevul sou kon word nie. Nagenoeg 2 000 gaste, onder wie byna alle hooggeplaaste amptenare in die regering, asook Volksraadslede en konsuls van België, Nederland en Portugal, het die begrafnis bygewoon.¹⁰

Die woorde van D.M. Wilson, die mynkommissaris van Barberton, oor Nellmapius benadruk die bydrae wat hierdie Hongaar in die ZAR gemaak het:¹¹

No man did more for the Transvaal than Nellmapius, and his death [...] was a genuine calamity for the State.



Ds. Kálmán Papp in sy jong dae



Ds. Kálmán Papp later in sy lewe

Ds. Kálmán Papp

Dr. Kálmán Papp het in 2010 'n doktorsale tesis aan die Universiteit van Pretoria voltooi oor sy oupa ds. Kálmán Papp II, die stamvader van die Papp-familie in Suid-Afrika.¹² Sy tesis bied 'n omvangryke geskiedenis van dié Hongaarse vlugteling se lewe en werk in Hongarye, Nederland en uiteindelik Suid-Afrika. Oor geen ander Hongaarse immigrant na Suid-Afrika is daar al so uitgebreid geskryf of nagevors nie. Hoewel ander immigrante soos byvoorbeeld Alois Hugo Nellmapius in sommige kringe meer bekend is, is Papp vandag nog 'n bekende Hongaarse naam en bekend aan 'n breë gemeenskap, veral in Krugersdorp, waar hy predikant was.

Ds. Papp het op 15 Augustus 2013 in die ouderdom van 89 jaar gesterf en was tot dusver die enigste Hongaars gebore predikant van 'n reformatoriese kerk in Suid-Afrika. Hy is in November 1951 bevestig as leraar van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Krugersdorp, waar hy tot met sy aftrede vier dekades later in 1991 gedien het.¹³

Dié geliefde predikant is op 2 Mei 1924, kort na afloop van die Eerste Wêreldoorlog en die ondertekening van die Verdrag van Trianon, in Mándok gebore. Dié dorpie is in die noordooste van Hongarye naby die grens met Oekraïne, Roemenië en Slowakye.¹⁴



Die Nederduitsch Hervormde Kerk op Krugersdorp, waar ds. Kálmán Papp vir meer as vier dekades lank as predikant gedien het

Ná skool het hy aanvanklik in Hongarye teologie gestudeer. Hoewel dit 'n tyd lank gedurende die Tweede Wêreldoorlog onderbreek is en hy dit daarna 'n ruk lank kon hervat, kon hy en sy kollegas nie hul studies onder die nuwe Hongaarse bedeling voltooi nie. Kerkskole is in daardie stadium verbied en daar is besluit om Papp en sy medeteologiese studente na Nederland te neem. Hy en sy kollegas het Hongarye op 19 Januarie 1947 verlaat – sonder om die kans te kry om hul geliefdes te groet.¹⁵

In Nederland is dié studente, ten spyte daarvan dat hulle eintlik nog een termyn se studie moes voltooi, toegelaat om as doktorsale studente aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in te skryf.¹⁶

Tydens sy verblyf in Nederland ontvang Papp nuus dat die Hongaarse regering na hom op soek is in verband met beweerde oorlogsmisdade. Hoewel dr. Papp nie in sy studie kon bevestig presies waarom sy oupa aangekla is nie, word daar beweer dat 'n vriend – wat moontlik by antiregeringsaksies in Hongarye betrokke geraak en op polisielede geskiet het – Papp in sy vertellings van dié misdaad geïmpliseer het. Die vriend is kort ná die voorval in hegtenis geneem en tereggestel.¹⁷

Pogings het misluk om Papp aan Hongarye uit te lewer, maar hy is wel in absentia deur die Hongaarse Volksgeregshof op aanklag van beweerde oorlogsmisdade verhoor, skuldig bevind en op 6 November 1948 ter dood veroordeel.¹⁸

Sy verblyf in Nederland het nou gevaarlik geword (en volgens dr. Papp 'n verleentheid vir Nederland), en hy is aangemoedig om te emigreer. Suid-Afrika, wat met sy taal, kultuur en kerklike tradisie na aan Nederland en Hongarye geag is, is as die ideale heenkome beskou.¹⁹

Ná meer as twee jaar in Nederland besluit Papp in 1949 om na Suid-Afrika te emigreer en sy studies aan die Universiteit van Pretoria te voltooi. 'n Lang en vrugbare tyd het hierna in Suid-Afrika vir Papp gevolg. Hy het getoon dat hy die kultuur, kerklike tradisie en taal in Suid-Afrika omarm het, onder meer deur sy hulp ten opsigte van taallesse aan die Hongaarse vlugteling wat Suid-Afrika in 1956 en 1957 binnegekom het, sy veertig jaar as leraar van die Hervormde Kerk op Krugersdorp en sy betrokkenheid by Afrikanervolksfeeste.

Dr. Papp se woorde oor sy oupa som die waarde van Papp se lewe in Hongarye en Suid-Afrika uitstekend op. Volgens hom was Papp “altyd baie trots op sy Hongaarse herkoms en agtergrond”, veral aangesien hy uit 'n ryke kerklike tradisie stam, waarin daar oor agt ononderbroke geslagte heen minstens 18 predikante was. Hy en twee van sy seuns het dié tradisie in Suid-Afrika voortgesit. Dr. Papp skryf.²⁰

Tog het hy nie krampagtig aan sy verlede vasgehou of homself ooit verwyt dat hy sy geboorteland verlaat het en 'n nuwe vaderland moes aanneem nie. Hy het nooit daarvan gedroom of daarna gehunker om permanent na Hongarye terug te keer nie. Intendeel, hy het homself baie gou met die lot van die Afrikanervolk vereenselwig en ook 'n trotse Afrikaner geword. [...] Desnieteenstaande het hy die bande met sy geboorteland nooit heeltemal verbreek nie en met groot liefde bly omsien na sy mede-Hongare in Suid-Afrika.

Béla Jenő Cholnoky

Béla Jenő Cholnoky is op 27 Junie 1899 in Boedapest gebore as die seun van die bekende Hongaarse aardrykskundige Jenő Cholnoky en Petronella Barrois du Vigné. Béla Cholnoky het sy skoolopleiding in Cluj-Napoca voltooi en aan die Ferenc József-universiteit in Cluj en die József-universiteit in Boedapest studeer. Hy het uiteindelik in 1924 'n doktorsgraad voltooi, terwyl hy as assistentdosent aan die Ferenc József-universiteit gewerk het. Hy word later 'n saadhandelaar en kweker in diens van die Nederlandse maatskappy N.V. Sluis en Groot's Koninklijke

Zaadteelt en Zaadhandel.

Hy het ook in hierdie tyd 'n navorsingslaboratorium op die been gebring.²¹

Ná die Tweede Wêreldoorlog gaan vestig Cholnoky hom in Wene en in Wes-Duitsland. In 1952 word hy as medeprofessor aan die Universiteit van Pretoria aangestel. Hy word in 1956 as navorser in hidrobiologie aan die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad se Instituut vir Waternavorsing (IW) aangestel.²²

Cholnoky word internasionaal steeds erken as 'n vooraanstaande kenner van algologie (oftewel wierkunde). In die tyd wat hy by die IW werksaam was, het hy studente aangemoedig om studies oor seewier en varswateralge te onderneem. Sy aanmoediging en ondersteuning het verskeie belangrike wetenskaplikes in dié veld opgelewer.²³

Hy het uiteindelik 116 wetenskaplike artikels gepubliseer waarin honderde nuwe klassifikasies gedoen is. In 1968 het sy boek oor die ekologie van kristalwiere, *Die Ökologie der Diatomeen in Binnengewässern*, verskyn.²⁴

Cholnoky is op 5 Februarie 1972 in Pretoria oorlede.²⁵



Béla Jenö Cholnoky as jong seuntjie by sy pa, Jenö Cholnoky, 'n bekende Hongaarse aardrykskundige

Desiderius Pongrácz


Na aanleiding van die Hongaarse Revolusie in 1956 het duisende Hongare landuit gevlug. Soos reeds genoem het 'n aantal Hongaarse vlugtelinge ook 'n heenkome in Suid-Afrika gevind. Een van dié vlugtelinge is later as 'n ikoon van die Suid-Afrikaanse wynbedryf bestempel en wyd vereer vir sy “revolusionêre” benadering



Béla Jenő Cholnoky het reeds in die 1950's uitgebreide studies onderneem oor die watergehalte van die Hartbeespoortdam, wes van Pretoria. Dié dam word as een van die belangrikste in die noorde van die land beskou. Hedendaagse wetenskaplikes heg steeds groot waarde aan Cholnoky se navorsing en bestempel sy navorsing oor die Suid-Afrikaanse ekologie en taksonomie van Suid-Afrikaanse diatome as 'n "onvervangbare fondament" vir moderne werkers in dié veld.

tot veral Suid-Afrikaanse vonkelwyn.²⁷

Die lewe van die vader van die gerekende Pongrácz-vonkelwyn van Stellenbosch, die Hongaarse adellike Desiderius Pongrácz,²⁸ het al die elemente van 'n boeiende verhaal. In 1944 het hy as wynkundige in Boedapest gekwalifiseer, waarna hy in die doodsnikke van die Tweede Wêreldoorlog by die Hongaarse weermag aangesluit het.²⁹ Hy is deur Russiese magte gevange geneem en bykans 'n dekade lank in 'n Siberiese strafkamp aangehou. Hier het hy eers as 'n boswerker en later as mynwerker in die Siberiese kopermyne gewerk.³⁰ Bronne verskil oor hoe Pongrácz se tyd in die strafkamp ten einde geloop het. Sommige meen dat hy daaruit ontsnap het,³¹ terwyl ander aanvoer dat hy vrygelaat is en toegelaat is om na Hongarye terug te keer.³² Laasgenoemde is waarskynlik nader aan die waarheid, aangesien dié inligting deur die Pongrácz-landgoed voorsien is. Hoe dit ook al sy, kort ná Pongrácz se tuiskoms in Hongarye het die 1956-revolusie uitbreek, en met die hulp van 'n kontak in Suidwes-Afrika het Pongrácz uiteindelik in Suid-Afrika aangekom en homself in die Stellenbosch-distrik gevestig.³³



Die Hongaarse wynkundige Desiderius Pongrácz

In Suid-Afrika het Pongrácz eers as 'n plaasbestuurder gewerk voordat hy in 1963 as tegniese assistent by die Nietvoorbij-navorsingsinstituut vir Enologie en Wingerdbou aangestel is. Intussen het hy sy nuwe tuiste én taal omarm. Hy het later 'n meestersgraad in landbou aan die Universiteit Stellenbosch verwerf en het boonop sy verhandeling in Afrikaans ingedien.³⁴

Verskeie wetenskaplike artikels en boeke het uit Pongrácz se pen verskyn. Die belangrikste is *Practical viticulture*, wat die eerste keer in 1978 verskyn het en steeds as 'n waardevolle bron in wingerdbou geag word.³⁵ Pongrácz het voorts ook 'n rol gespeel in die bekendstelling van verskeie druifvariante aan Suid-Afrika, insluitende Chardonnay, Sauvignon Blanc en Pinot Noir.³⁶

Dié ikoon van die Suid-Afrikaanse wynbedryf is in 1984 op 61 jaar in 'n motorongeluk oorlede toe hy op pad was om wyn by 'n vriend af te lewer.³⁷

HOOFSTUK 8

Gevolgtrekking

Afrikaners en Hongare se verhoudinge het sedert die Afrikaners se volksplanting in Suid-Afrika al verskeie fases deurleef. Daar was tye waarin Afrikaners en Hongare as kultuurgemeenskappe dikwels raakpunte in hul geskiedenis geïdentifiseer het en dit dikwels as geleenthede gesien het om mekaar te ondersteun. Die steun wat die Hongare tydens die Anglo-Boereoorlog aan die Boererepublieke gebied het, is maar een so 'n voorbeeld.

Ander kere het die twee state direk teenoor mekaar te staan gekom, soos tydens die Eerste en Tweede Wêreldoorloë. In die tye wat daarop gevolg het, het Hongarye se bande met Afrikaners in die besonder ook wipplank gery: Hoewel Afrikaners hul harte en beursies oopgemaak het vir die Hongaarse vlugteling wat die land binnegekom het, was Hongarye sterk gekant teen Suid-Afrika se apartheidsbeleid en het moeite gedoen om die sogenaamde vryheidsbewegings te ondersteun.

Hoewel hierdie boek merendeels fokus op die verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare as kultuurgemeenskappe, is daar vlugtig gewys op die stand van verhoudinge tussen Hongarye en Suid-Afrika in die jare ná die Koue Oorlog en die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika. Die verbeterde verhoudinge is vandag duidelik sigbaar in die gesonde betrekkinge op die gebiede van onder meer handel, onderwys en kultuur.

Verskeie Hongaarse immigrante na Suid-Afrika het hul stempel op die geskiedenis van hul nuwe vaderland afgedruk. Mense soos Alois Hugo Nellmapius en ds. Kálmán Papp het byvoorbeeld hul kennis na Suid-Afrika gebring en hier ten volle by die Suid-Afrikaanse kultuur ingeskakel. Dié mense is 'n belangrike skakel in die verhoudinge wat vandag nog tussen Afrikaners en Hongare bestaan.

Theo de Jager, uitvoerende voorsitter van Saai en voorheen president van die World Farmers' Association, som die verhoudinge tussen Afrikaners en Hongare treffend op:¹

Daar is nie 'n bloedverwantskap nie. Hulle [die Hongare] is nie ons familie nie. Hulle is nie soos die Hollanders of die Duitsers of die Italianers wat ons kan sê op 'n manier ons neefs is nie. Ons het ook nie 'n vreeslike gedeelde geskiedenis nie [...], maar daar

is tog 'n lotsverbondenheid. Ons is soortgelyke mense. Ons is klein volke, verswelg in 'n see van andersheid. Ander waardes. Ander belange. En dit is juis daardie gedeelde waardesisteem wat maak dat ons goeie vriende is. Ons vind mekaar op grond van enersdenkendheid.

Hierdie boek het daarop gewys dat Hongare en Afrikaners kultureel en histories verskeie raakpunte het, ten spyte van die geografiese afstand tussen die twee groepe. Boonop is dié groepe nie net twee uiteenlopende gemeenskappe met lukrake raakpunte nie, maar gemeenskappe met vriendskapsbande wat in die afgelope paar jaar tot voordeel van albei partye gevestig is.

Die Hongare se geskiedenis hou, soos dié van die Afrikaners, 'n belangrike les in vir die huidige en toekomstige generasies van albei kultuurgemeenskappe. Die bewaring van die erfenis van oënskynlik klein kultuurgroepe is noodsaaklik. In 'n onderhoud wat in Mei 2023 gevoer is met Rod Dreher, die senior redakteur van die tydskrif *The American Conservative*, het hy die broosheid én krag van die Hongaarse kultuurgemeenskap treffend opgesom:²

Hungarians, as a very small nation in central Europe, as a nation with a unique culture and a unique language, are constantly aware of how threatened their cultural identity is. They know they have to defend it.

Miskien is dit juis die grootste gemeenskaplike eienskap tussen die Afrikaner en die Hongaar, naamlik dat albei hierdie klein kultuurgemeenskappe intiem bewus is van die broosheid van hul bestaan. Laastens: Dalk is die belangrikste wekroep vir sowel die Afrikaner- as die Hongaarse gemeenskap opgesluit in dié woorde van Dreher:³

If you don't have a generation – or multiple generations of people – who believe that their culture, their religion, their heritage is worth defending, it will be destroyed. It may not be destroyed by an invader coming in from outside, but it can be destroyed from within.

Twee klein kultuurgemeenskappe “in 'n see van andersheid” kan egter nie net uit die verlede nie, maar ook in die hede by mekaar leer. Die Afrikanerdenker N.P. van Wyk Louw se oproep tot die werk van die kultuurmense stel die taak van kultuurmense (en hier spesifiek dié van sowel Hongare as Afrikaners) kort en duidelik (oorspronklike kursivering):⁴

Die kultuurmense het twee take, albei noodsaaklik: die taak van bouer, en die taak van kritikus van die volk. Teenoor die krisis van die vertwyfeling stel hy sy werk van

opbou en verbreiding van die kultuur; teenoor die krisis van veg-om-die-*blote*-bestaan, stel hy sy werk van kritikus en gésel.

Soos in hierdie boek gesien, het twee groot Hongaarse leiers van die 19de eeu, István Széchenyi en Lajos Kossuth, 'n bou-en-veg-strategie in die hervorming van Hongarye voorgestaan. In Suid-Afrika word dié benadering ook met ywer deur organisasies soos AfriForum en Solidariteit gevolg. Die veg-en-bou-strategie, so nou verweef in die inslag van instellings van die Solidariteit Beweging, is dus – indien die raad van Van Wyk Louw gevolg word – nodig om ook ten opsigte van die bewaring van kultuur toe te sien dat die Afrikaners se kultuur behoue kan bly – én die van kultuurvriende soos Hongare.

Ten spyte van die reuse- geografiese afstand tussen Hongare en Afrikaners en ten spyte van dié twee kultuurgroepe se uiteenlopende geskiedenis, ervarings en kulture, is daar veel meer wat die groepe bind as wat daar met eerste oogopslag mag lyk.

BRONVERWYSINGS

HOOFSTUK 1

- ¹ Mulder, C. 2018. Demografiestudie – Hoeveel gaan ons wees? *Solidariteit Tydskrif* 5. Besikbaar by <https://tydskrif.solidariteit.co.za/demografiestudie-hoeveel-gaan-ons-wees/>. Geraadpleeg op 29 Mei 2023.
 - ² Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: Biography of a people*. Londen: C. Hurst & Co., bl. xix.
 - ³ Davies, R. 2009. *Afrikaners in the New South Africa: Identity politics in a globalised economy*. Londen: Tauris Academic Studies, bl. 7.
 - ⁴ Coetzee, J.H. 1977. Die Afrikaner: Definisie en konsep. In *Koers* 42(3): 146–165 (bl. 153–154). DOI: <https://doi.org/10.4102/koers.v42i3.1205>.
 - ⁵ Buys, F. 2013. *Wie en wat is 'n Afrikaner?* Maroela Media, 3 Junie. Besikbaar by <https://maroelamedia.co.za/debat/meningsvormers/wie-en-wat-is-n-afrikaner/>. Geraadpleeg op 29 Mei 2023.
 - ⁶ Giliomee, H. 2004. *Die Afrikaners: 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg, bl. 41.
 - ⁷ Pienaar, M. 2022. Wat beteken *B(b)oer* in 2022? In *Lexikos* 32(3): 191–214 (bl. 201). Besikbaar by <http://www.scielo.org.za/pdf/lexikos/v32n3pe2/09.pdf>. Geraadpleeg op 30 Mei 2023. Raadpleeg dié studie vir 'n gedetailleerde uiteensetting van die herkoms en hedendaagse gebruik van die begrippe *Boer* en *boer*.
 - ⁸ Smith, A.D. 1991. *National identity*. Londen: Penguin Books, bl. 21.
 - ⁹ Hajnalka, S. 2022. The history of the Hungarian language. *Daily News Hungary*, 30 September. Besikbaar by <https://dailynewshungary.com/the-history-of-the-hungarian-language/>. Geraadpleeg op 30 Mei 2023.
 - ¹⁰ Kovács, Z. 1989. Border changes and their effect on the structure of Hungarian society. In *Political Geography Quarterly* 8(1): 79–86 (bl. 79).
 - ¹¹ Sanford, A. & Magyar, A. 2020. Trianon trauma: Why is the peace treaty signed 100 years ago seen as a national tragedy for Hungary? *Euronews*, 4 Junie. Besikbaar by <https://www.euronews.com/2020/06/04/trianon-trauma-why-is-the-peace-treaty-signed-100-years-ago-seen-as-a-national-tragedy>. Geraadpleeg op 31 Mei 2023. Bevindinge van die Hongaarse Demografienavorsingsinstituut wat in 2015 vrygestel is, toon aan dat sowat 2,4 miljoen tradisioneel etniese Hongare in Roemenië, Slowakye, Serwië en Oekraïne woon.
Sien:
 - Kapitány, B. 2015. Ethnic Hungarians living in the neighbouring countries. In Monostori, J., Öri, P. & Spéder, Z. (reds.). *Demographic portrait of Hungary 2015*. Boedapest: HDRI, bl. 225–239 (bl. 225). Besikbaar by <https://demografia.hu/en/publicationonline/index.php/demographicportrait/article/view/894>. Geraadpleeg op 31 Mei 2023.
 - ¹² Deme, D. 2022. Enabling Hungarian minorities to represent their own interests. *Hungary Today*, 18 Augustus. Besikbaar by <https://hungarytoday.hu/enabling-hungarian-minorities-to-represent-their-own-interests/>. Geraadpleeg op 9 Junie 2023.
 - ¹³ Zemplényi, L. 2022. Hungary and Hungarians – Ethnic minorities in central Europe. *Hungarian Conservative*, 3 Februarie. Besikbaar by https://www.hungarianconservative.com/articles/culture_society/hungary-and-hungarians-ethnic-minorities-in-central-europe/. Geraadpleeg op 31 Mei 2023.
 - ¹⁴ Molnár, M. 2001. *A concise history of Hungary*. Cambridge: Cambridge University Press, bl. 245.
 - ¹⁵ Scholtz, L. 2016. *Kruispaaie: Afrikanerkeuses in die 19de en 20ste eeu*. Pretoria: Kraal Uitgewers, bl. 167.
 - ¹⁶ Giliomee, H. 2018. *Die Afrikaners: Verkorte en aangevulde uitgawe*. Kaapstad: Tafelberg, bl. 237.
 - ¹⁷ Ottlik, G. & Nagy, A.N. 2012. Géza Ottlik was born 100 years ago. *Hungarian Literature Online*, 10 Mei. Besikbaar by https://hlo.hu/portrait/geza_ottlik_was_born_100_years_ago.html. Geraadpleeg op 31 Mei 2023.
 - ¹⁸ Ottlik, G. 1959. *Iskola a határon*. Boedapest: Magvető Könyvkiadó, aangehaal in Orbán, B. 2021. *The Hungarian way of strategy*. Boedapest: MCC Press, bl. 97–98.
